

Uitblinker Franco sê Bok-sege is vir broer

Bl. 14



Oud-Tralie-leier sê oor hulp, genesing

Bl. 4

Krog praat in Bfn oor vroue-slagoffers in ABO

Bl. 6



Volksblad

NETWERK24


NUUS MET MENING

Gestig in 1904

**Maandag** 28 November 2022

## Einde van 'n Grootland





## Vir oulaas in Kenia gekiek

**Dié foto van Lugard, die olifant van Kenia met dalk die swaarste tande in Afrika (en ter wêreld), is 'n week voor sy dood deur Hesté de Klerk (regs), 'n wildlewe-fotograaf van Kroonstad, geneem. Lugard se ivoortande het sowat 45 kg (of 100 pond) elk geweeg. Sy karkas is verlede Maandag aangetref nadat hy vermoedelik drie dae tevore dood is. Lees op bl. 7 die volle verhaal oor De Beer en die ander spanlede se besoek aan Kenia wat net betyds was.** Foto: HESTÉ DE BEER

# Watergraf-pad uiteindelik herstel

**Alet van der Walt**

Tien maande nadat die R30-pad buite Allanridge in die Vrystaat oorstroom het en 35 mense dood en minstens 60 beseer is, gaan die pad nou herstel word.

Vrystaat Landbou verwelkom die aanstelling van kontrakteurs om die pad te herstel, maar meen die regering moes vroeër ingegryp het.

R22 miljoen is bewillig om die stuk pad van 300 m te herstel.

Uys van Heerden, voorsitter van Allanridge se boerevereniging, sê 'n kontrakteur is aangestel om die verkeer by die waterpan te reguleer.

Die kontrakteur moet 'n stop-en-ry-punt oprig om te verhoed dat mense oor die grondpad van 300 m jaag.

Die meeste ongelukke vind plaas wanneer padgebruikers die grondoppervlak by die waterpan tref, beheer oor hul voertuig verloor en in die water beland.

Die probleme met die pad het in Januarie begin toe 'n waterpan oor die pad gestoot het.

Talle voertuie, wat busse insluit, het snags van die pad af gery en in die water beland.

Die pad is in Maart met grond hoër gemaak om te verhoed dat padgebruikers deur die water van twee panne aan weerskante ry.

Altesaam 17 mense is vanaf 15 Februarie tot 29 Maart hier dood, meestal weens verdrinking.

Die Vrystaatse paaiedepartement het die pad ná die vlaag ongelukke gesluit en grondwalle daaroor gestoot om motoriste te keer.

Waarskuwingstekens is gesteel en mense het in die nag in die grondwalle vasgery. Hulle het aangehou om die pad te gebruik omdat die ompaaie haglik is.

Boere wat graan aan die silo's by Allanridge lewer, kon eers nie die pad gebruik nie, wat tot groot ontevredenheid gelei het.

"Die paaiedepartement het ná druk uit die landbougemeenskap die boere toestemming gegee om met hul trekkers en sleepwaens oor die grondwalle te ry ten einde hul produkte af te lewer," sê Van Heerden.



**'n Motor wat in die water beland het langs die R30-pad by Allanridge in die Vrystaat.** Foto: VERSKAF

Hy sê dit is onseker hoe die kontrakteur te werk sal gaan om die pad te herstel omdat die pad nie heeltemal vir verkeer gesluit kan word nie.

Boere in die omgewing sê as die pad gesluit word, gaan padgebruikers die S-86-grondpad moet gebruik om tussen Bothaville en Allanridge te ry. Dié pad word deur boere in stand gehou en is nie geskik vir kleiner motors nie.

Motoriste wat dié pad gebruik om die R30 te vermy, verloor dikwels beheer oor hul voertuie op die grondpad of beskadig hul voertuie.

Kempen Nel, voorsitter van infrastruktuur by VL, sê in 'n mediaverklaring dit is kommerwekkend dat landsburgers se lewe op die spel geplaas word weens burokratiese rompslomp en staatsverval.

Volgens dr. Jack Armour, VL se kommersiële bestuurder, het 500 kontrakteurs vanjaar getender vir werk wat deur die paaiedepartement uitgesit is.

Armour sê elke suksesvolle aansoeker moes persoonlik voor twee komitees verskyn vir goedkeuring. Omslagtige swartbemagtigingsvereistes bemoeilik die proses verder.

VL sou verkies dat die strategies belangrike R30-pad vanaf Virginia tot by Orkney deur Sanral oorgeneem word.

Armour sê Sanral het 'n baie beter werkprestasie om paaie te onderhou as die provinsiale departement van paaie.

### PUBLIKASIE VAN MATRIEKUITSLAE

# Leerders sal moet toestem

## 'Nommer beskerm reeds hul identiteit'

**Seugnet van Zyl**

Die plan van die departement van basiese onderwys om matrieks vanjaar 'n toestemmingsvorm te laat onderteken vir die publisering van hul matriekuitslae kan op 'n logistieke nagmerrie afstuur.

Dit terwyl kenners meen dis in elk geval onnodig omdat die publisering van eksamennommers niemand se identiteit bekend maak nie.

Die departement van basiese onderwys het Donderdag ná vergaderings met die Inligtingsreguleerder 'n vorm aan die sowat 900 000 matrikulante wat vanjaar die eindeksamen aflê, gestuur.

Willie Spies, prokureur van AfriForum, het verlede jaar die departement voor die hooggeregshof in Pretoria gedaag om seker te maak dat die matriekuitslae in die media gepubliseer mag word.

Die departement het toe volgehou dat hy ingevolge die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (Popia) nie die inligting gaan bekend maak nie.

"Verlede jaar het die leerlinge geen toestemmingsvorm onderteken nie. Ons argument was dat toestemming nie nodig is nie omdat die inligting nie aan 'n spesifieke individu gekoppel kan word sonder die betrokke eksamennommer van die leerling nie.

"Die hof het nooit die regsvraag beslis nie. Die departement het besluit om toe te stem tot die bevel dat die uitslae gepubliseer word, maar dat hy vanjaar met die reguleerder oor 'n gepaste proses sou ooreenkom.

> **Ek dink die departement en die Inligtingsreguleerder maak 'n denkfout deur te aanvaar dat die matriekuitslae wat slegs gekoppel is aan 'n eksamennommer en -sentrum private inligting is.**
>
> — Willie Spies, AfriForum

"Ek dink die departement en die Inligtingsreguleerder maak 'n denkfout deur te aanvaar dat die matriekuitslae wat slegs gekoppel is aan 'n eksamennommer en -sentrum private inligting is. Slegs die betrokke leerling ken sy of haar eksamennommer en slegs die betrokke leerling of persone wat deur die leerling van 'n nommer voorsien is, weet wie se uitslae dit is.

"Die praktyk beskerm reeds privaatheid."

Spies is ook skepties oor die verwerking van die vorms.

"Wie gaan die vorms verwerk en sorteer tussen die matrieks wat toestemming gee en dié wat nie toestemming gee nie?"

Volgens dr. Jaco Deacon, uitvoerende hoof van die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole, word matrieks deur hul eksamennommer beskerm.

"Dis (die vorm) soos om 'n belt saam met kruisbande te dra."

Deacon sê egter as die vorm beteken dat daar minder drama met die publisering van die matriekuitslae sal wees, sal dit wonderlik wees. "Reg van keuse het dan geseëvier."

Die Inligtingsreguleerder het die idee van die departement verwelkom om 'n toestemmingsvorm in oorleg met die reguleerder op te stel en uit te stuur.

Die eerste vorm wat in September aan alle matrikulante gestuur is, is later op aandrang van die reguleerder teruggetrek.

Nomzamo Zondi, woordvoerder van die Inligtingsreguleerder, sê daar is bevind dat dit nie aan die Popia-vereistes voldoen nie.

"Dit was nie doel-spesifiek nie en het leerlinge nie die geleentheid gegun om toe te stem of nie toe te stem tot elke gebied wat die verwerking van hul persoonlike inligting vereis nie."

Volgens Zondi het die reguleerder op 12 Januarie vanjaar die eerste keer met die departement vergader oor die publisering van die matriekuitslae.

"Die kardinale punte wat die reguleerder geopper het, was toestemming en voorsorgmaatreëls vir die verwerking van die persoonlike inligting van matrikulante."

Ná nog 'n vergadering met die departement op 17 November is die vorm hersien om leerlinge of bevoegde persone toe te laat om te kies waartoe hulle instem en is hulle ook die geleentheid gegee om daardie toestemming terug te trek.

"Terwyl die reguleerder 'n verpligting het om te verseker dat daar geen onnodige belemmerings tot die vrye vloei van inligting, insluitend persoonlike inligting, is nie, het dit ook 'n plig om te verseker dat sodanige persoonlike inligting verwerk word in ooreenstemming met die voorwaardes vir die wettige verwerking van persoonlike inligting."

Elijah Mhlanga, woordvoerder van die departement van basiese onderwys, het nie op navrae gereageer oor hoeveel matrieks die vorm onderteken het nie.


Adverteer in CENTRAAL24 se publikasies

Bereik jou teikenmark elke week, ten spyte van beurtkrag!

Gee die impak van beurtkrag 'n uitklophou!

Kontak Coleen Cilliers 083 411 1064

Bloem Nuus News · Vrystaat Kroon · Vista · Noordkaap Bulletin · Express


Lucerne
tg:@lucerne_kudos

## NETWERK24
### Die 10 mees gelese berigte van die dag

1. BOK-RAPPORT | SA t. Engeland – watter punt sal jy gee?
2. Bevry uit die stink kamer: Oom Ben is 'n nuwe mens
3. Mooiste matriekafskeidrokke: Hier's SARIE se top-10!
4. Mafia? Als behalwe! sê 'sewende huisvrou'
5. Wêreldrugby bieg: Blasers boor Bokke; Rassie gevra om te help
6. Troubeplanner in die sop: 'Toe kry ons gaste KFC!'
7. Aanlyn skole: Baie kinders gaan druip
8. Skok wag op Walus ná 28 jaar in die tronk
9. VASVRA | WEEK 31 – Toets jou nuuskennis!
10. Sesde-rat-Bokke sluit toer op hoogtepunt af

**HET JY GEWEET?**
As intekenaar op Netwerk24 kry jy volledige toegang tot *Volksblad* se e-koerant wat jy op die skerm kan deurblaai. So kry jy betroubare nuus van 'n landwye verslagspan wat in *Volksblad* vir plaaslike lesers verpak is.

NETWERK 24+ Volksblad

**Aktiveer jou intekening op enige van die volgende maniere:**
087 353 1300 | diens@netwerk24.com
SMS die woord "diens" na **31069** (SMS'e kos R1,50).
www.netwerk24.com/koerant

**LOTTO** [5] [18] [20] [26] [35] [38] + [24]
**LOTTO-PLUS 1** [3] [16] [22] [29] [41] [46] + [44]
**LOTTO-PLUS 2** [4] [11] [21] [23] [33] [35] + [3]

## Kry ons hier

**Skakelbord:**
Bloemfontein: 051-404-7600

**Intekening:**
Intekenare@media24.com
SMS **Volksblad** na 31069 (SMS gratis)

**Nuus (Bloemfontein):**
Tel. 051-404-7878
Faks: 051-447-9198
E-pos: nuus@volksblad.com

**Advertensies en geklassifiseerd:**
Tanya van Niekerk
Tel. 012-485-9048
E-pos: tanya.vanniekerk@media24.com

**Adres:**
Koupis-gebou
Pres. Reitzstraat 107, Westdene, Posbus 267, Bloemfontein, 9300
**Web:** www.netwerk24.com

**Subskripsie-navrae:**
Vir Netwerk24-subskripsie-navrae, kontak gerus die inbelsentrum by 087-353-1300 of stuur 'n e-pos aan: intekenare@media24.com

## Tot jou diens

Volksblad onderskryf die gedragskode van die Suid-Afrikaanse Persombudsman wat vereis dat nuusdekking waar, akkuraat, regverdig en gebalanseerd moet wees. Indien ons na u mening hierin faal, meld dit gerus aan by Gert Coetzee by 051-404-7876 (tussen 10:00 en 17:00). Laat 'n boodskap indien nodig. U kan ook 'n e-pos stuur aan gcoetzee@volksblad.com, of u beswaar faks na 051-447-9198. Die Persombudsman van Suid-Afrika is beskikbaar by 011-484-3618 of ombudsman@presscouncil.org.za

## Outeursreg

Geen berig, artikel of foto in hierdie koerant mag ingevolge artikel 12 (7) van die Wet op Outeursreg, 1987 sonder verlof van Media24 gereproduseer word nie.

**Laat hoor van jou**
briewe@volksblad.com
@volksbladnuus
@volksbladnuus

Netwerk24 en Waarheid Eerste:
### Weet jy van iets wat ons moet ondersoek?

WAARHEID EERSTE

Ondersoekende joernalistiek is een van die hoekstene van ons demokrasie en slegs deur verder en dieper te krap, kan joernaliste uitkom by die groter waarheid - en ook korrupsie en wandade blootlê.

Netwerk24 en Waarheid Eerste, 'n maatskappy sonder winsbejag wat ondersoekende joernalistiek bevorder, gee nou aan vryskutjoernaliste die geleentheid om saam met ons aan dié belangrike taak te werk.

As jy as 'n gewone lid van die publiek weet van 'n groot storie in openbare belang, is dit ook nou jóú kans om die fluitjie te blaas.


Immers, as dit nie was vir die dapper fluitjieblasers en vreeslose joernaliste wat staatskaping ontbloot het nie, sou Suid-Afrikaners nou nog in die duister gewees het oor die plundering.

Die Guptas se konkelry, korrupsie by Bosasa, vergrype met die Estina-suiwelprojek in Vrede en die Passasierspooragentskap (Prasa) het als uiteindelik voor regter Raymond Zondo se kommissie van ondersoek na staatskaping gaan draai.

Ook die Life Esidimeni-tragedie en die dood van 144 weerlose staatspasiënte is deur ondersoekende joernalistiek ontbloot. Dit het onder meer tot 'n geregtelike doodsondersoek in die hooggeregshof gelei.

Het jy 'n voorstel of wenk vir 'n ondersoekende projek?

Stuur 'n e-pos na **ondersoeke@24.com**.



Pres. Cyril Ramaphosa en Fikile Mbalula op 'n vroeëre saamtrek, toe Mbalula nog minister van polisie was. Foto: GALLO IMAGES

AANLOOP NA ANC-KONGRES

# 'G'n rede om met mekaar te baklei'

## Mbalula praat op saamtrek in O-Kaap

**Llewellyn Prince**

Die ANC se nasionale kongres kan nie die rede wees waarom partylede onder mekaar baklei nie.

Dit is volgens Fikile Mbalula, die ANC-verkiesingshoof, wat gister 'n tussenverkiesing-saamtrek in Tarkastad in die Chris Hani-streek in die Oos-Kaap toegespreek het.

Mbalula is verlede week deur ANC-takke benoem om in Desember mee te ding om die pos van sekretaris-generaal van die ANC.

"Soos ons nader aan die Desember-kongres beweeg, moet ons meer verenig en gereed wees om vir die ANC te werk," het hy gesê.

Sy opmerkings volg nadat hy Saterdag in die ANC se Letsema-veldtog saam met pres. Cyril Ramaphosa in Lichtenburg, Noordwes, gesê het enige ANC-lid kan Ramaphosa op die kongres in Desember om die pos van ANC-president uitdaag, maar hulle hoef nie daaroor oorlog te verklaar nie.

Dit was Ramaphosa se eerste openbare verskyning sedert die ANC se verkiesingskomitee in die afgelope week aangekondig het hy het die meeste takbenoemings ontvang om volgende maand vir 'n tweede termyn tot ANC-president verkies te word.

Ramaphosa het 'n beroep om samewerking gedoen om die ANC te herbou, te verenig en te versterk.

Hy het ook Saterdagmiddag in Lichtenburg gepraat op 'n besoek aan die Ditsobotla-munisipaliteit as deel van die Letsema-veldtog.

"Ons gaan op ons komende nasionale konferensie die herbou, hernuwing en versterking van die ANC herbevestig. Dit moet 'n organisasie wees wat julle kan vertrou en wat vir jul belange werk," het hy gesê.

Mbalula, wat as 'n Ramaphosa-lojalis beskou word, het hom sterk uitgespreek teen partylede wat die president wil "isoleer."

"Hoe isoleer jy jou president? Van ons in die organisasie val selfs ons president aan. Selfs ons ergste teenstanders doen dit nie."

Mbalula het nie name genoem nie, maar vroeër is berig Lindiwe Sisulu, minister van toerisme, en Phumulo Masualle, adjunkminister van openbare ondernemings, het gesê Ramaphosa moet weens die Phala Phala-kwessie opsy staan.

Sisulu wil ANC-president wees, maar het nie die party se amptelike benoemingslys, wat verlede Dinsdag deur die ANC-verkiesingskomitee bekend gemaak is, gehaal nie.

Haar en adj.pres. David Mabuza se veldtogspanne het egter aangedui hulle beplan om die ANC se benoemingsproses vir die ses topposte te betwis omdat hulle nie onder die benoemdes was wat die verkiesingskomitee onder leiding van oudpres. Kgalema Motlanthe aangekondig het nie.

Luidens die benoemingslys sal dr. Zweli Mkhize, gewese minister van gesondheid, Ramaphosa se vernaamste teenstander om die ANC se toppos wees.

Intussen het die *Sunday Times* berig Ramaphosa se teenstanders skarrel rond om agter 'n alternatiewe kandidaat vir die pos te verenig nadat ANC-takke Ramaphosa oorweldigend vir 'n tweede termyn benoem het.

Na berig word, hoop die ondersteuners van Mkhize om die ondersteuners van dr. Nkosazana Dlamini-Zuma, minister van samewerkende regering en tradisionele sake, te oorreed om hul gewig eerder agter Mkhize in te gooi.

Dlamini-Zuma het haar beskikbaar gestel om Ramaphosa as ANC-president uit te daag, maar het ook nie die benoemingslys gehaal nie.

Mbalula het voorts in Noordwes aan ANC-lede gesê hy weet "ons is in 'n nasionale kongres-bui".

"Julle moet egter verstaan dat die nasionale kongres nie die eerste of die laaste een sal wees nie. Die ANC sal ná Desember nog sterker voortleef. Die ANC is 'n demokratiese organisasie en niemand word verbied om om die poste mee te ding nie."

Volgens hom moet die uitslag van die nasionale kongres deur almal aanvaar word. "Ons het Ramaphosa in 2017 by Nasrec tot ANC-president verkies, hoewel daar partylede was wat Dlamini-Zuma verkies het. Ons het Ramaphosa egter ondersteun omdat hy ons president is," het Mbalula gesê.

### 'Dinge is besig om te verander'

**Suid-Afrikaners moet "bly hoop" omdat dinge in die land beslis besig is om te verander, het pres. Cyril Ramaphosa Saterdagmiddag in Lichtenburg gesê.**

**Ramaphosa het aan inwoners gesê sy regering fokus tans daarop om korrupsie te beveg.**

**"Korrupsie het wyd in ons land voorgekom. Staatskaping was een van die verskriklike dinge wat ons verswak het. Ons is op 'n verskeie maniere teruggehou deur staatskaping, veral by ons staatsondernemings en sommige staatsdepartemente.**

**"Ons is egter nou daarop gefokus om korrupsie te beveg en om misdaad en geslagsgeweld te verminder. Dit is nasionale programme wat ons onderneem het."**

**Die samewerking tussen die regering, die private sektor en die burgerlike samelewing in die proses om die land te help regruk, is volgens Ramaphosa ook baie belangrik.**

**"Een van die dinge wat ons kon regkry, is om konsensus of 'n maatskaplike pakt te bereik wat ons help om die land saam op plaaslike, provinsiale en nasionale vlak te bou."**

# Taakspan ondersoek bewerings van bedrog

**Marietjie Gericke**

Paul Mashatile, tesourier-generaal van die ANC wat ook waarneem as sekretaris-generaal, het 'n span van vyf lede saamgestel om bewerings van bedrog op algemene ANC-takvergaderings in die Vrystaat en Wes-Kaap te ondersoek.

Die span sal deur Bheki Nkosi, 'n senior ANC-amptenaar, gelei word.

Vergaderings wat in die tydperk van 28 Oktober tot 7 November gehou is, is in die span se visier.

Daar is vrae oor hoekom dié twee provinsies die enigstes is wat nie hul provinsiale konferensies kon hou nie.

Dié inligting is deur Paseka Nomponda, koördineerder van die Vrystaat-ANC se tussentydse provinsiale komitee, bevestig.

"Sodra die ondersoeke afgehandel en 'n verslag by Luthuli-huis ingedien is, sal ons kommentaar kan lewer," het Nompondo, wat die Vrystaatse streekkonferensie in Lejweleputswa bygewoon het, gister gesê.

Volksblad het intussen verneem dat die Vrystaat van plan is om wel van 2 Desember af 'n provinsiale konferensie te hou. Dit is die naweek deur Mxolisi Dukwana, sameroeper van die Vrystaat-ANC se tussentydse provinsiale komitee, bekend gemaak. Dukwana het Saterdag die streekkonferensie in die Imvelo Lodge bygewoon en gister die Lejweleputswa-streekkonferensie.

Taklede van die Vrystaat en Wes-Kaap het formele dispute by provinsiale koördineerders en die kantoor van die sekretaris-generaal ingedien en beweer probleme het opgeduik toe identiteitsdokumente en ANC-lede se lidmaatskapskaarte ingeskandeer is, terwyl van die lede nie teenwoordig was op sekere vergaderings nie met die doel om seker te maak dat daar kworums bestaan.

Dukwana het nie sy foon beantwoord toe hy verskeie kere vir kommentaar hieroor gebel is nie.

Mashatile het geskryf dit ondermyn die pogings van duisende ANC-takke en -lede oor die land heen wat agt weke lank hard gewerk het om te verseker dat hul lede gemobiliseer het, lede bymekaar gekry het en by die regulasies gebly het om vergaderings te hou waarop kworums teenwoordig was in die demokratiese proses van die ANC.

Die takke wat hulle tot die hooggeregshof gewend het om die streekkonferensie weens beweerde bedrog en onafgehandelde takkwessies te probeer keer, dreig nou om die provinsiale konferensie om dieselfde redes deur middel van 'n aansoek om 'n hofbevel stop te sit.



Paul Mashatile

# Verdeelde ANC hou afsonderlik kongres in Bfn

**Marietjie Gericke**

Die ANC in Mangaung het die naweek twee streekkongresse in Bloemfontein gehou.

'n Groep het Vrydagaand met die aanvang van die Mangaung-streekkongres in die Imvelo Safari Lodge weggebreek en wou deur die hooggeregshof 'n bevel kry dat die kongres stopgesit word.

Die aansoek was onsuksesvol omdat daar glo nie voldoende redes aangevoer kon word waarom die Mangaung-streekkongres stopgesit moes word nie en die wegbreek-groep het toe 'n parallelle Mangaung-streekkongres in die President-hotel in Bloemfontein gehou.

Die groep het gesê hulle wil nie Mxolisi Dukwana, sameroeper van die provinsiale tussentydse komitee van die ANC, as Vrystaatse leier hê nie, maar Thabo Manyoni, eertydse uitvoerende burgemeester van die Mangaung-metro.

Die groep het boonop vir Patrick Monyakoane, voorsitter, Monas Ntamo, adjunkvoorsitter, Tonto Selebedi, streeksekretaris, Millicent Motingoe, adjunksekretaris, en Lebohang Masoetsa, streektesourier, tot streekleiers verkies, terwyl die groter groep in die Imvelo Safari Lodge teen gister om 15:00 nog nie hul leiers gekies het nie.

Die DA verwelkom dié "verdeeldheid".

Dr. Roy Jankielsohn, Vrystaatse DA-leier, sê op Facebook die verdeeldheid in die ANC in die Vrystaat maak die pad oop vir 'n sege in die nasionale en provinsiale verkiesings in 2024.

Manyoni het in 'n onderhoud gesê hy het ondersteuning in albei ANC-groepe.

"In 'n vorige ronde het ek en Dukwana 'n ooreenkoms gehad dat ek die Vrystaatse ANC sou lei en dat hy my adjunk sou word, maar toe hy die geleentheid gekry het om die leier te word, het hy dit aanvaar," het Manyoni gesê.

"Hierdie keer sal ek nie weer met hom 'n ooreenkoms sluit nie. As die mense wil hê ek moet eerder die Vrystaatse ANC lei, sal ek dit doen," het hy gesê.

Maar Manyoni het bygevoeg dat dit in die eerste plek daaroor gaan om die verdeeldheid in die ANC uit die weg te ruim en nie oor mense nie.

"As daar 'n ander leier is wat die Vrystaatse ANC kan verenig, is ek bereid om terug te staan," het hy gesê.

Manyoni het gesê Dukwana was nie eerlik met hom nie.

"Op 2 Desember, wanneer die Vrystaatse ANC sy provinsiale kongres hou, gaan ek daar wees met die doel om leier te word en vir Dukwana uit te knikker."

Dukwana sê hy gaan ook om die pos van Vrystaatse leier meeding.

Albei streekkongresse is deur prominente leiers van die ANC se tussentydse provinsiale komitee en nasionale uitvoerende komitee bygewoon.

Maggie Sotyu, adjunkminister van omgewingsake, bosbou en visserye, was 'n verteenwoordiger op die streekkongres in die Imvelo Safari Lodge en Mapaseka Mothibi-Nkoane, adjunkburgemeester van die metro, was op die kongres in die President-hotel 'n voorsanger.

Mothibi-Nkoane het by navraag gesê Mxolisi Siyonzana, Mangaung se uitvoerende burgemeester, was nie op een van die twee streekkongresse teenwoordig nie, terwyl hy die koördineerder van Mangaung se tussentydse streekkomitee was.

Mothibi-Nkoane het in die President-hotel gesê hulle is sowat 100 benoemde afgevaardigdes van takke "en ons is die werklike verkose verteenwoordigers".

"Ons is besig om in groepe strategiese taktiek te bespreek en praat ook oor hoe ekonomiese ontwikkeling in die Mangaung-gebied gestimuleer kan word."


Op die vraag hoekom hulle van die hoofgroep weggebreek het, het sy gesê daar is nog uitstaande dispute en die gevoel was dat die Mangaung-streek nog nie gereed is vir die streekkongres nie omdat onreëlmatighede nog uit die weg geruim moet word.

Volgens haar was hul aansoek om 'n hofbevel onsuksesvol omdat die regter beslis het hul redes was nie voldoende om die Mangaung-streekkongres te laat stopsit nie.

Monyakoane, wat gister in die President-hotel tot voorsitter van die wegbreekgroep verkies is, het bevestig dat die groep hof toe is oor beweerde onreëlmatighede in prosesse en uitstaande dispute.

"Ons wil Dukwana weg hê, want onder hom het ons provinsie ten gronde gegaan," het hy gesê.

Fanie Lelimo, van wyk 28 in Mangaung, het gesê ontslape lede wie se name op ANC-lyste is en verklaarde dispute by takke wat nog onafgehandel is, veroorsaak ook probleme.



**Thabo Manyoni, voormalige uitvoerende burgemeester van Mangaung, sê hy is gereed om die Vrystaatse ANC te lei.**

TWICKENHAM-TOETS

# Evan speel, ‘gebreekte’ rib en al

## Pa en oupa kyk hoe Bok vasbyt


**Hendrik Cronjé**

Evan Roos wou so graag sy kans op Twickenham aangryp dat hy bereid was om deur die pyndrempel te speel van ’n ribbesering wat hy vroeg in Saterdag se toets tussen die Springbokke en Engeland opgedoen het.

Die 22-jarige frisgeboude agtsteman van die Bokke het al teen die vyfde minuut die besering opgedoen.

Die presiese erns van die bering moet nog bepaal word, maar dit word vermoed dat hy vir sowat 56 minute met ’n gebreekte rib vasgebyt het.

Roos het in sy derde toets, sy eerste teen Engeland en op Twickenham, gespeel.



**Evan Roos en sy pa, Erik, ná die Springbokke se oorwinning teen Engeland op Twickenham.**



**Evan Roos word omhels nadat die Springbokke vir Engeland streepsuiker gegee het.**



**Die Springbokke se agtsteman Evan Roos, sy pa, Erik, en oupa, Koos.**

Sy pa, Erik Roos, ouma Marieka en oupa Koos Roos, was in die skare om die spesiale geleentheid by te woon.

Dit was die eerste wedstryd wat sy oupa Koos, wat sowat 30 jaar gelede na Nederland geëmigreer het, van Roos as ’n beroepspeler bygewoon het.

Rob Louw, voormalige Bokflank, het Roos agterna op Twitter vir sy spel op Twickenham geprys.

Louw (@roblouw6) het geskryf: “Ek dink Roos het ’n goeie wedstryd op 8 gehad. @RassieRugby sal tevrede wees met die toer.

“Onthou, ons het gespeel sonder verskeie spelers wat beseer is.”

In spelers soos Roos, Jasper Wiese, Elrigh Louw, Duane Vermeulen, Dan du Preez, Kwagga Smith, Juarno Augustus en Phepsi Buthelezi het Suid-Afrika ongelooflike diepte op agtsteman.

Roos is nie die eerste Springbok wat vanjaar deur die pyndrempel vir sy land bly speel het nie.

André Esterhuizen het vroeër vanjaar in die tweede toets teen Wallis in Bloemfontein, die toets waarin Roos sy buiging vir Suid-Afrika gemaak het, met ’n gebreekte hand gespeel.

Esterhuizen het sy hand in die Bokke se opwarming voor die toets gebreek, maar vir sy land en span vasgebyt.

Faf de Klerk en Siya Kolisi is ook in Saterdag se toets op Twickenham beseer.

De Klerk het die veld in die 72ste minuut met ’n gholfkarretjie verlaat nadat hy behandeling vir onder meer ’n enkelbesering ontvang het.

Kolisi het ’n harde stamp teen die kop weg. Hy het ook 72 minute gespeel.

# Redakteur, omroeper ontvang Kokers

’n Hoofredakteur en omroeper is onder diegene wat deur die Afrikaanse Taalraad vir hul lewenslange bydrae tot Afrikaans vereer is.

Dr. Willem Botha, hoofredakteur van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (*WAT*), en die joernalis en omroeper Mariëtta Kruger van RSG is Vrydagmiddag met Koker-eerbewyse vir hul bydraes vereer.

Botha is vereer vir die groei wat hy by die buro van die *WAT* kon bewerkstellig ondanks toenemende vermindering van staatsfinansiering.

“Met die *WAT* het Botha verseker dat Afrikaans sy regmatige plek naas die ander amptelike tale in Suid-Afrika inneem,” lui ’n verklaring van die Taalraad.



**Mariëtta Kruger**

Kruger is die regisseur en aanbieder van die radionuusprogramme *Monitor* en *Spitstyd* op RSG.

“Sy het haar lewe gewy aan Afrikaans – in die uitsaaiwese, maar ook in haar persoonlike lewe,” sê die taalraad.

Daar is ook drie jeugwenners van Koker-eerbewyse aangewys.

Hulle is Barron Hufkie, ’n aanbieder op kykNET se eNuus en eNCA, Kanja van der Merwe, ’n doktorsgraadstudent en bedryfsbestuurder van die StudentePleinstudenteorganisasie, en Marlie Coetzee, uitvoerende direkteur van die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA).

Hukfie is vereer vir die bewusmaking van die inklusiewe en nierassige aard van Afrikaans op die kampusradiostasie MFM in 2015.

Van der Merwe is vereer vir baanbrekerswerk ter bevordering van Afrikaans.

Coetzee het die eerbewys ontvang vir haar bevordering van die relevansie van Afrikaans internasionaal.

Nog Koker-wenners is Chareldine van der Merwe, projekbestuurder van die Vriende van Afrikaans, wat die Koker-eerbewys vir bemagtiging deur Afrikaans gekry het. Karien Brits het ’n Koker vir die bevordering van Afrikaans ontvang. Danie van Wyk, taalaktivis en voorsitter van die DAK Netwerk, het ’n Koker-eerbewys vir die beskerming van Afrikaans ontvang.

# Darwin-brief met sy naam by kan R20 miljoen haal



**Die brief in Darwin se handskrif met sy volle naam onderaan.** Foto: SOTHEBY’S

’n Brief wat deur die natuurkundige Charles Darwin onderteken is waarin hy sy evolusieteorie verdedig, word vanaf Vrydag by Sotheby’s in New York te koop aangebied.

Die brief sal waarskynlik vir meer as £1 miljoen (nagenoeg R20,7 miljoen) verkoop word – ’n wêreldrekordprys vir ’n Darwin-manuskrip, berig die BBC.

Die brief dateer uit 1865 en is so seldsaam omdat dit ’n skaars voorbeeld van sy volledige handtekening bevat.

Darwin het die brief geskryf in reaksie op ’n versoek van Hermann Kindt, die redakteur van die tydskrif *Autographic Mirror*, met die bedoeling dat dit, volgens Sotheby’s, in New York in druk gereproduseer word, berig *The Times*.

Hy het die brief geskryf met die doel dat dit gekopieer kon word in die tydskrif.

Darwin het nie ’n gewoonte daarvan gemaak om sy papierwerk te argiveer nie en gevolglik het min oorspronklike materiaal behoue gebly.

As dit wel geargiveer is, en as dit onderteken is, is dit amper altyd net met die verkorte “C Darwin” of “Ch Darwin” gedoen.

Dit is baie selde dat hy sy naam volledig en in sy eie handskrif uitgeskryf het.

Die manuskrip sal volgens ArtDependance verkoop word gedurende die Age of Wonder (25 November tot 9 Desember), ’n veiling wat gewy is aan die verkenning van die kruising van wetenskap en kultuur in die 19de eeu.

Saam met die brief sal ander buitengewone werke verkoop word, soos ’n eerste uitgawe van Darwin se *On the Origin of Species* (met ’n geskatte waarde van $300 000 tot $400 000) en die seldsame joernaalartikel “On the Tendency of Species to form Varieties” deur Charles Darwin en Alfred Russel Wallace (wat op $250 000 tot $350 000 gewaardeer word).

Dié artikel was die eerste aankondiging van die Darwin-Wallace-teorie van evolusie deur natuurlike seleksie en het op 20 Augustus 1858 in druk verskyn.

Die veilingshuis sê hy verwag die vorige wêreldrekord vir ’n Darwin-manuskrip, £400 000 (nagenoeg R8 miljoen), sal maklik geklop word.

Oor die brief sê dr. Kalika Sands, ’n kenner by Sotheby’s oor die geskiedenis van 19de-eeuse wetenskap: “Hy het dit op ’n oorgroot vel geskryf. Dit is ongelooflik duidelik gedoen, en hy het sy naam geteken.

“In hierdie gedeelte noem hy natuurlike seleksie, hy noem Newton, en hy bespreek die ruimte vir hoër magte, maar terselfdertyd het hy gesê niks verduidelik hierdie teorieë weg nie. Dit dien regtig as sy definitiewe, of gemagtigde, verklaring oor sy werk.”

# Egpaar van ‘Boer soek ’n vrou’ kondig aan hulle word baba ryker

**Ané van Zyl**

Die egpaar Esmerélda en Johan Lombard (albei 29) van *Boer soek ’n vrou* het gister op Instagram aangekondig dat hulle ouers gaan word.

Die egpaar, wat in Augustus in Clarens getroud is, het ’n foto van ’n babapakkie op Facebook gedeel met drie sonarfoto’s daarby. Hulle het daarop gesinspeel dat hulle ’n seuntjie ryker gaan word.

Voor op die pakkie staan in groen geskryf “hierdie boer soek nie ’n vrou” en agterop “hy soek net sy mamma”.

Die *Boer soek ’n vrou*-logo van ’n windpomp is op die pakkie gedruk.

Op die foto is ’n groen speelgoedtrekker en Esmerélda skryf: “Toekomstige trekkerbestuurder op pad.”

Johan, ’n saai-en-veeboer van Marquard in die Vrystaat, se paaie het eers ná die program met dié van Esmerélda (née Van Wyk) gekruis omdat hulle albei ander mense op die program leer ken het. Sy het vir boer Nelis van die Vaal Marina in Gauteng ingeskryf en hy het haar gekies, maar hul verhouding is kort daarna verbreek.

Esmerélda en Johan het in Junie verloof geraak.

Die gelukwensings het ingestroom ná die aankondiging van hul swangerskap, veral van mense wat saam met hulle op die program was.



**Die foto waarmee Esmerélda en Johan Lombard haar swangerskap aangekondig het.** Foto: INSTAGRAM/ESMERÉLDA LOMBARD



**Esmerélda en Johan Lombard**

Alri Zunckel, wat met boer Tyson Zunckel getroud is, skryf op Instagram: “Ons is baie bly vir julle en sien uit om die lyfie te ontmoet!”

WELKOM YIZANI

VOORMALIGE AANDEELHOUERS VAN WELKOM YIZANI BELEGGINGS (RF) EIENDOMS BEPERK (IN LIKWIDASIE)

KOM KRY JOU GELD

Sommige voormalige aandeelhouers in Welkom Yizani het nog nie hul dividende opgeëis nie. Media24 Beherend (Edms) Bpk, in samewerking met die likwidateur van Welkom Yizani, sien om na die belange van hierdie voormalige aandeelhouers en hou die onopgevraagde dividende namens hulle in veilige bewaring.

“Die geld behoort aan die voormalige aandeelhouers van Welkom Yizani. Ons doen ‘n beroep op hulle om ons te kontak sodat hulle hul geld kan kry. Ons wil in hierdie moeilike ekonomiese tye alles in ons vermoë doen om te verseker hulle kry die geld wat hul wetlik toekom.”

*Prof. Rachel Jafta, Voorsitter van Media24 Beherend (Edms) Bpk*

As jy, of iemand wat jy ken, tussen 2006 en 2021 Welkom Yizani-aandele besit het, en nog nie al jou dividende ontvang het nie, kontak ons asseblief by:

welkomyizani@singularservices.co.za

0860 12 12 24

Alle eise sal deur ’n proses gaan om regmatigheid daarvan te bevestig.

MEDIA24





Dr. Fekile Tsela, ’n nefroloog, en dr. Gisela van Rooyen. Tsela was een van die mense wat haar deur hierdie tydperk gedra het.

# Breinoperasie sonder nagevolge ‘is ’n wonderwerk’

**Cheréne Pienaar**

’n Internis-rumatoloog van Pretoria sê sy het ’n “wonderwerk” beleef toe sy geen van die verwagte nagevolge ervaar het nadat ’n groot gewas uit haar brein verwyder is nie.

Dr. Gisela van Rooyen (38) was hoofmeisie van die Hoërskool Sentraal in 2001 in Bloemfontein en is ’n internis-rumatoloog wat spesialiseer in outo-immuunsiektes by die Mediclinic Midstream in Olifantsfontein, Gauteng.

Sy het geen nadelige gevolge van die operasie ervaar nie en die spesialiste was verstom. Sy is verlede Dinsdag ontslaan ná vier dae in die hospitaal.

Van Rooyen sê 7 November was veronderstel om ’n gewone Maandag te wees. Dit het egter die dag geword waarop ’n reusebreingewas by haar gediagnoseer is.

Sy het onraad vermoed toe sy, as iemand wat selde hoofpyn kry, hoofpyn ontwikkel het.

Van Rooyen, oorspronklik van Hennenman, het dadelik haar man, Pieter, gebel om hom die nuus te gee.

“Hy het gesê ons is gereed vir enige uitdaging.”

Daar was net ’n paar dae om voor te berei vir die operasie.

“Wanneer jy jou eie sterflikheid in die gesig staar, skryf jy briewe met die dinge wat jy vir jou kinders op hul eerste skooldag, troudag of verjaardag wil sê.

“Sulke tye is daar net een vraag: Het jy ’n sterk genoeg vangnet gebou van mense wat daar sal wees vir hulle met sulke spesiale geleenthede. Dit is al wat werklik saak maak.”


Sy het ’n lysie van vyf onthoudinge vir haarself neergeskryf vir wanneer sy ná die operasie wakker word en wat sal wys of haar geheue aangetas is of nie – soos waar haar broer in New York werk, en die geboortedatums van hul kinders.

Die dag voor haar operasie het dr. Jason Labuschagne, haar neurochirurg, hulle gewaarsku dat haar geheue, motoriese funksie, spraak en persoonlikheid weens die operasie in gevaar is.

Haar mense, kollegas ingesluit, het omtrent “laer getrek” met gebed en ondersteuning.

“En toe ek my oë oopmaak en vir my man kon sê ons is oukei, het ek geweet: God is groot.

“Niemand weet wat die toekoms inhou nie, maar my boodskap is, maak seker jy behoort aan ’n *tribe* – een wat ’n muur van beskerming om jou sal bou wanneer jy in die nood is. Maak seker jy het jou mense diep lief.”



’n Skandering van dr. Gisela van Rooyen se skedel wys die breingewas. Foto’s: VERSKAF

# Talle op eilande by Keimoes gestrand

**Linkie Bessinger**

Inwoners van die eilandgebiede in die Oranjerivier by Keimoes sal na verwagting vandag weer in die dorp kan kom nadat hulle meer as ’n week lank gestrand was.

Volksblad het vroeër berig meer as 480 huishoudings in ses eilandgebiede in die Kai !Garib-munisipaliteit is gestrand omdat die Oranjerivier in vloed is.

Dirk Malan, ’n rosyntjie-en-wyndruiweboer en eienaar van die Kalahari-wateravontuurplaas buite Keimoes, sê die rivier het oornag sowat ’n meter en ’n half gesak.

Malan se plaas is sowat 80 km van die Augrabies-val en 20 km van Kanoneiland.

“Dit gee ons hoop dat die rivier vinniger sak, want indien die voorspelde reën in die volgende tien dae uitsak, kan die watervlak weer styg.”

Malan sê omdat die watermeterleser in Upington stukkend is, kry hulle data uit Groblershoop.

Die water het Woensdag daar ’n piek van 6,9 m bereik en teen gisteroggend tot 4,8 m gedaal.

Volgens Malan is die brûe en paaie wat oorspoel het, weer oop en inwoners van die eilande sal teen vanoggend toegang tot die dorp hê.

In dié streek praat hulle van hoogwater en vloed, sê Malan. Die onderskeid tussen die twee is die aantal kubieke meter per sekonde (kumek) waarteen die water vloei.

“Enigiets meer as 4 000 kumek is ’n vloed. In 1974 het die vloedwater teen 8 000 kumek geloop,” sê Malan.

Hoewel heelwat boere skade gely het, sê Malan hy weet nog nie van boere wat oesskade gely het nie.

Inwoners van die eilandgebiede het die naweek kospakkies en drinkwater ontvang.

Ali Sablay, projekbestuurder van Gift of the Givers, sê hulle het die naweek met behulp van ’n helikopter kospakkies en drinkwater aan die meer as 480 huishoudings versprei wat op vyf eilande gestrand is.

Marshall Matthys, burgemeester van die Kai !Garib-munisipaliteit, het Gift of the Givers om hulp genader. Die geraakte gebiede is die George-, Lanklaas-, Meyers-, Sand-, Sandkop- en Plangeni-eiland.

Die meeste inwoners is plaaswerkers wat staatmaak op daaglikse lone en ’n staatstoelae.

“Hulle het dus geen inkomste terwyl hulle gestrand is en nie op die dorp of by die werk kan kom nie,” sê Emily Thomas, Gift of the Givers se woordvoerder in die Noord-Kaap.

Thomas sê die munisipaliteit het die afgelope paar weke telkens gewaarsku oor die rivier wat gaan afkom.

Inwoners is gevra om alternatiewe verblyf te soek, al is dit vir net ’n rukkie.

Vroeër is berig die Oranjerivier het ’n piek van 7,2 m in Upington, neffens Keimoes, bereik.

Sanparke het toe talle voetpaadjies by die Augrabieswaterval vir besoekers se veiligheid gesluit.

Genevieve Maasdorp, woordvoerder van Sanparke in die provinsie, het gister gesê die rivier het gedaal en dat die valle weer oop is vir besoekers.

Die Suid-Afrikaanse Weerdiens in Bloemfontein voorspel ’n nat week in die Noord-Kaap met geïsoleerde donderbuie en storms in veral die oostelike gebiede van die provinsie.



Taakspanne, waaronder die lede van die Noord-Kaapse rampbestuur, polisie, Gift of the Givers en die Kai !Garib-munisipaliteit, beplan hoe hulle die kospakkies by die geraakte gebiede gaan kry. Foto: VERSKAF

## ORANJERIVIER IN VLOED

# Kospakkies ingevlieg



Kospakkies en drinkwater word uit die helikopter gelaai en aan inwoners op die eilande gegee. Foto: VERSKAF



Die Oranjerivier Vrydag by die Augrabies-waterval. Foto: SANPARKE/JEANNE VAN NIEKERK

# Staffie Jan gevind ná ongeluk op Vaaldam

**Dennis Delport**

Die oorskot van Jan, die rooibruin Staffie wat sedert verlede Saterdag gesoek word, is in die Vaalrivier gevind.

Die boot waarop hy saam met ses mense was, is deur die sluise van die Vaaldam getrek. Die mense is almal gered.

Die Healthy Hound Missing Pet Search Team en die Vaal River Rats South Africa het Saterdag op Facebook bevestig dat Jan gevind is.

“Dit is met groot hartseer dat ons die nuus met julle moet deel. Jan is vroeër vandag (Saterdag) deur mense op ’n boot gevind,” het Healthy Hound op Facebook geskryf.

“Ons span het hoog en laag na jou gesoek en ons het geweet dat Jett (’n snuffelhond) jou kon ruik. Ons het net nie geweet waar nie. Maar vandag het jy jouself gewys en vir jou familie berusting gebring.

“Jy was ’n wonderlike en geliefde hond. Jy sal vir altyd in baie van ons se hart wees. Jy sal nie vergeet word nie,” skryf Healthy Hound.


Verskeie mense sê hoewel die rivier aan die bokant van die keerwal daardie Saterdag vol was, was die water ver genoeg van die keerwal nog kalm, berig **Hanti Otto**.

Weens die baie reën moes van die Vaaldam se sluise oopgemaak word. Daarna is van die sluise in die keerwal verder af ook oopgemaak weens die hoeveelheid water wat die rivier ingestroom het.



Jan

## Die weer in Volksblad




**SON & MAAN (Bfn)**

| | |
|---|---|
| 05:09 | 09:27 |
| 18:58 | 23:47 |

**MAANFASES**

| | |
|---|---|
| 23 Des. | 30 Nov. |
| 8 Des. | 16 Des. |

**REISIGERSGIDS**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Mbombela | 16 | 20 | Beaufort-Wes | 14 | 32 |
| eMalahleni | 12 | 21 | Oudtshoorn | 14 | 35 |
| Polokwane | 15 | 22 | Gqeberha | 16 | 24 |
| Musina | 19 | 26 | Makhanda | 13 | 24 |
| Springbok | 20 | 35 | Cradock | 12 | 31 |
| Calvinia | 14 | 35 | Graaff-Reinet | 11 | 32 |
| Sutherland | 9 | 29 | Oos-Londen | 16 | 23 |
| Kaapstad | 18 | 31 | Durban | 19 | 23 |
| George | 13 | 24 | Ladysmith | 14 | 21 |

**BUITELAND**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Los Angeles | 9 | 18 | Wene | 2 | 6 |
| Chicago | -3 | 8 | Rome | 4 | 13 |
| New York | 3 | 12 | Athene | 9 | 13 |
| Washington | 4 | 12 | Jerusalem | 13 | 19 |
| Dublin | 6 | 10 | Bangkok | 23 | 30 |
| Londen | 2 | 11 | Beijing | -2 | 12 |
| Amsterdam | 6 | 9 | Hongkong | 23 | 27 |
| Parys | 5 | 11 | Tokio | 4 | 14 |
| Berlyn | 2 | 5 | Perth | 14 | 29 |

Volksblad

REGSKENNISGEWINGS

Monge Motale – 011-713-9443
Jessica Meintjies – 011-713-9052
Madelein Botha – 011-713-9750
Aurelia Beukes – 011-713-9065
Antoinette Schickerling – 011-713-9446

E-POS

Legals@beeld.com
Legals1@beeld.com
Spertyd:
3 werksdae voor publikasie
Kansellasies:
1 dag voor publikasie om 9:00

VOLKSBLAD GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

Telefoon: 087 353 1316
Epos: olx@beeld.com
Spertyd: 11:00 vir volgende dag verskyning

# ‘Wysig wette oor zama-zamas’

**Llewellyn Prince**

Myngemeenskappe leef deurlopend in vrees vir die onwettige en swaar gewapende myners (zama-zamas) wat hulle dikwels met ernstige misdade teister.

Dit is egter ook duidelik dat die polisie en departement van minerale bronne en energie nie na behore saamwerk om dié krisis daadwerklik te takel nie.

“Dié departemente word aangemoedig om nouer saam te werk in die bekamping van dié misdade om die situasie te verbeter.”

Dit is van LP’s se bevindings in ’n verslag wat hulle opgestel het nadat hulle onlangs toesighoudende besoeke aan onwettige mynbou-brandpunte in Gauteng, Limpopo, Mpumalanga, die Vrystaat en Noordwes gebring het.

Die verslag is Vrydag deur die onderskeie portefeuljekomitees oor minerale bronne en energie, polisie en binnelandse sake aanvaar.

Nosiviwe Mapisa-Nqakula, speaker van die Nasionale Vergadering, het dié drie komitees opdrag gegee om ’n gesamentlike toesighoudende besoek af te lê sodat hulle regstreeks kan ervaar hoe onwettige mynbou-aktiwiteite en die gepaardgaande geweldsmisdade myngemeenskappe raak.

Dit was ná die opspraakwekkende voorval in Julie waarin agt vroue by ’n mynhoop in West Village, Krugersdorp, deur ’n bende zama-zamas verkrag is.

Sahlulele Luzipo, voorsitter van die portefeuljekomitee oor minerale bronne en energie, wat die toesighoudende besoeke gelei het, het Saterdag in ’n verklaring gesê dit is betreurenswaardig dat die aanklagte teen die onwettige myners wat aanvanklik weens die groepverkragting van die vroue in hegtenis geneem is, teruggetrek is.

“Ons hoop dat die terugtrekking van die klagte net ’n strategiese stap is en dat meer werk gedoen gaan word om die oortreders aan die pen te laat ry.”

> **Dié departemente word aangemoedig om nouer saam te werk in die bekamping van dié misdade om die situasie te verbeter.**
>
> — Parlementêre verslag

**Wat sê jy?**
Skryf aan briewe@volksblad.com

In die verslag loof LP’s ook die Vrystaat vir die multidissiplinêre benadering wat gevolg is om zama-zamas te beveg en beveel aan dat dit as maatstaf deur alle provinsies gebruik word in die stryd teen die onwettige mynbedrywighede.

Dit lui verder dat LP’s ook ’n behoefte in geraakte gemeenskappe waargeneem het dat die weermag ontplooi word om onwettige mynbou daar eens en vir altyd stop te sit.

“Die komitees het met kommer waargeneem dat onwettige mynwerkers pilare van ou mynskagte erodeer, wat die lewe van baie mense op die oppervlak van hierdie ou myne in gevaar stel.”

Die verslag lui voorts as die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne nie gewysig word om onwettige mynbou uitdruklik strafbaar te maak nie, sal dit ’n wesenlike tekortkoming wees en polisie-operasies erg beperk.

“Die komitees meen ook dat ander wetgewing om onwettige mynbou te bekamp, gefragmenteer is en nie omvangryke maatreëls bied om dit doeltreffend te beveg nie.

“In die verslag word ook ’n aantal aanbevelings gedoen oor hoe om die probleem te takel. Dit sluit in die dringende wysiging van die verskillende wette oor immigrasie, minerale en petroleumhulpbronne, diamante, edelmetale, gevaarlike stowwe en doeane en aksyns.”

# Vermeende verkragter praktiseer glo onwettig as arts in SA

**Alet van der Walt**

'n Buitelander wat as dokter by 'n mediese praktyk in Kimberley gewerk het en moontlik 'n tiener verkrag het, is volgens die nasionale vervolgingsgesag (NVG) nie 'n geregistreerde dokter in Suid-Afrika nie en onwettig in die land.

"Die NVG het twee klagte by die klagstaat gevoeg nadat Ilunga Kalasa (38) erken het dat hy nie in Suid-Afrika as dokter geregistreer is nie," sê Mojalefa Senokoatsane, woordvoerder van die NVG in die Noord-Kaap.

Kalasa het Donderdag in die streekhof in Kimberley verskyn en bly in aanhouding.

Hy word nou van seksuele aanranding, verkragting, oortredings van die Wet op Immigrasie en 'n oortreding van die Wet op Gesondheid aangekla.

Kalasa, 'n burger van die Demokratiese Republiek van die Kongo, het as assistent-dokter by die praktyk van dr. S.M. Nhlapo in die Tshwaragano-township gewerk.

Die Suid-Afrikaanse Raad vir Gesondheidsberoepe (HPCSA) het bevestig Kalasa is nie by hom as gesondheidswerker geregistreer nie.

Hy word daarvan aangekla dat hy 'n 17-jarige meisie verkrag het en 'n 25-jarige vrou in April vanjaar seksueel aangerand het toe hulle by hom was vir mediese behandeling.

Kalasa is in September in hegtenis geneem nadat hy die 17-jarige op 15 Augustus ondersoek en glo verkrag het.

Die tiener, wie se ma dood is, is deur haar pa na die kliniek geneem en Kalasa het glo vir die pa gesê hy mag nie tydens die konsultasie teenwoordig wees nie.

Kalasa het na bewering aan die meisie gesê hy wil met haar trou wanneer sy 20 jaar oud is en haar aangesê om al haar klere uit te trek.

Hy het haar verkrag en beveel om nie daaroor te praat nie.

Die meisie het op 16 Augustus aan 'n familielid gesê dat sy verkrag is, waarna klagte ingedien is.

Die staat het in September tydens Kalasa se borgtogaansoek gesê 'n 17-jarige meisie het in 2021 'n soortgelyke klag teen Kalasa ingedien, maar sy het dit teruggetrek omdat sy te getraumatiseer was.

Senokoatsane sê Kalasa moet weer op 10 Januarie in die hof verskyn.

**Wat sê jy?**
**Skryf aan briewe@volksblad.com**



**Mada Basson Saterdag op Pieter Swanepoel se Harley-Davidson.** Foto's: VERSKAF

# Motorfiets-droom op 90 waar

**Kaydene Davids**

'n Bloemfonteiner se jare lange droom is die naweek bewaarheid toe sy op haar 90ste verjaardag op 'n motorfiets gery het.

Mada Basson (90) kon haar oë nie Saterdagoggend glo toe Pieter Venter en Pieter Swanepoel op hul Harley-Davidson-motorfietse voor haar dogter Renée Jonker se huis in Langenhovenpark stilhou nie.

Hulle het haar en haar skoonseun Pieter Burger op 'n plesierrit na die Greensidekwekery daar naby geneem.

Hier het sy saam met haar kinders, wat van heinde en ver, tot Stilbaai, Johannesburg en Kanada gereis het, die mylpaal gevier. Hulle is tot tussen die tafels geneem waar hulle saam met die res van die familie ontbyt geniet het.

"Oe, my hare," was Basson, destydse voorsitter van die Maria van Riebeeck-klub, se reaksie toe sy die valhelm opsit.

Sy het haar heup sowat vyf weke gelede gebreek en loop met 'n looprraam, maar het die rit van sowat tien minute terdeë geniet. Hoewel sy nie bang was nie, was sy wel verlig om in Jonker se motor huiswaarts te keer.



**Mada Basson (voor) Saterdag saam met haar kinders, Renée Jonker, Madine Scheeres, Edell Burger en Henriek de Wet.**

Volgens Jonker, 'n afgetrede assistentmatrone by die Life Rosepark-hospitaal in die stad, het haar ma nog altyd gesê as sy 90 word, wil sy op 'n motorfiets ry.

"Sy kon haar oë nie glo nie. Sy het die rit vreeslik geniet."

Basson het die res van haar verjaardag saam met haar kinders – Jonker, Madine Scheeres van Kanada, Edell Burger van Stilbaai en Henriek de Wet van Johannesburg – deurgebring.

Basson is die dogter van dr. Willie Knobel, wat pres. Blackie Swart se huisdokter was, en suster van dr. Niël Knobel, voormalige geneesheer-generaal van die weermag.

Sy was getroud met dr. Hennie de Wet, voormalige president van die Vereniging van Plastiese Chirurge van Suid-Afrika. De Wet is in die 1990's oorlede waarna Basson met Faure Basson getroud is. Hy is in 2020 oorlede.

Basson het ook 'n boek oor die 50ste bestaansjaar van die Maria van Riebeeck-klub geskryf.

GRONDKWESSIE

# Kommunale boere 'moet grond besit'

## Titelaktes sal hulle bemagtig, hoor NRP

**Marietjie Gericke**



**Dr. Roy Jankielsohn praat in die Nasionale Raad van Provinsies oor die Suid-Afrikaanse grondkwessies.**

Suid-Afrikaners moet eerder grondeienaars gemaak word as om grond sonder vergoeding te onteien, sê dr. Roy Jankielsohn, Vrystaatse DA-leier en lid van die provinsiale wetgewer, wat 'n debat oor die grondkwessie in die Nasionale Raad van Provinsies (NRP) in Kaapstad gelei het.

Jankielsohn is gevra om die debat te lei omdat hy 'n doktorale studie oor die grondkwessie aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom-kampus gedoen het. Dit het oor transformasie in grondeienaarskap in Suid-Afrika gehandel.

Jankielsohn sê van die belangrikste mense is diegene wat op gemeenskaplike (kommunale) grond boer wat onder die beheer van tradisionele instellings is.

"Hierdie boere moet bemagtig word met titelaktes op die grond waarop hulle werk. Die ANC en EFF wil Suid-Afrikaners egter as politieke en ekonomiese slawe op grond aanhou wat hulle al jare bewerk en op bly eerder as om hulle deur titelaktes ekonomies te bevry en te bemagtig."

Die DA se voorstelle sluit in dat die grond opgemeet moet word en dat mense wat al jare daarop bly, titelaktes moet kry vir die grond sodat hulle doeltreffend kan begin boer.

"So kan hulle produksielenings as grondeienaars kry en dan kan hulle kommersieel boer."

Die tweede belangrike aspek is die ANC se voorstelle rakende grondonteiening sonder vergoeding. Hy het na Venezuela en Zimbabwe verwys as voorbeelde van waar die nasionalisering van grond deur onteiening sonder vergoeding tot grootskaalse armoede en voedselonsekerheid gelei het.

"In Venezuela het die ekonomie in duie gestort weens nasionalisering, wat onteiening sonder vergoeding insluit, en dit het tot hongersnood gelei.

"In 2017 het meer as 'n driekwart van die inwoners gemiddeld 12,5 kg verloor weens voedselonsekerheid. 61% van die bevolking het dikwels saans honger gaan slaap."

Dieselfde beleide het in Zimbabwe gelei tot die ineenstorting van die ekonomie en geldeenheid, werkloosheid van 90% en hongersnood.

"Die baie vlugtelinge van Zimbabwe in Suid-Afrika is 'n lewende getuienis hiervan."

Alle ekonomiese en politieke kenners sê wanneer 'n regering die mag kry om eiendom sonder vergoeding te onteien, lei dit tot ekonomiese onsekerheid en ander bedreigings.

Internasionale beleggers wil nie in 'n land belê waar hul eiendomsregte nie verseker is nie en waar hul beleggings bedreig word omdat dit vervreem en genasionaliseer kan word.

Nog meer kapitaal vloei dus landuit. Weens disinvestering en die onsekerheid wat hierdie beleide skep, verloor al hoe meer mense hul werk

Dit lei ook tot 'n onwilligheid om in die landbou te belê en onsekerheid by banke wat verbande op grond hou.

Die landbou-ekonoom Wandile Sihlobo sê landbouskuld het in 2019 reeds R187 miljard beloop, volgens BusinessTech.

Jankielsohn sê erkenning moet aan die hoëvlakpanele gegee word wat tot die gevolgtrekking gekom het dat die mislukking van grondhervorming in Suid-Afrika die gevolg van onder meer korrupsie, die kanalisering van hulpbronne na die elite en die gebrek aan ondersteuning vir die begunstigdes van grondhervorming is.

"As 'n Vrystater kan ek getuig van die Vrede-suiwelprojek. Dit was deurspek met korrupsie en die regmatige begunstigdes is nege jaar lank opsy gestoot en ervaar nou 'n gebrek aan die ondersteuning wat nodig is vir hulle om suksesvol te wees."

# FAK nooi mense na rivierplaas by Parys

**Alet van der Walt**



**Die FAK sê mense kan langs die Vaalrivier in een van die ossewaens uitspan om die natuurskoon op die rivierplaas te geniet en 'n blik te kry op hoe die pioniers gedurende die Groot Trek geleef het.**

Mense wat lus het vir 'n unieke buitelugervaring kan hierdie Desember by die FAK se Udolpho-rivierplaas buite Parys kom oorbly.

Die FAK sê sy vakansieplaas is ideaal vir mense wat op pad is met vakansie omdat dit naby die N1 geleë is. Mense wat nie vanjaar ver wil reis nie, kan ook 'n paar dae op die plaas deurbring om die plaaslewe teen die Vaalrivier te geniet.

Die kultuurorganisasie sê daar is meer as genoeg om kinders deur die dag besig te hou en heelwat aktiwiteite word ook vir Oujaarsdag beplan. Daar is 'n groot swembad, staproetes, hengelplekke en 'n minigholfbaan op die plaas. Mense kan ook leer kettie skiet en daar kan teen die rivieroewer piekniek gehou word.

Verskeie selfsorgoornaggeriewe, wat wissel van pragtige oewerhuise, chalets, staanplek vir woonwaens en tente en twee nuwe en gewilde ossewakampe, is op die plaas beskikbaar.

Die twee ossewakampe is op Erfenisdag ingewy nadat dit voorheen buite Clarens op 'n plaas vir besoekers gebruik is. Van die ossewaens waarin mense kan oornag, dateer uit die tydperk van voor die Anglo-Boereoorlog.

Die plaas bied ook heelwat interessanthede vir liefhebbers van oudhede in die Ouma se huis-museum waar kosbaarhede te sien is wat nie meer deesdae gebruik word nie. Baie van die artikels in die museum is deur die gemeenskap geskenk en bied aan die jonger geslag 'n blik op die huisware van weleer wat 'n mens nie deesdae meer sien nie.

Artefakte uit die J.G. Strijdom-museum word ook by Udolpho uitgestal. Strijdom was van 1954 tot 1958 eerste minister van die destydse Unie van Suid-Afrika. Die J.G. Strijdom-museum in Modimole het tot niet gegaan en die inhoud daarvan is na Udolpho verskuif.

Jan-Danie Malan, die FAK in die Vrystaat se kultuurorganiseerder, wat ook op die plaas woon, kan besoekers meer vertel van interessante geskiedkundige gebeurtenisse wat in die Parys-omgewing plaasgevind het.

Die koppie waar die Liebenberg-trek uitgemoor is, is naby die plaas en mense kan Parys, die Vredefortkoepel en ander interessante plekke besoek.

# Polisie vra Bloemfonteiners se hulp ná moord op gr. 11-leerling

Die polisie vra die publiek om met inligting na vore te kom wat kan help om die skuldiges in die moord op 'n Bloemfonteinse leerling vas te trek.

Thato Matlakala (20), 'n gr. 11-leerling aan die Kaelang Secondary School in Rocklands, is verlede week dood nadat 'n groep mans hom en sy vriende glo aangeval het en hy verskeie kere gesteek is.

Die voorval het Dinsdag om 12:50 in die JB Mafora-woonbuurt gebeur toe hulle van 'n winkel af terugstap, sê sers. Ikobeng Hlubi, polisiewoordvoerder.

Volgens haar het 'n groep jong mans, wat almal gevaarlike wapens gehad het, hulle glo aangeval. Die motief vir die aanval is onbekend.

Matlakala en sy vriende het gevlug, maar hy het gestruikel en geval en is verskeie kere gesteek. Hy is met 'n private voertuig hospitaal toe geneem, waar hy dood verklaar is.

Die Vrystaatse onderwysdepartement het die voorval in 'n verklaring veroordeel en sy medelye met Matlakala se familie en die skoolgemeenskap betuig.

Die departement sê die skool sal die nodige steun en berading ontvang.

Volgens die departement was dit vermoedelik 'n bendeverwante voorval en hy pleit by gemeenskappe om nie skole te ontwrig nie omdat die matrieks eksamen skryf.

Enigiemand met inligting oor die voorval kan lt.kol. Mahlomola Kibinye by 082 465 5945 bel of die Stop Misdaad-nommer 08600 10111 skakel.



**Thato Matlakala** Foto: FACEBOOK/ THATO KAONE TEEDO

# Vroue skryf aan Cyril om geweld teen vroue en kinders te beveg

Die vroue-organisasie 1 000 Women Trust wil poskaarte en briewe aflewer wat verskeie aktivistegroepe oor die land heen, wat saam met hulle teen die geweld teen vroue staan, aan pres. Cyril Ramaphosa geskryf het.

Dit sal hand aan hand loop met die 16 dae van aktivisme teen geweld teen vroue en kinders wat van 29 November tot 10 Desember plaasvind.

Emily O'Ryan, wat betrokke is by die 1 000 Women Trust en uitvoerende hoof van die nie-regeringsorganisasie (NRO) Post to Parliament is, sê hulle wil al die briewe en poskaarte teen 10 Desember aan die presidensie in Pretoria oorhandig.

Tina Thiart, direkteur van 1000 Women Trust, sê deur dié proses wil hulle 'n netwerk van nie-regeringsorganisasies, wat fokus op geslagsgeweld, mobiliseer om te dink aan praktiese maniere waarop hulle met die polisie, die departement van maatskaplike ontwikkeling, howe en maatskaplike werkers kan saamwerk om dienslewering aan vroue en kinders te verbeter.

Thiart sê hulle wil hul vaardighede, kennis en kundigheid aan die president aanbied om die lewe van slagoffers te verander en almal vir vroue en kinders se veiligheid verantwoordbaar te hou.

"Ons as NRO's wil praktiese stappe doen om geslagsgeweld te beveg," sê Thiart.

"Tydens die inperking het die 1000 Women Trust 7 000 vroue opgelei om trauma-ondersteuning te verskaf. Ons het ook 2 000 mense as lewensafrigters teen geslagsgeweld opgelei, en ook met 189 NGO's in elke provinsie geskakel om die pandemie van geslagsgeweld die hoof te probeer bied," het Thiart bygevoeg.

■ Mense wat briewe wil skryf en dit aan die organisasie wil stuur, kan dit doen op hul webwerf: www.1000women.co.za.

Thiart kan ook by 073 207 9079 gekontak word.

# ‘Eskom wil 7 steenkool-kragstasies oor 10 jaar sluit’

**Llewellyn Prince**

Eskom beplan om ten spyte van die voortslepende energie- en beurtkragkrisis in Suid-Afrika tot sewe steenkoolaangedrewe kragstasies oor die volgende tien jaar buite diens te stel.

Pravin Gordhan, minister van openbare ondernemings, sê dít in ’n parlementêre antwoord en voeg by dat van dié kragstasies vir hernubare energie-opwekking heraangewend sal word.

Dit nadat Mgcini Tshwaku, ’n EFF-LP, by hom wou weet of Eskom, ná die uitdiensstelling van die Komati-kragstasie, ook planne het om ander kragstasies te sluit én hoe die kragopwekkingskapasiteit vervang sal word wat gevolglik verlore sal gaan.

Volgens Gordhan beplan Eskom om oor die volgende tien jaar, tot die einde van 2032, sewe steelkoolaangedrewe kragstasies, Komati ingesluit, buite diens te stel én om sommige eenhede by twee ander kragstasies af te skakel.

“Eskom het egter tans nie planne om hierdie kragstasies ten volle te sluit nie in ooreenstemming met planne om dit te hergebruik ter ondersteuning van die regverdige energie-oorgang.”

So beplan Eskom om 150 MW-sonkrag, 600 MWh battery-energieberging en 70 MW-windkrag by te voeg om die afskakelingskapasiteit van Komati te vervang.

Dit word ook nie verwag dat elke steenkoolkragstasie wat gesluit sal word ten volle vir hernubare energie heraangewend sal word nie.

Intussen wou Nontando Nolutshungu, nog ’n EFF-LP, in ’n ander parlementêre vraag ook by Gordhan weet watter tasbare stappe gedoen is om beurtkrag te beëindig. Dit is in die lig van pres. Cyril Ramaphosa se versekering vroeër vanjaar dat dit beëindig sal word, “maar dat die land ten spyte daarvan in fase 6-beurtkrag in die naweek van 10 September gedompel was”.

Volgens Gordhan is beurtkrag ’n laaste uitweg om die kragnetwerk teen ’n algehele ineenstorting te beskerm wat duur vir die land sal wees. “Die hoofredes vir die onvermoë om in die vraag te voorsien, is ’n nasionale kapasiteitstekort van tussen 4 000 en 6 000 MW en die beskikbaarheid van Eskom se opwekkingsvloot wat benede aspirasie is.”

Gordhan meen die kragkrisis kan toegeskryf word aan die destydse “laat besluit” om Eskom toe te laat om nuwe kapasiteit te bou en baie jare se minder-as-ideale betroubaarheid en sub-koste-reflektiewe tariewe wat daartoe gelei het dat kragstasies vir meer as ’n dekade oorwerk was.


Pravin Gordhan

### So wil kragreus beurtkrag takel:

Pravin Gordhan, minister van openbare ondernemings, sê Eskom kyk na bedryfsherwinning en kapasiteitsverhoging om die beskikbaarheid van sy opwekkingsvloot te hanteer. Dit sluit in:

- om die oorblywende twee eenhede by Kusile-kragstasie aanlyn te bring en die terugkeer van Medupi se eenheid 4 te bespoedig;
- die inwerkingstelling van betroubare instandhouding deur te fokus op gehalte, werwing van ervare personeel en die gebruik van oorspronklike toerustingvervaardigers;
- doeltreffende hantering van Eskom-skuld om vereiste beleggings moontlik te maak;
- gebruik van klimaatfinansiering om te belê in heraanwending van kragstasies wat uit diens gestel moet word;
- gekoördineerde pogings met wetstoepassingsowerhede om sabotasie, diefstal en bedrog by die kragstasies te hanteer;
- fokus op ses prioriteit-kragstasies, naamlik Duvha, Kendal, Kusile, Majuba, Matla en Tutuka waar die maksimum voordeel deur verbeterde prestasie behaal kan word; en
- die inwerkingstelling van die presidensiële energie-aksieplan om aandag aan die elektrisiteitskrisis in die land te gee.

ZUMA EN SHAIK KUIER SAAM

# ‘Klap in gesig van Suid-Afrikaners’

## Zille en AfriForum kritiseer optrede

**Dennis Delport**

Die optrede van oudpres. Jacob Zuma en Schabir Shaik is ’n klap in die gesig van Suid-Afrikaners, sê Helen Zille, voorsitter van die DA se federale raad.

“Hulle lag vir die regstelsel.”

Haar kommentaar volg nadat Duduzile Zuma-Sambudla, Zuma se dogter, onlangs ’n video op sosiale media geplaas het waarin Zuma en Shaik saam by die nuwe Zuma-restaurant in Umhlanga, KwaZulu-Natal, kuier. Die restaurant behoort nie aan hom nie en is nie na hom genoem nie.

Zuma en Shaik is albei op mediese parool vrygelaat nadat hulle “terminaal siek” verklaar is.

“Dis ’n klap in die gesig van Suid-Afrikaners. Hulle lag vir die regstelsel en het geen respek vir die Grondwet nie,” het Zille gister aan Volksblad gesê.

Ook AfriForum het sy kommer oor die ontmoeting uitgespreek.

“Dis kommerwekkend, want Zuma is vrygelaat omdat hy terminaal siek is. Het hy nou skielik herstel? Dit dui op ernstige probleme in die departement van korrektiewe dienste en wys dat politici voorkeurbehandeling kry,” sê Reiner Duvenage, veldtogbeampte vir strategie en inhoud van AfriForum.

Hy sê Shaik is lank gelede op mediese parool vrygelaat, maar daar is steeds vrae daaroor.

Shaik is in 2005 gevonnis weens korrupsie in verband met die wapenskandaal en is 12 jaar gelede mediese parool toegestaan. Hy was Zuma se finansiële raadgewer.

By die video van Zuma en Shaik skryf Zuma-Sambudla dat “die media gedink het hulle sal op die gholfbaan ontmoet, maar hulle het by die Zuma-restaurant ontmoet”.

Zille het gereageer en op Twitter gevra: “Was hulle nie op die randjie van die dood toe hulle vrygelaat is nie?”

Zuma-Sambudla reageer: “Almal moet die een of ander tyd eet, *darling*, en saam met wie ons eet, het niks met jou te doen nie.”

Nadat Zuma op 7 Julie verlede jaar in hegtenis geneem is weens sy weiering om voor die Zondo-kommissie van ondersoek na staatskaping te verskyn, is hy op 5 September verlede jaar op mediese parool vrygelaat.

Die appèlhof in Bloemfontein het egter verlede Maandag beslis Zuma (80) se mediese parool is ongrondwetlik en dat hy moet terugkeer na die Estcourt-gevangenis om die res van sy vonnis van 15 maande uit te dien. Die hof het beslis dat die kommissaris van korrektiewe dienste moet besluit vir hoe lank en of die tyd wat Zuma op mediese parool was, in ag geneem moet word.

Die departement van korrektiewe dienste het intussen aangedui hy gaan teen die uitspraak appelleer en dat Zuma nie nou sal teruggaan tronk toe nie.

Zuma het ook sy regspan opdrag gegee om sy opsies te bekyk.

Duvenage sê AfriForum, wat saam met die DA en die Helen Suzman-stigting Zuma se mediese parool in die howe betwis het, sal enige aansoek in die konstitusionele hof teenstaan.

Zille sê die DA het aansoek gedoen dat Zuma in hegtenis geneem moet word as die appèl onsuksesvol is.

### ‘Hy was net ’n gas’

Zuma het Vrydagaand die lint geknip vir die opening van die Zuma-restaurant in Umhlanga.


Die voormalige staatshoof was net ’n gas, sê David Manal, oftewel Chef Raw, eienaar van die restaurant.

“Die Zuma-restaurante is internasionaal bekend en daar is meer as 11 restaurante oor die wêreld heen. Ek besit die plaaslike regte op die handelsnaam. Die Zuma-restaurant is ’n kontemporêre samevoeging van Mediterreense en Asiatiese kos.

“Ons het tydens die opening die eer gehad om ons voormalige president by ons te hê. Ek kook gereeld vir BBP’s en bekendes, so die hele Zuma-familie is my klante en het al my restaurante in Suid-Afrika besoek. Hy is soos die ander BBP’s ook genooi,” sê Manal, ’n medeskrywer van die boek *Kitchen Gangster*.

Die oudpresident se dogter het foto’s en video’s van Vrydagaand se geselligheid op Twitter geplaas en daarby geskryf: “Pres. Zuma het ’n heerlike Vrydagaand by die Zuma-restaurant gehad.”

**– Ané van Zyl**



**Oudpres. Jacob Zuma en David Manal, eienaar van die Zuma-restaurant, Vrydagaand in Umhlanga. Die voormalige staatshoof was net ’n gas, sê Manal, oftewel Chef Raw.** Foto: TWITTER/DUDU ZUMA-SAMBUDLA

## Kritiek teen Walus-parool kring wyer uit

**Llewellyn Prince**

Die ontevredenheid oor die vrylating van die moordenaar van die SAKP-leier Chris Hani in 1993 kring uit.

Die metaalwerkersvakbond Numsa het nou ook sy stem gevoeg by organisasies wat die parool vir Janusz Walus as verraad teen Hani beskryf.

Die ANC en sy alliansievennote, die SAKP en Cosatu, het hul misnoeë openlik gelug met die konstitusionele hof se besluit verlede Maandag om Walus binne tien dae op parool vry te laat.

Pres. Cyril Ramaphosa het die besluit as teleurstellend beskryf en Limpho Hani, sy weduwee, het dit ook gekritiseer.

Die ANC-alliansie het ’n massaveldtog daarteen begin wat Saterdag met ’n betoging voor die konstitusionele hof begin het.

Solly Mapaila, SAKP-sekretaris, het Saterdag gesê hulle wil die besluit omkeer.

“Ons gaan ’n herroepingsaansoek teen die besluit indien, want dis die enigste regskanaal tot ons beskikking. Deur dit te doen, oefen ons ons regte in die Grondwet uit waarvoor kameraad Chris Hani gesterf het.”

Irvin Jim, Numsa se hoofsekretaris, sê in ’n verklaring dit het destyds amper tot ’n burgeroorlog gelei en die Hani-familie van ’n pa en broodwinner ontneem. Dit het die werkersklas van ’n opregte, revolusionêre leier beroof.

Volgens Jim voel baie verraai deur die besluit. Hy kap ook die ANC-alliansie en sê Numsa is “gewalg deur die alliansie se skynheiligheid” om oor Walus by die konstitusionele hof te betoog.

“Dis opportunistiese taktiek om die werkersklas te mislei en hul woede op die howe te fokus eerder as die ANC.”

# Verkragtings in ABO laat rampspoedige gevolge, sê Krog

**Cheréne Pienaar**

Verkragtings gedurende die Anglo-Boereoorlog en die effek op die hede was in die soeklig in die digter Antjie Krog se toespraak by die Oorlogsmuseum in Bloemfontein op ’n konferensie van drie dae wat Saterdag geëindig het.

In haar toespraak het Krog die geweld teen die Boere-vroue van 120 jaar gelede verbind met die huidige geweld in die land.

Sy het ook verwys na ’n gesprek met prof. Kopano Ratele, skrywer, oor die urineer-sage by die Universiteit Stellenbosch.

Krog was “kwaad” hieroor, maar Ratele het haar gevra: “Waar is die volwasse Afrikanermans om hierdie seuns lief te hê?” Die Stellenbosch-voorvalle is geopper in die vrae ná haar lesing by die museum.

Krog het geantwoord dat die kern van die probleem liefdeloosheid is. “Seuns kort liefde – nie net dié van ma’s en ander vrouens nie. Hulle kort die liefde van ’n pa en volwasse mans.”

Die konferensie was getiteld “The Unsung Heroines and Youth of South Africa: Violent Histories and Experiences of South African Women and Children during Wars, Conflicts and Pandemics”.

Die onderwerp van Krog se toespraak Donderdagoggend was die rol van oorlewing, aandadigheid en ras in die Boerevroue se vertellings van die verkragtings wat in die ABO plaasgevind het, soos dit saamgevat is in beëdigde verklarings van vroue ná die oorlog in die ondersoek wat deur oudminister Klasie Havenga gedoen is. Hul vertellings is in die Havenga-verslag vervat.

’n Voorbeeld is die De Jongs-geval. Die jong, ongetroude Anna Gertruida het moontlik min seksuele ervaring gehad. Sy het vertel dat sy by tye (tydens ’n verkragting) haar bewussyn verloor het. Sy het die verkragting aan ’n amptenaar beskryf, maar is nie geglo nie.

“In die een sin sê haar ma sy weet nie of hy in sy doel geslaag het nie. In die volgende sin sê sy: ‘Terwyl hy besig was om Anna te verkrag, sou ek eerder sien hoe my dogter as ’n lyk weggedra word as om so verkrag te word.’

“So hoekom het magistraat H. Potgieter op die lys wat hy gestuur het aan hoofkommandant, C.R. de Wet, ’n sekere voorval as ‘gepoogde verkragting’ beskryf?

“Potgieter het twee seksuele gevalle van seksuele geweld hanteer en albei as gepoogde verkragtings geklassifiseer.”

Krog sê die verdere vraag is waarom sekere voorvalle meer getuies het.

“Die meeste het net een, maar daar is twee gevalle wat ’n hele reeks getuies het. Navorsing toon die sukses in terme van die vervolging of geloofbaarheid hang af van hoe naby die vertelling van verkragting ooreenstem met sekere kulturele verwagtings van verkragting.”

Die kans dat ’n oorlewende ernstig opgeneem sou word as sy vertel het van ’n verkragting deur ’n vreemdeling of van die aanranding van ’n wit vrou deur ’n swart man, was dus baie groter as dié van ’n wit vrou wat deur haar eie man of haar buurman verkrag is.

“Was meer as een getuie nodig vir geloofbaarheid, of sal meer getuies lei tot ’n sterker straf? Die verklarings gee die idee dat die meeste van die seksuele aanrandings deur swart mans gepleeg is, maar die getalle onthul dat van die 24 gevalle slegs ’n derde – agt – van die aanranders swart was. Maar net drie verkragtings wat amptelik bevestig is, was deur swart mans.”

Ras was reeds in die oorlog ’n komplekse kwessie.

“ ’n Mev. De Jager het getuig dat drie swart mans ‘wat die vyand was’ by haar deur opgedaag het. So, daar was duidelik ’n ander soort swart man wat met ons was.”

Een uit vier mans in Boerekommando's’s was swart.

Emily Hobhouse merk ’n “onvanpaste vertroudheid” tussen die swart en wit mans op.

“Sekere boorlinge wat eet, slaap en drink tussen wit mense.

“Dit dui natuurlik nie aan dat swart mense gelykes was nie, maar dit was makliker om te praat met dié onder ons as met swart mans wat optree asof hulle dieselfde mag het oor vroue as wit mans. Maar ras was net so belangrik, indien nie meer nie, vir die Britse empire.

“Daar is aangedui dat Britse soldate seksuele predatore kon wees terwyl Afrikanermans verkragters moes wees.”

Krog sê dit is kristalhelder dat die manlike verklaringopnemers saamgesweer het in die verkragtings.

Slegs drie verdagtes van verkragtingsvoorvalle het in die hof verskyn. By die res van die voorvalle in die verklarings was Britse soldate betrokke.

“Die res was seksuele aanranding en molestering. So hoekom sou geen van die wit soldate skuldig wees aan verkragting nie?”

Krog sê dit was ná die oorlog belangrik vir boere om ’n narratief te skep waarmee hulle met selfrespek kon saamleef.

“Deur die sameswering van mans wat rekonsiliasie tussen twee hiërargieë prioritiseer, het hulle nodig gehad dat almal glo dat hulle nie met gewelddadige verkragters rekonsilieer nie, maar gewone, indien nie eerbare, wit mans.

“In hierdie potensieel potente kontaksone het wit mans saamgewerk om dominansie in gender sowel as ras te kry, en so enige moontlikheid wat bestaan het om gewelddadige gedrag aan te spreek te vernietig, en so veral vroue benadeel.

“So jy sê verkragting het plaasgevind, maar die mense met wie ons nou vrede maak, dit was nie hulle nie, dit is eerbare mense.”

Krog sê die gevolge hiervan was rampspoedig.

“Die soort bespreking wat nodig is om die komplekse maniere van geweld wat teen vroue, dogters, werkers, bestaansboere, die armes, ensovoorts, gepleeg is bloot te lê het nooit plaasgevind nie. Ook nie die maniere waarop die empire ’n nalatenskap van brutale seksuele geweld teen vroue onder koloniale heerskappy oor die wêreld heen hanteer het nie. Die maniere hoe die versoenende verdeling van buit tussen wit mans die vrugbare grond van florerende rassistiese sienings in wit landelike gemeenskappe aangemoedig het, misgekyk is, is ook nie hanteer nie. Die sielkundige rassistiese impak binne wit landelike huishoudings ná hulle swart mans aanmoedig om met wit vroue te maak soos wat hulle wil, is ook nie aangespreek nie.”

Hierdie verklarings oorweldig ’n mens, meen Krog, met hoe hulle vertel wat gebeur het sodat hulle daarmee kan saamleef, en terselfdertyd nie ’n toekoms waarin mans, families en gemeenskappe se woorde gebruik word om ’n soort regverdiging te soek, kniehalter nie.

“ ’n Mens wonder wat het hierdie vroue gedink toe hulle hierdie seldsame tekste skryf of onderteken het en hoe dit geïntegreer of verwerp is deur hul post-oorloggemeenskappe.

“Wat was die wonde wat hulle saam met hulle gedra het in hul persoonlike ruimtes en liefdeslewe? Dit was slegs toe Suid-Afrika die Grondwet gebaseer op gelykheid en beskerming teen onderdrukking aanvaar het dat verskeie vlakke van diep gesetelde geweld, brutaliteit en verwoesting van mans teen die kwesbares in die gemeenskap soos ’n wond oopgebars het en Suid-Afrikaners verstom gelaat het oor sy toksiese verdeeldhede asof ons nie vir verskeie eeue geweet het waar dit alles vandaan kom nie.”

Dit is nie so eenvoudig om hierdie vroue as heldinne af te maak nie. “Hulle is gebruik en misbruik deur Afrikanermans, die Britte en swart mans en hulle het na vore gekom met dié seksuele oortredinge op maniere wat dapper én instemmend was. Dit is merkwaardig asook berekenend.”

Die konferensie oorvleuel met die 16 dae van aktivisme teen geweld teen vroue en kinders, en het ten doel om historici en akademici wat gewelddadige geskiedenisse van nie net vroue en kinders in die Suid-Afrikaanse oorlog nie, maar ook ander oorloë, konflikte en pandemies navors byeen te bring.

■ Krog het Donderdagaand van haar gedigte uit haar bundels *Vetplantfeetjies* en *Plunder* in die Naln-ouditorium voorgelees.



**Antjie Krog, Vicky Heunis, bestuurder van die Oorlogsmuseum, dr. Elizabeth van Heyningen, ’n historikus van die Universiteit van Kaapstad, en prof. Andries Raath, visevoorsitter van die Nasionale Vrouemonument.** Foto: MLUNGISI LOUW

> **Seuns kort liefde – nie net dié van ma’s en ander vrouens nie. Hulle kort die liefde van ’n pa en volwasse mans.**
>
> — Antjie Krog



Die karkas van Lugard, vermoedelik die olifant met die swaarste tande ter wêreld. Die vermoede is dat hy dood is drie dae voordat sy karkas verlede Maandag opgemerk is. Foto: VERSKAF, TSAVO TRUST

Lugard, die olifant wat straks die swaarste ivoor ter wêreld gedra het, 'n week voor sy dood. Foto: HESTÉ DE BEER



Hesté de Beer, wildlewe-fotograaf van Kroonstad in die Vrystaat, wat Lugard 'n week voor sy dood in Tsavo-Oos in Kenia afgeneem het. Foto: VERSKAF



Richard Moller met 'n gifpyl waarmee olifante geskiet word. Die Tsavo Trust in Kenia, wat stropery in Oos-Kenia bekamp, is onder sy beheer. Hy en die vlieënier Joseph Kyalo het Hesté de Beer en twee veeartse van Suid-Afrika gehelp om Lugard op te spoor. Foto: HESTÉ DE BEER

# Vir heel laaste keer op Lugard se spoor

**Marietjie Gericke**

Lugard, die ou olifant van Kenia wat dood aangetref is, was waarskynlik die olifant in Afrika met die swaarste paar tande.

Hoewel hulle nog nie geweeg is nie, reken dr. Johan Marais, 'n veearts van Johannesburg, elk van daardie ivoortande weeg waarskynlik meer as 45 kg (of 100 pond).

Marais was net 'n week voor die dood van die ou grote saam met die natuurlewe-fotograaf Hesté de Beer van Kroonstad en haar vriend dr. Willem Daffue, 'n veearts van Kroonstad, in Kenia, waar hulle hom vir oulaas gaan afneem het.

Lugard se karkas is verlede Maandag gevind. Vermoedelik is hy drie dae voor dit dood.

Marais, De Beer en Daffue het eers na Kenia gevlieg en is toe met 'n viertrek-voertuig vort, voordat hulle verder te voet na hom en van die ander "groottand-olifante of 100-ponders" gaan soek het.

Marais is 'n kenner van dié olifante en het twee boeke oor hulle geskryf, *Great Tuskers of Africa* en *In Search of Africa's Great Tuskers*.

De Beer, 'n fotograaf van Kroonstad in die Vrystaat, het vertel hoe hulle saam met lede van die Tsavo Trust na Lugard gesoek het en "toe ons hom uiteindelik raakloop, was daar groot vreugde".

Marais sê daar is nog bitter min van dié groottand-bulle, met tande wat op die grond sleep en meer as 45 kg elk weeg, in die natuur oor.

"Daar is hoogstens so 20 tot 30 van hulle en dit is wat dié ekspedisie so opwindend gemaak het.

"Daar is ook olifantkoeie met groot tande wat tot op die grond sleep, maar hul tande is dunner en weeg minder."

Marais sê hy het sy liefde vir olifante, bewaring en die natuur van sy pa gekry, wat 'n wildbewaarder in Etosha was.

Hy sê daar is nog maar net sowat 420 000 olifante in die wêreld oor. "En in Suid-Afrika is daar net een groottand waarvan ek weet – in die Krugerwildtuin.

"Daar is ook 'n klompie in Oos-Afrika."

Hy sê hy het Lugard twee keer vantevore, in 2015 en in 2016, gaan afneem.

"Dié keer het ek, Hesté en Willem langer as 'n week na hom gesoek saam met lede van die Tsavo Trust – onder meer in 'n vliegtuig, want hulle vlieg daagliks oor die gebied.

"Lugard het nie van mense gehou nie en het sommer gestorm as iemand naby hom geloop het. Dus moes ons baie versigtig wees. Hy het taamlik naby aan voertuie gekom, maar was maar erg befoeterd."

Lugard is die tweede groottand-olifant wat in die laaste tyd in die Tsavo Nasionale Park gevrek het. Net 'n maand gelede is die matriarg Dida, wat 60 jaar oud was, ook dood.

Lugard was 53 jaar oud. Hy het dus 'n lang lewe gehad, maar volgens die Tsavo Trust het die knellende droogte in die park sy dood verhaas.

Toe sy karkas gevind is, was albei sy tande ongeskonde.

Joseph Kimaile, bewaringsbeampte en vlieënier van die trust, het die karkas uit die lug gewaar toe hy Maandag op 'n roetine-vlug oor die gebied gevlieg het, sê Marais.

Kenya Wild Life Services en Tsavo Trust het toe gaan ondersoek instel.

De Beer sê die Tsavo Trust en Kenya Wildlife Services se "Groottand-olifantprojek" het ten doel om dié diere veilig te hou en te bewaar deur hulle te monitor – "en hulle doen uitsonderlike werk".

Benewens sy groot tande, was Lugard bekend om 'n groot vrat aan sy slurp. Dit het hom maklik identifiseerbaar gemaak.

Lugard is in Januarie 2014 in die "Big Tusker Project" se databasis opgeteken en hulle het hom sedertdien 373 keer gesien.

"Uit die rekordhouding kan 'n mens aflei dié olifant het 'n vol lewe gelei. Dit is uniek in vandag se olifant-wêreld, en veral vir 'n olifant wat sulke indrukwekkende tande soveel jare gedra het," sê De Beer.

Die Tsavo Trust beskerm olifante in Kenia se Tsavo- en Amboseli- nasionale parke teen onder meer stroping.

Anders as in Botswana en Zimbabwe, waar groottand-olifante vir trofeejag geteiken word, laat Kenia dit nie toe nie.

Danksy die Groottand-olifantprojek word data ingesamel en kan daar op onmiddellike bedreigings gereageer word.

Verskeie groottand-olifante is die laaste paar jaar dood. Dit sluit in Amboseli se Tolstoy, wat vroeër vanjaar weens komplikasies ná 'n spieswond dood is, en Tsavo se Wilde Satao en Amboseli se Big Tim, wat albei aan natuurlike oorsake dood is.

Lugard het gereeld die gebied tussen Tsavo-Oos en Tsavo-Wes in die nasionale park se Manyani-gebied deurkruis.


Hy was die "pa" van dosyne kalfies oor dekades heen, en het só sy gene oorgedra. Die hoop bestaan dus dat sy nageslag ook eendag "groottande" kan word.

■ Dr. Daffue sê daar is deesdae slegs 300 075 olifante in Afrika oor, terwyl daar 100 jaar gelede 10 miljoen was. Van 2010 tot 2012 is meer as 100 000 olifante in Afrika doodgemaak.

"Dit lyk darem of stropery van olifante vir ivoor nou taamlik onder beheer is in Oos-Afrika."




Die groottand-olifant Craig is nog een van Kenia se olifante met reusagtige ivoortande. Op die agtergrond is die berg Kilimandjaro sigbaar. Foto: HESTÉ DE BEER



Die wildlewefotograaf Hesté de Beer van Kroonstad saam met 'n lid van die Masai in Kenia. Craig, nog 'n olifant met reuse-tande, staan agter hulle. Foto: VERSKAF

> **Lugard het nie van mense gehou nie en het sommer gestorm as iemand naby hom geloop het. Dus moes ons baie versigtig wees. Hy het taamlik naby aan voertuie gekom, maar was maar erg befoeterd.**
>
> — Dr. Johan Marais



Hesté de Beer, wildlewe-fotograaf van Kroonstad, saam met 'n trop olifante in Tsavo-Oos in Kenia. Foto: VERSKAF



Hesté de Beer, wildlewefotograaf van Kroonstad, neem foto's van die 52-jarige Craig en sy reuse-tande. By haar is dr. Johan Marais, 'n Johannesburgse veearts wat twee boeke geskryf het oor groottand-olifante. Foto: VERSKAF

# Kommentaar

**Uit die Bybel**
Die Here bepaal die koers van die mens met wie se pad Hy tevrede is, en Hy ondersteun hom. As so iemand val, bly hy nie lê nie, want die Here help hom op.
**– Psalm 37:23-24**

**Gedagte vir die dag**
'n Mens kan 'n gesprek met 'n boek voer. Jy kan dit weer en weer lees. Jy sal altyd iets van jouself daarin vind. Dit sal die skeppende vermoë in jouself prikkel.
– Etienne Leroux, skrywer

## Volksblad

# Cele se oplossing vir misdaadkrisis is veels te reaktief

Volgehoue misdaad voed uiteindelik nog ernstiger misdaad, het Suid-Afrikaners op die harde manier geleer, met 4 028 ontvoerings wat van Julie tot September plaasgevind het. Volgens die polisie se jongste misdaadstatistieke het dit verdubbel teenoor die ooreenstemmende tyd verlede jaar.

Vir misdadigers, wat reeds aan 'n omgewing gewoond is waarin hulle met ernstige misdaad kan wegkom, het ontvoerings nou 'n nuwe en meer lonende inkomstebron geword. Kenners meen dit is 'n misdaadkategorie wat gaan toeneem. Die situasie behoort geen verrassing te wees in 'n samelewing waarin die algemene misdaadtendens weer eens opwaarts is nie.

Uiteraard bevat die reaksie daarop maar weer dieselfde beroepe wat al oor en oor gedoen is: Vervang die hopelose minister van polisie, verhoog standaarde in die keuring van nuwe polisielede, gee beter opleiding en doen meer om korrupsie onder wetstoepassers te bekamp. Daar word ook herhaaldelik gevra dat die polisiebegroting baie doeltreffender bestuur moet word.

Doeltreffende polisiëring gaan inderdaad 'n rol speel in beter misdaadbekamping, maar dit behandel steeds die simptome pleks van die oorsake. Burgers betaal, wat stygende misdaad betref, die prys van sosio-ekonomiese verwaarlosing deur die ANC-regering en dit bly die onderliggende probleem wat opgelos moet word.

Bheki Cele, omstrede minister van polisie, se oplossing is dat die statistieke aangewend word om kapasiteit te skuif na waar dit die nodigste is. Hy gee toe dat die polisie sy planne teen misdaad moet versterk. Dit is 'n onaanvaarbare reaktiewe benadering. Die polisie, regering en samelewing gaan baie meer voorkomend moet optree.


Sosio-ekonomiese probleme wat opgelos word, skep 'n omgewing wat baie moeiliker vatbaar vir misdaad is. Dit moet die hoofprioriteit wees, met regrukaksies in die polisie en slimmer optrede deur hulle wat dit komplimenteer.

Intussen sal lede van die publiek en hele gemeenskap toenemend moet omsien na hul eie veiligheid. Maar private veiligheidsdienste is duur en min kan dit werklik bekostig. Die onus bly op die staat, wat tans jammerlik misluk.

## Ander mening

**Dr. Jack in *Die Burger***




# Die ANC-pasta is uit die buis

**Brandpunt**
Johann Maarman



As die tandepasta eers uit die buis is, het een van Richard Nixon se konkelaars gesê, gaan dit bars om dit weer daar in te kry. H.R. Haldeman was reg. Die ANC ondervind dit nou. En hier praat ons van die swetterjoel faksies binne die ANC wat baklei om die hart en siel van Suid-Afrika se grootste politieke party.

Poëtiese geregtigheid, want baie van die tandepasta het hy self uit die buis gedruk tydens die stryd. Die geveg om wie se snoete die diepste in die trog moet wees, het alles te doen met 'n party wat skouspelagtig begin inplof het omdat dit 'n geveg geword het wie hulle hande op die staat se hefbome kan kry.

Hulle is nou in presies dieselfde bootjie as die eens magtige NP. Niemand het gedink dat 'n mens ooit die sterwensritueel van die NP sou aanskou nie, omdat hulle feitlik alles beheer het in Suid-Afrika. Die NP het die gang van die politiek en Suid-Afrika beheer, dis maar soos dit was. Ná 48 jaar aan die bewind het die party skouspelagtig 'n roemlose politieke dood gesterf.

Die ANC as bevrydingsparty het die maan, die son die sterre vir die kieserskorps belowe. Politieke en ekonomiese bevryding van wit oorheersing was die ANC se mantra. Onder hierdie kombers het hy die regerende party geword.

Maar nou bevind die ANC – net soos die NP – hom in 'n maalpot van ontevredenheid en slaag nie daarin om sy ondersteuners tevrede te hou met die realisme dat 'n mens niks vir niks kry nie. Die ANC het sy beurt gehad om te regeer en sy ondersteuners is verby die stadium waar hulle alles vir soetkoek opeet.

Hulle soek nou konkrete, materiële dividende wat vir hulle beloof is, want gister se beloftes word nie eens vandag deur die ANC se politieke meesters nagekom nie.

En hierdie koersloosheid van die ANC het alles te doen met faksiegevegte. Mooiklinkende frases van dat die ANC eenheid moet nastreef om sodoende weer die geur van die maand te wees, is pure bogpraatjies. Die ANC en faksies is aan die naelstring verbind en dit het in die laaste paar jare geil wortelgeskiet in die ANC.

Die sambreel van "hernuwing" en "eenheid", waaronder Cyril Ramaphosa se leierskapveldtog gevoer word, is 'n blote versinsel. Hy mag dalk die persoon wees wat staatskaping wil nek omdraai, maar faksies is soos onkruid in die ANC. Hy gaan dit nie met die beste onkruiddoder – in hierdie geval die veelbesproke Zondo-kommissie – regkry nie. Faksies is in die DNS van die ANC.

Gaan kyk maar wie is die kandidate vir leierskapposisies vir die topses. Hier sit mens weer met 'n *mixed masala* van leiers. Net soos by die vorige ANC-leierskap blyk dit weer 'n geval te gaan wees van 'n verdeelde ANC.

Met Paul Mashatile feitlik verseker van die pos as adjunkpresident van die ANC, is dit maar weer die ou gesous. 'n Stryd van die radikale ekonomiese transformasie-groep en die Cyril-kamp.

Mashatile loop hand aan hand met albei faksies. Dit is 'n slim politieke spel en as 'n mens kyk na die aantal benoemings, kan hy selfs Ramaphosa van die vloer uitdaag. Sy kanse behoort ook bitter goed te wees, maar dan sal hy die steun van Zweli Mkhize moet opslurp wat hom nou pens in pootjies in die anti-Cyril-brigade bevind.

Daar was 'n tyd toe Mashatile as troonopvolger afgeskryf is. Nou wed niemand meer teen hom nie. Agter die skerms moes hy 'n aardige klomp dinge reggekry het.

Maar selfs ná die volgende vyf jaar sal hy weer van vooraf moet baklei, want faksiegevegte gaan weer woed. Dis soos 'n ou grieperigheid wat maar elke winter uitslaan.

■ **Maarman is eindredakteur van *Die Burger*.**

# Só moet mens die boelhond mos boelie!

**Goeiemôre**
Blouwillem Theron



Nee wat, ná Saterdag kan ons vir die res van die jaar mos nou lekker witpens in die lug ontspan!

Nie sedert Magersfontein en Stormberg se veldslae meer as 'n eeu gelede het ons die ou spulletjie Bleekbene so goed op hul rooi baadjies gegee nie. Hulle sing nog so "God Save the King" vir die nuwe ou koning van hulle, min wetende dat hulle self ook die volgende 80 minute redding van êrens gaan nodig kry.

Mooi, manne, dit was te lekker om te sien hoe die boelhond geboelie word!

En net om my niggie weer te herinner watse belangrike rol die syfer 44 in ons geskiedenis speel: Dit was Donderdag dag en datum 71 jaar gelede wat die Springbokke onder leiding van generaal Hennie Muller die arme Skotte met 44-0 daar op Murrayfield afgeransel het. Ek moet sê, ou nig, al was dit nie jou bedoeling nie, jy en jou 44 het meer gedoen om die mense van my taal te verenig as wat volksfeeste, pannekoek en koeksisters ooit sou kon doen.

> **Hulle sing nog so 'God Save the King', min wetende dat hulle self ook die volgende 80 minute redding van êrens gaan nodig kry.**

Vandag wil ek darem 'n spesiale koeksister en 'n koue enetjie op 'n baie spesiale pensioenaris geniet, naamlik onse Frik, wat vandag op hierdie mooi blou Maandag 'n ronde 87 jaar oud is. Nodeloos om te moet verduidelik van watter Frik ek nou eintlik praat. Frik is mos 'n nasionale gedenkwaardigheid, soos die Voortrekker-monument en meer vermaaklik as die willetuin. En hy lyk soos 'n sestiger en speel waarskynlik nou meer gereeld gholf as Gary Player (volgens hom Japan se no. 4-slot).

Toe Frik destyds 80 word en partytjie hou, kon ons ongelukkig nie gaan nie, want dit was Seunhulle se troue. Dis toe wat ou Frik vir my sê: "Jy moet mooi dink as jy wegbly, want jou seun kan altyd weer trou, maar ek word net een keer 80."

Nou ja, Frik is nog sterk en so ook Seun-hulle se huwelik. Dank Vader!

Ons sien oom Jacob reken ongeag wat die hof sê, hy gaan nie terug tronk toe nie, want dis nie lekker daar nie.

Dik Daan sê dit laat hom dink aan die storie van die tannie wat haar ou man niks plesiertjies gegun het nie. Sy seun nooi hom vir gholf, maar dan sê die tannie: "Pappie sal nie wil gaan nie, hy het al gholf gespeel, maar Pappie hou nie van gholf nie." Nooi sy dogter hom vir fliek, sê Ouma: "Nee wat, Pappie was al in die fliek, maar Pappie hou nie van fliek nie."

En so gaan dit al die jare totdat Ouma skielik die tydelike met die annerlike wissel. Die dag van die begrafnis kom die kinders om vir Pappie op te laai, maar toe hulle daar kom, sit Pappie en bier drink met sy onderhempie aan. "Maar Pappie, wat gaan aan, die begrafnis begin dan oor 20 minute?!" Antwoord die oom toe doodluiters: "Pappie was al by 'n begrafnis, maar Pappie hou nie van begrafnisse nie."

Nou ja, oom Zoempie was al in die tronk, maar oom Zoempie hou blykbaar nie van die tronk nie.

## SA beter plek sonder pitbulls

**Dawid Kenridge**

Ek daag enige pitbull-eienaar of voorstander van die ras uit om een relevante rede of praktiese alternatief te gee oor hoekom pitbulls nie verbied moet word soos in etlike ander lande nie.

Die tempo waarteen mense en veral kinders deur pitbulls vermink of verskeur word, is onaanvaarbaar. My eerstehandse ervaring van hierdie beserings is afgryslik en ek gee my volle steun aan die Sizwe Kupelo-stigting vir hierdie saak.

Die redes wat voorstanders van die ras aanvoer, is eenvoudig nie goed genoeg om te vergoed vir die tragiese dood en totaal onnodige skade wat hulle veroorsaak nie.

'n Kenner noem in 'n onlangse brief ("Gee eienaars, nie honde, die skuld", 18.11) dat pitbulls dikwels met ander rasse kruisteel, wat moontlik 'n groter gevaar is en dit daarom prakties onmoontlik is om die ware probleemhonde te beheer.

Soveel te meer moet die aanhou van hierdie honde-ras verbied word.

Ook beskryf bykans elke eienaar van 'n hond wat gebyt het, syne as 'n vredeliewende hond. Dit is juis die onvoorspelbaarheid van so 'n hond wat 'n groot risiko inhou. Die eienaars is beslis deel van die probleem, maar 'n boete vir die eienaar help die slagoffer niks.

Daar is nie 'n enkele rede hoekom Suid-Afrika nie sonder hierdie honde-ras kan klaarkom nie. Daar is oorgenoeg ander rasse om van te kies. Suid-Afrika sal net 'n beter plek wees sonder pitbulls.

## Die 'god rugby' is uit voeling met die tye

**Adriaan, Durbanville**

Die "god rugby" matig hom die reg aan om almal wat kommentaar of kritiek lewer, te wil stil maak en skors. Oor ander vermaak word resensies geskryf en menings oor gelug. Waarom dink rugby hy is bo dit verhewe?

Rugby en sy ondersteuners blink nie uit in aanpasbaarheid nie, maar hul onaantasbaarheid raak te dik vir 'n daalder.

## Rugby het nou by 'n kruispad gekom

**Riaan, Worcesterr**

Die tyd het aangebreek om rugby onder die vergrootglas te plaas sodat dit weer 'n lus vir kykers sal wees.

Daar is 'n paar drastiese dinge wat moet gebeur:

■ Die bestuur van Wêreldrugby moet die trekpas kry oor hul onvermoë om regverdig op te tree teenoor spelers, asook skeidsregters, wat beskerm word.

■ Die reëls moet ingekort word. Daar is net te veel reëls en skeidsregters en lynregters kan nie altyd alles raaksien nie. Dus fouteer hulle soms, en 'n mens kan hulle seker nie daarvoor blameer nie, maar wanneer hulle 'n ooglopende strafbare oortreding oorslaan, lok dit dan die gramskap van die toeskouers uit.

Rugby is 'n kontaksport en daar gáán beserings wees.

Dit sou dus raadsaam wees om net basiese reëls soos vir onkantspel, aanslane, vorentoe aangeë, balle reguit ingooi en so meer te hê.

En verbied spelers om in die lug te spring om 'n hoë bal te vang.

■ Daar moet ook 'n tydsbeperking geplaas word op "kykwere".

## Jou mening

briewe@volksblad.com

## Oplossing vir US se taalprobleme?

**Willem Cillié, Bellville**

Afrikaans het ontstaan deur leenwoorde van baie ander tale saam te snoer. Die meeste woorde kom wel van Nederlands, Vlaams, Duits, Frans, Spaans en Khoi- en San-tale. Hier en daar is daar 'n aanvaarbare Engelse woord, maar dit word baie gou as 'n anglisisme gebrandmerk.

In sy ontstaansjare is Afrikaans beskou as 'n kombuistaal omdat dit glo net deur "onopgevoede" mense gepraat is. Afrikaans het oor die jare heen van 'n kombuistaal tot 'n volwaardige wetenskapstaal ontwikkel.

Deesdae is daar mense wat Engels en Afrikaans so meng dat jy nie mooi weet of die persoon Afrikaans met Engelse woorde wil versier of Engels praat en met Afrikaanse woorde die Engels beter wil laat klink nie.

Hierdie Afrikaans met Engels of Engels met Afrikaans is maar weer net 'n kombuistaal wat deur "onopgevoede" mense gepraat word. Dit het wel weer die potensiaal om tot 'n nuwe taal te ontwikkel.

Dink net hoe hierdie nuwe taal al die Universiteit Stellenbosch se taalprobleme kan oplos.

## Voeg sonpaneel by televisieskottel in buurte

**Joe Kleinhans, Annlin**

Daar is klein sonpanele op die mark. Jy installeer dit op die dak, trek die elektriese koord deur na binne in jou werkkamer, koppel die lig en het elke aand genoeg lig sonder om van Eskom afhanklik te wees.

Ons het dit in drie vertrekke in ons huis. Dit werk voortreflik en kos nie 'n plaas se prys nie.

Kan daar nie 'n veldtog, miskien per skool, begin word om seker te maak dat elke matrikulant volgende jaar 'n klein sonpaneel bo sy/haar kamer het om te verseker hulle het lig om te studeer nie?

Die sonpaneel kan op die eenvoudigste sinkplaathuis geïnstalleer word. Ek verstom my aan die televisieskottels in arm buurte – kan ons nie langs elke skottel 'n sonpaneel oprig nie?

## Gewone mense is 'n voorbeeld vir 'leiers'

**Thinus Truter, Somerset-Wes**

Is dit nie skokkend dat mense soos prof. Jonathan Jansen uitsprake maak soos "wit studente wat soos honde op kampusse hul grondgebied met urine merk" en daarmee wegkom nie? Ek sal graag wil weet hoe groot Jansen se steekproef daarvoor was.

Ons is wel al gewoond daaraan dat mense in leiersposte daagliks rassisme aanblaas, nie mense op grondvlak nie. Laasgenoemde het lankal die werklikhede van die huidige gemors waarin ons is, verdiskonteer in hul manier van dink en streef net na 'n vreedsame samelewing en verdraagsaamheid.

Dit is iets wat die rassistiese leierskorps nog moet leer om te verstaan, as dit ooit sal gebeur.

## Verantwoordelik in onverantwoordelike wêreld

**André van Zyl, Rosendal**

In hierdie onverantwoordelike wêreld moet ons verantwoordelik lewe.

Dit help nie om op onverantwoordelike mense te skreeu en hulle sleg te sê nie. Só word ons deel van die probleem.

As mense met integriteit moet ons 'n antwoord word op dit wat hierdie wêreld geword het.

Die antwoord is om te sorg dat jy so goed as moontlik gekwalifiseerd is om goeie diens te kan lewer. Doen wat jy doen sodat mense jou sal kies om die werk vir hulle te doen. Wees ten alle tye eerlik en maak dienslewering jou leuse. Staan op vir dit wat reg is. Glo in God, in jouself en in 'n toekoms wat jy bou vir jou en jou kinders. Wees trots op jou taal, jou kultuur en wie jy is. Respekteer ander mense se taal en kultuur en wie hulle is.

As lid van 'n minderheidsgroep moet jy leer om self te doen wat jy gedoen wil hê. Moet niemand minderwaardig laat voel en as jou mindere behandel nie. Wees die minste sonder om verneder en vertrap te word.


Neem verantwoordelikheid vir ons land en betaal wat jy moet betaal en belê so goed as moontlik in jou en jou kinders se toekoms. Moedig jou kinders aan om hul beste te lewer en maak hulle groot as wenners wat in hulself glo. Skep 'n werketiek by jou kinders en leer hulle die Bybelse beginsels van wie werk sal nie honger ly nie. Wees goed vir mense wat swaarkry en help om die armoede in ons land teë te werk. Word entrepreneurs wat werk skep en ondernemings vestig wat goeie diens lewer

# Distopiese roman vol spanning en hope aksie

***Moederland* is kennelik bedoel as ontvlugtingsliteratuur en daarin slaag dit onteenseglik. Madelein Rust mág maar, skryf Neil van Heerden.**

Fiksie

**Moederland**
Madelein Rust
HUMAN & ROUSSEAU, R320




Madelein Rust is veral bekend om en bemind vir haar populêre misdaadfiksie, maar met *Moederland* waag sy haar hand vir die eerste keer aan 'n distopiese toekomsroman.

Die jaar is 2070. Klimaatsverandering is 'n voldonge feit. Suid-Afrika word deur 'n gewetenlose plutokrasie regeer – met sterk Russiese en Chinese neokoloniale invloede. Die stede van ouds lê in puin ná 'n rits burgeroorloë. Bo-op die ruïnes het slimstede verrys waar die elite in weelderige tegnologiese borrels leef, terwyl bendes in die buitewyke amok maak en mense op die platteland sukkel om aan die lewe te bly.

Die hoofkarakter is ene Jenesis Baron en sy kom, soos haar adellike van suggereer, uit 'n welgestelde familie. Haar pa, Jericho, is immers die brein agter die regering se nuutste blink wapentuig.

Haar lewe lank was Jenesis 'n ondersteuner van die nuwe regime, maar dan word sy sonder 'n permit swanger en die regering se gehate kaders word ontbied om haar pasgebore tweeling met behulp van 'n Medi-Bot (een van haar pa se uitvindsels) van kant te maak.

Dit ontketen in Jenesis 'n diepe wrok en stuur haar op 'n epiese vergeldingstog. Vandaar ook die roman se titel, want as jy nou wil weet waartoe 'n moeder in staat is, moet jy haar kinders van haar wegneem…

*Moederland* sluit aan by 'n vlaag van onlangse distopiese fiksie in Afrikaans. Voorbeelde sluit in Lien Botha se *Wonderboom* (2015), Deon Meyer se *Koors* (2016), Alettie van den Heever se *Stof* (2018), Harry Kalmer se *In 'n land sonder voëls* (2019), Willem Anker se *Skepsel* (2020) en Jaco Fouché se *Simoelêgri* (2021).

Terloops, die term distopie verwys na die uitbeelding van 'n denkbeeldige plek waar dit bepaald slég gaan; waar dit moeilik is om te oorleef; waar onregverdigheid hoogty vier. 'n Soort nagmerriewêreld. Dit is die teenoorgestelde van 'n utopie: 'n geïdealiseerde wêreld waar alles skoon en mooi en gaaf is.

Ek vermoed die opbloei in distopiese fiksie het iets te doen met die onstuimige tye waarin ons leef. Distopiese fiksie wil meestal nie voorgee om 'n presiese voorspelling van die toekoms te maak nie. (Hoewel baie van die "voorspellings" wat ons in distopiese literatuur aantref, waar word. Dink maar aan die Orwelliaanse massa-dophouding waaronder mense deesdae gebuk gaan of die Huxley-aanse genetiese manipulasie waartoe die wetenskap toenemend in staat is.)

Dit is eerder asof skrywers van distopiese fiksie ons hedendaagse sosiopolitieke probleme ekstrapoleer en tot die uiterste voer. Hulle wys vir ons 'n skrikwekkende fotoflits van hoe dinge kán handuit ruk as ons nie oppas nie sodat ons hopelik kan terugkeer na die hede met 'n nugterder blik.

In *Moederland* is die voorbode duidelik, maar daar is darem nog hoop. Ons vind later uit van die rebellegroep wat letterlik ondergronds (in die vloedwaterstelsel onder die ou Rosestad) voorberei vir D-dag, die dag waarop die rebelle gaan opruk en die haatlike regime omverwerp sodat demokrasie en vryheid kan seëvier.

Hul leier is die forse Adam Bormann (let op die Bybelname). Hy is ook Jenesis se eks en die pa van haar kinders. Asof bestem beland Jenesis in die rebellebasis en sy word "een van hulle". Sy glip gemaklik in die rol van vryheidsvegter.

Hulle noem haar nie verniet "Joan of Arc" nie. Al daardie eersteklas-opleiding in gevegskuns waarop haar pa aangedring het, kom nuttig te pas.

> **Iemand, bel vir Hollywood, want hier is 'n loketreffer soos min!**
>
> – Neil van Heerden

'n Briljante ingewing wat Rust gehad het, is om voorin die boek 'n aantal fiktiewe koerantknipsels te plaas. Opskrifte (met datums) soos "Rusland ontketen Derde Wêreldoorlog in Oekraïene" [sic], "Bloedige EFF-staatsgreep slaag" en "Smeltende ysdekke eis duisende lewens, miljoene ontheem" wat die leser met die intrapslag oriënteer ten opsigte van die toekomswêreld waarin die verhaalgebeure gesetel is. Sodoende hoef die outeur nie ellelange eksposisionele teks te skryf om te verklaar hoe ons hier in 2070 geëindig het nie.

Die "goeie" en "slegte" ouens in *Moederland* word taamlik ondubbelsinnig geskets. Moenie noodwendig uitermatig komplekse karakterstudies verwag nie.

Vat byvoorbeeld genl. Ben Wagner, Jenesis se aartsvyand. Hy is die "sadistiese sosiopaat" wat beveel dat haar babas die genadeskoot kry; hy vermoor sy onderdane met minagting as hulle hom verontagsaam; en hy ontwikkel boonop 'n perverse seksuele obsessie met Jenesis. Ondubbelsinnig boos.

Dan is daar ook die teruggryp na Bybelse waardes wat miskien vir sommige lesers na 'n anachronisme sal lyk, maar vir baie is dit waarskynlik 'n riem onder die hart. En hierin lê die interessante vraagstuk, uit 'n kultuurstudie-oogpunt, want wie se ideologiese wêreldbeskouing is dit nou eintlik wat uiteindelik in *Moederland* bevredig word?

Beslis nie 'n Chinese Marxistiese Boeddhis s'n nie… Maar nou is ek besig om onnodig astrant te wees.

*Moederland* is kennelik bedoel as ontvlugtingsliteratuur en hierin slaag dit onteenseglik. Die boek is stampvol aksie en 'n sterk spanningslyn word deurgaans gehandhaaf. Die patroon vorderingterugslag-vordering word telkens herhaal en die vertelling word chronologies-lineêr aangebied (met min of geen terugflitse) wat aan die verhaal 'n snelle voorwaartse pas verleen. Iemand, bel vir Hollywood, want hier is 'n lokettreffer soos min!

■ **Neil van Heerden** *doseer Afrikaanse letterkunde aan Unisa.*

## Heerlike boek vir jongklomp

Tienerfiksie (13+)

**Tyd is 'n b**ksem**
Marieta Nel (samest.)
LAPA, R190




In die 1970's was 'n meisietjie op 'n Karooplaas vir 'n somervakansie.

Gedurende die grootmense se verpligte middagslapies moes kinders stil wees en die meisietjie het uit verveling in 'n stoorkamer gaan rondkrap.

Daar was kartondose met stokou boeke. Van haar gunstelinge was skoolleesboeke uit die 1940's, veral die *Dagbreek*-reeks (1942) en die *Silwerboom*-reeks (1948). Dit was so anders as die vervelige *Boet en Saartjie*; hierdie boeke het 'n groot verskeidenheid van genres gedek: gedigte, mitologie, fabels, eenbedrywe, geskiedenis en die verhale van karakters uit die wêreldgeskiedenis. Aan die einde van elke bydrae was daar ook 'n lys vrae wat die meisietjie gretig voltooi het.

Sy het sedertdien vergeefs gehoop dat sy so 'n boek amptelik in haar skoolloopbaan sou teëkom; dit het nooit gebeur nie en sy het aanvaar dat dié wonderlike soort leesboek tot die verre verlede behoort.

Ek was daardie meisietjie en toe ek *Die skool vir uitsonderlike talente* (Lapa, 2022) raakgelees het, het ek dit onthou en besef: Dié konsep is alles waarna ek soveel jare vergeefs gesoek het, netjies verpak in 'n 21ste-eeuse baadjie. *Tyd is 'n b**ksem* is die jongste in dié reeks. Die bundel, gemik op gr. 6 tot gr. 8, spog weer eens met verskeie bekende skrywers as bydraers, onder wie Fanie Viljoen, Elsa Winckler, Jaco Jacobs, Hannes Barnard, Kristel Loots, Troula Goosen, Nadine Petrick, Zelda Bezuidenhout, Solet Scheeres, Francois Verster en vele ander, en 'n ingeslote QR-kode wat die leser neem na oudio-insetsels waar die skrywers en bekende stemkunstenaars voorlesings van die inhoud doen.

Die 17 kortverhale dek 'n groot verskeidenheid: van 'n vindingryke onderwyseres, motorwagte en mensehandel tot *dreadlocks* en die nostalgie van pre-digitale fotografie. Verskeie verhale, insluitend die titelverhaal, het tyd as fokuspunt en Wilna van Heerden bewys met haar bydrae – die kortste in die bundel – dat tyd in die sin van verhaallengte irrelevant is wat gehalte betref. Die ses oorgelewerde verhale sluit in: 'n Vloek uit Nederland, die volksverhaal van leeus in die Serengeti, die legende van Hendrik Spoorbek, die poetsbakker Abu Nuwas (uit *'n Duisend en een nagte*) se skelmstreke en die verhaal van die hiëna se klein(er) linkeragtervoet. Daarna volg 28 gedigte en twee dramas; en 'n tipiese kinkel in die kabel-verhaal deur De Wet Hugo.

Dis verblydend om te sien dat 'n groep leerlinge as keurders aangewend is en my hartsbegeerte is dat skole dit sal aanwend; iewers is daar nog kinders wat dit net soveel begeer as wat ek destyds het. Ouers en grootouers kan dit vir hul kinders en kleinkinders koop en self ook die inhoud geniet – soos wat ek het.

■ **Anschen Conradie** *is 'n vryskutresensent van Makhanda in die Oos-Kaap.*

## Ouer King nog lank nie koud

Fiksie

**Fairy Tale**
Stephen King
HODDER & STOUGHTON, R380




Stephen King het onlangs 75 geword – en daar is geen teken van brieke aandraai wat nuwe skryfwerk of insinking wat gehalte betref nie. Trouens, van die beste Kings wat ek al gelees het, is onlangse romans soos *The Outsider* en *Billy Summers*.

King-aanhangers weet teen dié tyd dat die skrywer nie veel geërg is om bloot agter die storie aan te skryf nie; vir hom gaan dit oor die karakters, die mense self en hoe hul reis die koers van die betrokke verhaal bepaal. Die latere werke van King is juis prikkelend en uiters genotvol omdat hy in feitlik elk van sy nuwer boeke 'n subtiele soort bestekopname gee en metakommentaar lewer op die genreverhale wat hy skryf, hoe sy skryfwerk en idees oor tyd en in verskillende kontekste ontwikkel het en hoe die King-wêreldbeskouing oor etlike dekades heen vorm aangeneem en aangepas het.

Dus is *The Outsider* en *Billy Summers*, een 'n aangrypende gruwelverhaal wat sterk op die bonatuurlike steun en die ander 'n veelvlakkige, dikwels tong-in-die-kies-meta-spanningsverhaal, gerat om kommentaar te lewer op die moderne samelewing. Een waar die een se dood soms heel letterlik die ander se brood is.

Ten spyte van die verskriklikhede wat King onthul – die traumas en treurmare wat sy jong en ouer karakters moet beleef – is hy darem nie gewoonlik te snoep met die moontlikheid van 'n gelukkige einde nie. Met 'n titel soos *Fairy Tale* kan jy alte seker wees dat King jou met 'n hele paar *curveballs* gaan gooi en met die verwagtinge gaan speel.

Charlie Reade – soos jong karakters in *It*, *The Body*, *The Stand*, *Needful Things*, *Apt Pupil*, *The Talisman* en ander – is die 17-jarige hoofkarakter en held van hierdie sprokie vir volwassenes. Charlie se ma is dood in 'n tref-en-trap-ongelukkig toe hy tien was. Sy pa het aan die drink gegaan.

En Charlie kon kop bo water hou, soms net-net.

Maar alles verander, vir ewig, wanneer Charlie 'n vriendskap met die kluisenaar Howard Bowditch aanknoop. Hy verloor sy hart op Bowditch se hond, Radar. Daar verskyn goud, en sommer baie. 'n Opspraakwekkende kassetopname laat jong Charlie steier. En wat Bowditch aan Charlie bekend stel, 'n skuur wat inderdaad 'n weg is na 'n ander dimensie, transformeer Charlie se aanvanklik bedeesde, ernstige storie in 'n maltrap, verbeeldingryke en humoristiese sprokie waarin King sy eie weergawe van *Jan en die boontjierank* opdis.

Hoe meer jy al in die verbeeldingsvlugte van HP Lovecraft en King se werk belê het, hoe meer sal jy uit hierdie boek kry. *Fairy Tale* se kopknik-stempel op die gelukkige einde bring 'n knop in die keel.

■ **Jonathan Amid** *is 'n vryskuttaalpraktisyn en resensent van Stellenbosch.*

Boekevat

# 'Snotjantieties' se visier op skuilnaambrigade

**Jeanette Serdyn**

Skuilname is suiwer sonde.

So laat val vriendin Jana-Mariana Human, 'n vir te lank stil gewese rubriekskrywer, nou die dag vir my. Dít natuurlik na aanleiding van die omstredenheid wat soos 'n stralekrans bo Crito se kop dobber en onlangs, soos Krismisligte wat aangeskakel word, in 'n regte rooi relletjie ontvlam het.

Wat vir 'n ding is Crito? Dít sal sekere lesers van selfs dié boekeblad vra. Lank voor sekeres uit die jongklomp hulself geslagtelik as nie-binêr geüit het, het die skrywes van die skynbaar geslaglose resensent van boekresensies op die webblad LitNet verskyn. Maar die gewaande geslagloosheid was ook maar net 'n sluier.

'n Teorie het in die volkskop ontwikkel dat Crito – 'n skuilnaam wat verwys na 'n landbouer nogal wat met die Griekse wysgeer Plato gestribbel het – nie een persoon van vlees en bloed is nie, maar 'n komitee of 'n opeenvolging, soos Charles ná Elizabeth, van literêre kwaadstokers.

Lees 'n mens onlangs wat Crito te skrywe had, blyk dit tans 'n sy te wees wat haar inkdonker gal en penne in voorstedelike Snorstad koop. Dis vanuit die hoofstad, wil dit voorkom, dat Crito tans haar aanvalle loods.

"O, nee," kap Jana-Mariana skerp. " 'Aanvalle' is té lig en verskonend 'n woord. Met haar losbrand nou die dag teen die snotjantieties van die wêreld – die falanks onbetaalde boekbeywseraars – het sy haar ware kleure gewys." My linkerwenkbrou lig.

"Ja, ou sussa," snou sy voort, "Crito is 'n anti-demokraat. Sy's so dik, van ego én postuur, dat sy haar nie by die steil trappies van haar ivoortoring kan afsukkel nie. As 'n resensent nog nie 'n streep pryse gewen het nie, stel sy gewoon nie belang nie.

"Vandaar dan," voeg Jana-Mariana by, "dat sy die mooiste ding ter wêreld – die vrouebors – sinies-neologisties aangewend het om 'n skeldnaam te skep. A nee a, wat my betref is sy die Styx van kritiese betaamlikheid lankal oor."

Ná 'n stilte: " 'n Waaragtige tiertermagog!" Sy skater.

"Maar, weet jy, Jeanette," hervat sy, opnuut so ernstig soos 'n graf. "Daar's net een uitweg."

Sy merk die onbegrip op my gesig.

"Ons opgelegde taak in die nuwe jaar sal wees om Crito te ontsluier. Om sodoende die vloek van skuilname finaal die nekslag toe te dien!"

"En hoe stel jy voor sal ons die Fort Knox van die Afrikaanse literêre sisteem deurdring?" werp ek terug. "Ons het nie genoeg geld om Toiletbesem of 'n dergelike pie-aai te bekostig nie."

"Nee wat," antwoord Jana-Mariana. "Baie mense dreig-dreig al baie lank hulle weet wie dit is. Ons sal nie in die Brooklyn-winkelsentrum muisvalle hoef te stel met Afrikaanse resensies, in diepgeel prosa, wat uitlokkend daarin lê nie."

"Wat dan?" is my onkundige antwoord.

"Daar's baie slim mense in ons universiteite. Die linguiste sê 'n mens se taalgebruik is soos 'n vingerafdruk. Hulle praat van 'n idiolek: 'n string woorde, uitdrukkings en sinsvorme wat aantoon dat 'n stuk teks deur 'n bepaalde persoon geskryf is."

"Ja?"

"Ja! Ek't 'n vriendin, Estelle Venter van die Weskus, oorreed om dít vir haar voorgenome PhD-tesis as onderwerp te kies. Estelle gaan agter die kap van die byl kom. Met woord en daad gaan sy blootlê wie Crito is.

"Die ondergang van die skuilnaambrigade is op hande. Die skavot word al op die markplein opgestel," prewel sy.

"Snotjantieties boontoe!" is al wat ek kan uitkry.

■ **Jeanette Serdyn** *is 'n briewebladpolemikus van Parktown.*

BOAAN DIE SPEELLYS

# Velvet Blohm bring oud en nuut byeen

## Dié treffers roep ook jóú naam

**Mariana Malan**

Met die een helfte van Velvet Blohm wat op 'n "stille run-away" gegaan het vir die onderhoud, lê dit op die skouers van die ander helfte van die duo om die storie te vertel.

Dis 'n storie van twee stemme wat gemaklik bymekaar inskakel, 'n rondspeel met harmonieë en die groot treffers van Ryno Velvet en Jan Blohm wat op 'n nuwe manier opklink. Dis ook 'n klaarblyklike suksesverhaal met hul eerste album *Toe roep ek jou naam*, wat skaars twee weke ná sy bekendstelling al boaan Apple Music se Afrikaanse speellys staan.

Ryno Velvet vertel hoe hy Blohm ontmoet het. Velvet was op pad van 'n konsert in Hermanus toe hy in die Strand verby Blohm ry waar hy in die hartjie van Desember padlangs gedraf het.

"Die tyd, plek en temperatuur was reg vir ons om te ontmoet."

Hy het by die drawwer stilgehou en hulle het begin gesels. Die geselsie het 'n kuier geword, in 'n vriendskap ontwikkel en het toe op samewerking uitgeloop. Hulle het eers net 'n paar keer in 2006 en 2009 saam opgetree, maar verlede jaar het hulle uiteindelik besluit 'n album is die regte logiese volgende stap.

"Ons het vir Floors Oosthuizen, Vinnie Henrico en Denny Lalouette ingekry om saam met ons te speel. Om musikante van hul gehalte saam met ons te hoor, is net fenomenaal," sê hy.

Die duo het besluit om van hul groot treffers te verwerk en uit hul tydkapsule te haal en dit nuut en vars te laat klink.

"Ons wou nie die sjarme van die liedjies wegvat wat al volksbesit geword het nie. Dit moes gelyktydig dieselfde, maar ook anders wees. As ek moet sê, dink ek net ons liedjies klink tien maal beter as toe dit bekend geword het. As ek daarna luister, dink ek dis hoe hulle almal eintlik van die begin af moes geklink het."

*Toe roep ek jou naam* is 'n kontemporêre Afrikaanse rockalbum. Soos hulle dit beskryf, 'n "eerlike samevatting van emosie, bestaan, verstaan en weerloosheid, of ten minste 'n hoofstuk daarvan".

Om maar net enkele van die 11 liedjies op die album te noem, is daar Blohm se treffer "Groen trui" en Velvet se "Ai, my lam". Daar is ook nuwes, soos "Tussen die lyne" en "Kaap".

Volgens Velvet het hulle die titelsnit van die album gekies om hul saamwerkgeleentheid en die skryfproses te eer.

"Ons het so natuurlik saamgewerk. Ek kan die proses net as naatloos beskryf. Ons het dieselfde musiekpalet, maar ek is geneig om wyd te 'verf' en so 'n bietjie aan die kant te mors. Jan begin 'n storie en vertel dit presies tot aan die einde. Hy skep iets om aan vas te hou."

Velvet sê hy weet hul ondersteuners dink hulle is soms 'n bietjie donker, maar as hulle optredes bywoon, kry hulle insig in Blohm se skerp humorsin en ook sy eie ligter kant.

Daar is soveel van die lirieke wat net 'n manier het om in 'n mens se kop vas te steek. Niemand kan vergeet hoe kleur, reuk en klank vir jou een word wanneer jy na albei hierdie kunstenaars se musiek en lirieke luister nie.

Hulle het die laaste ruk heelwat getoer en beplan om Desember sommer baie plekke te besoek. Volgende jaar kom Namibië ook aan die beurt.

Die album is beskikbaar op stromingskanale en vir diegene wat aan iets wil vashou, is daar ook CD's.

Vir die musiekvideo van "Tussen die lyne" en die album besoek linktr.ee/velvetblohm.



**Ryno Velvet en Jan Blohm se album *Toe roep ek jou naam* is pas uitgereik.**

# Hoofrol in musiekspel vir SA aktrise

**Candice Jantjies**

Die veelsydige Kaapse kunstenaar Devonecia Swartz is vir die hoofrol in die internasionale musiekspel *Calling Us Home* gekies wat binnekort in Kaapstad op die planke is voordat dit internasionaal op toer gaan.

"Ek was in Maart 2020 laas op die teaterverhoog en wou graag weer 'n kans kry," sê sy.

Sy vertolk die rol van Grace, 'n Afrika-prinses wat uit haar land moet vlug wanneer 'n oorlog uitbreek. Sy beland sonder geld in die ysige en vuil hawegebied van New York, waar sy haar weg moet vind terwyl sy smag na haar geboorteland.

"Ek pak nou eers die karakter aan, maar haar egtheid en veerkragtigheid is iets waarby ons as Afrikane aanklank kan vind.

"Ons almal smag na ons tuiste, en die reis is 'n storie waarmee elke gehoorlid hom of haar kan vereenselwig."

> **"Ons almal smag na ons tuiste.**
> – Devonecia Swartz

Sy moes meeding met plaaslike talent en mense in New York vir die rol.

"Die oudisies was uitdagend en ek het boonop mangelontsteking gehad, maar dit was baie vervullend.

"Dis steeds vreesaanjaend, maar ek voel geëerd om Grace te vertolk. Ek sal my bes doen om haar skoene vol te staan."

Wat haar aangetrek het tot die produksie was die geleentheid om saam met die regisseur Peter Flynn te werk.

Sy het hom beïndruk en met haar eerste oudisie aangegryp in hoe sy Grace se krag en kwesbaarheid kon vasvang, sê hy in 'n verklaring.

"Haar stem is manjifiek en sy vertolk Alice (Gillham) se lirieke met insig en sorg."

Flynn is 'n bekroonde Amerikaanse teatervervaardiger en skrywer.

Van sy mees onlangse werk sluit in *The Eyes of the World* – 'n multimedia-simfoniese produksie oor die Tweede Wêreldoorlog in Carnegie Hall, New York.

Gillham, wat die musiekspel geskryf en gekomponeer het, sê in 'n verklaring Swartz is perfek vir die hoofrol vanweë haar pragtige, vars en diep stem.

"Sy is boonop 'n baie bekwame jong aktrise."

Die Amerikaners Míchel Castillo en Monica Tulia Ramirez vertolk die rolle van die broer en suster Rafael en Isabella, die kinders van immigrante in Amerika.

Grace raak verlief op Rafael en bevriend met Isabella en saam moet hulle oorleef en aan hul drome vasklou totdat Grace na haar geliefde Afrika kan terugkeer.

Gillham beskryf *Calling Us Home* as 'n storie wat op elke vasteland aanklank vind.

"Ons wou dit op die mees outentieke manier moontlik vertel.

"Ons wou met kunstenaars werk wat die storie op 'n persoonlike vlak, uit hul eie perspektief, lewe, geskiedenis en konteks, verstaan. Kunstenaars wat bereid is om te verken hoe liefde, hoop en 'n tuiste ons almal verenig."

*Calling Us Home* word van 15 tot 19 Februarie volgende jaar in die Kunstekaap in Kaapstad aangebied.

Die vertonings is van Woensdag tot Saterdag om 20:00 en Sondag om 14:00.

Die kaartjies kos van R190 tot R390 by Computicket of die Kunstekaap se Bespreek-'n-sitplekdiens by 021 421 7695.

Besoek www.callingushomemusical.com vir meer inligting.

■ Swartz is op die oomblik te sien in een van die hoofrolle in Netwerk24 se blitssepie *Minder as niks*.



**Devonecia Swartz, wat ook te sien is in Netwerk24 se blitssepie *Minder as niks*.**

# Jak de Priester HOOP so boek sal net lig bring

**AJ Opperman**

*ek HOOP so!* is die eerste aflewering in 'n reeks sakboekies wat die sanger en liedjieskrywer Jak de Priester uitgee.

In dié boekie vol kortverhale "skryf ek stories oor hoop en die lewe", sê De Priester.

Hy het die stories in die staat van inperking begin skryf om 'n perspektief op 'n vreemde en veranderende wêreld te kry.

"Dis nie 'n dik boek vol literêre kortverhale nie. Ek het besluit om dit klein te maak sodat 'n mens dit na konserte kan neem. Voorheen het mense CD's daarheen geneem. Nou bring ek my storietjies. Hierdie boekie is *close to home*. Ek hoop dit sal lig bring."

Dit word deur De Novo uitgegee.

De Priester, wat tans weer te sien is as die aanbieder van die tweede reeks van die kykNET-geselsprogram *Koppieteefontein*, wil volgende jaar 'n liedjieboek uitgee wat oor sy 20 jaar van liedjieskryf en die stories daaragter sal handel.

Die stories in *ek HOOP so!* is baie in die trant van die blog van *Koppieteefontein*. De Priester, bekend om treffers soos "Sally Williams nougat", "Groen mamba", "Roer jou voete" en die kykNET-sepie *Binnelanders* se temalied, woon deesdae in Somerset-Wes saam met sy vrou en drie kinders.

Hy het voorheen die kykNET-program *Reis na gister* aangebied.

Die sakboekies skryf en gee hy uit aan sy aanhangers.

"Dis 'n lekker aanknopingspunt om by my konserte met die mense wat van my werk hou, te gesels en ná die tyd 'n boekie te teken. Anders staan 'n mens maar net daar rond. Dit bring 'n konneksie en gesprek mee."

■ De Priester gaan op die eerste Afrikaanse Musiekindaba (30 November tot 3 Desember) in Stellenbosch sy konsert *20 jaar ná Sally* aanbied. Dit word op 1 Desember om 20:15 in die Drostdyteater gehou. Kaartjies is by Quicket.




***ek HOOP so!* deur Jak de Priester.**



**Jak de Priester**
Foto: ABRI KRUGER

'MINDER AS NIKS': WEEK 9

# Ami begin nou glo een persoon het al die meisies vermoor

**Candice Jantjies**

In week nege van Netwerk24 se blitsreeks *Minder as niks* sien ons dat Ami (Trix Vivier) steeds sterk staan. Al is daar weer by haar woonstel ingebreek en sy ná 'n skietaanval op haar motorfiets moes vlug in 'n spannende toneel wat byna op die silwerdoek tuishoort.

Sy kry weer 'n boodskap van haar pa, ds. Kobus Prinsloo (Deon Lotz), nou weer 'n verdagte in die balletmoorde, om versigtig te wees. Sy het 'n groot konfrontasie met hom daaroor en boonop moet sy aanvaar dat hy 'n verdagte is.

Gegewe die dood van haar suster was die ondersoek na die moorde van die begin af 'n teer saak vir Ami. Die feit dat die balletmoordenaar se taktiek met die moord op haar suster ooreenstem, dryf Ami tot raserny en die besef is ook 'n sielkundige tol by die vernuftige joernalis.

Daar is meer as 30 jaar ná die opspraakwekkende moorde nog vyf soortgelyke moordsake aangeteken sedert Ami en Roelien (Devonecia Swartz) met hul joernalistieke ondersoek begin het.

Ami is nou meer as ooit daarvan oortuig dat dit dieselfde misdadiger is van jare gelede en dat dié persoon al die meisies vermoor het, sowel as haar suster.

Haar emosie loop hoog en sy beskuldig selfs vir Paul (Dawid Minnaar) daarvan dat hy nie sy werk as speurder goed genoeg gedoen het nie en sodoende nie haar suster se dood verhoed het nie.

Roelien maak vordering met die twee DNS-monsters wat op van die moordtonele gevind is. Maar iets maak nie sin vir die verslagspan nie.

Dit behoort aan 'n vrou wat in 1999 na Amerika geëmigreer het en nie terug in die land was toe die daaropvolgende moorde gepleeg is nie. Dit is egter moontlik dat 'n persoon twee stelle DNS kan hê as hulle mediese prosedures ondergaan het.

Johan maak die rede bekend hoekom hy juis vir Ami genader het om sy onskuld te bewys.

Die hoofverdagtes is nou Kobus, Johan se dogter, Jolene (Antoinette Louw) en sy stiefseun, Riekus (Morné Visser).

## Onthou jy nog?

# Estelle en die Helderberg

**Dit is vandag presies 35 jaar sedert die nuus van die Helderberg-vliegramp op 28 November 1987 skokgolwe deur die land gestuur het. Albe Grobbelaar dink terug.**

Dit was met die rondsoek na 'n boek dat ek onlangs toevallig weer op *The Little Prince* in my boekrak afkom, die Engelse weergawe van Antoine de Saint-Exupéry se Franse kinderboek vir grootmense.

Die verhaal van die klein prinsie wat op sy eie planeet tydlose wyshede met almal uitruil. (Was dit die jakkals wat iewers vir die prinsie sê: "Dit is slegs met jou hart dat jy behoorlik kan sien; die onontbeerlike is onsigbaar vir die oog."?)

Met die deurblaai gaan my gedagtes ver terug. Dit was Estelle wat die boek destyds op skool vir my gegee het, 'n ewigheid gelede.

Estelle. Estelle met die hemelblou oë en die drome.

Ons het saam op die skoolbanke in matriek gesit, op Vryburg; saam in ons geliefde mentor, mnr. Koekemoer, se Afrikaans-klas Van Wyk Louw gelees, Opperman en Antjie Krog. Veral Antjie Krog.

Estelle en ek wat altyd meegeding het om die mooiste opstelle te probeer skryf. Stilletjies ons pogings om te dig vir mekaar gewys het. Hare altyd beter as myne. Daar het later van haar gedigte in die *Tydskrif vir letterkunde* verskyn.

Saam ook in die formidabele Mam, ons Engels-juffrou, se klas Shakespeare leer ken. En Robert Herrick: "Gather ye rosebuds while ye may, Old Time is still a-flying: And this same flower that smiles today, Tomorrow will be dying."

> **Ek het dadelik aan Estelle gedink toe die eerste nuus hieroor uitgesaai is. Daar was tog sekerlik geen kans dat sy juis op dáárdie vlug sou wees nie.**

Die dood is so ver van 'n mens af as jy nog kind en onskuldig is; as jy in matriek is en as jy drome droom.

Ná skool het ons kontak gehou, al het ons mekaar min gesien. Sy het 'n lugwaardin geword. Gereeld nog kleurryke poskaarte van ver lande af gestuur. En af en toe 'n gediggie.

Tot daardie oggend, Saterdag, 28 November 1987. Ek het die radio aangeskakel. Daar was 'n soektog aan die gang na 'n vermiste vliegtuig. Aanvanklik was daar min besonderhede bekend. Later het die skokkende verhaal begin ontvou.

Ek het dadelik aan Estelle gedink toe die eerste nuus hieroor uitgesaai is. Daar was tog sekerlik geen kans dat sy juis op dáárdie vlug sou wees nie. Die lugdiens het tog honderde vliegtuie en daar is duisende vlugte. Waarom sou sy op die Helderberg wees?

Die dood was eensklaps deel van my menswees toe dit bekend word dat sy wel op die Helderberg was. 'n Lugwaardin op Vlug SA 295 tussen Taiwan en Suid-Afrika. Haar man was ook lid van die vlugpersoneel.

Ek blaai stadig deur *The Little Prince*. Voorin is 'n poskaart wat sy vir my gestuur het uit Mauritius. (Dat dit juis Mauritius moes wees…) Die datumstempel is 28 Junie 1987, dag en datum vyf maande voor haar laaste vlug.

Estelle. Estelle met die hemelblou oë en die drome.

"In die nag," sê die klein prinsie voordat hy terugkeer na sy planeet, "in die nag as jy opkyk na die hemelruim, sal dit vir jou wees asof ál die sterre lag. Net jy sal sterre hê wat kan lag! En as jy oor jou verlies gekom het (want ons kom altyd daaroor), sal jy bly wees dat jy my geken het. Jy sal altyd my vriend wees."



**Grobbelaar is 'n radioman, afgetrede joernalistiek-dosent en rubriekskrywer wat daagliks die radiopraatjie *Historiese almanak* op Pretoria FM en MedFM aanbied.**



IGI Versekering
Rapport
Du Plooy se boksles – Sport-Rapport
SONDAG, 29 November 1987
DOODSVLUG 295!
SAA
DOOD: MAGDA KRUGER EN HAAR VERLOOFDE, DAVE ATTWELL
DOOD: FLEUR STRYDOM
DOOD: ANDRÉ SCHALEKAMP EN SY VROU, ESTELLE
Pare sterf saam in bemanning
Wrakstukke se stille getuienis
Estelle en André was net getroud
Bitter vlug na ramptoneel
Gunston – eg en reg na 'n man se smaak.





'n Gedenkbundel van Estelle Botha se gedigte, saamgestel ná haar dood deur haar broer, Daan Botha.









Estelle Botha sit regs voor. Die foto is tydens 'n skooltoer in 1973 geneem. Albe Grobbelaar staan tweede van links agter.



'n Besoek aan Tafelberg tydens die 1973-skooltoer. Estelle staan derde van regs met Albe langs haar (met die donkerbril en pet.)

## Breinknoop

1. In watter streek van Spanje is Bilbao 'n groot stad?
2. Hoe heet die rivier wat in die Tibettaanse plato ontspring en deur China, Birma, Laos, Kambodja, Thailand en Viëtnam vloei?
3. Wat is die naam van die korrelrige voedingstof berei van die setmeel uit die maniok of kassawe se wortels?
4. Ná hoeveel jaar as 'n politieke gevangene is wyle oudpres. Nelson Mandela vrygelaat?

**Antwoorde:**
1. die Baskeland; 2. Mekong;
3. tapioka; 4. 27.

## Vandag wat was

**Frik du Preez, Suid-Afrikaanse rugbyspeler, is 87 jaar oud.**



**137 jaar gelede (1885):** Die spoorlyn tussen Kimberley en Kaapstad word geopen.
**123 jaar gelede (1899):** In die Anglo-Boereoorlog vind die Slag van die Twee Riviere plaas. Lord Methuen voer die Britse soldate aan.
**118 jaar gelede (1904):** Die eerste vrou in die latere Suid-Afrika word tereggestel.
**35 jaar gelede (1987):** Die SAL-vliegtuig Helderberg stort naby Mauritius in die Indiese Oseaan neer. Al 159 insittendes sterf.

## Zitts





## Stoffel





## Hagar






## Groeipyne







## Crossword 276

**Across:**
1. Hunters (8)
5. Results (in sports games) (6)
9. Out of… (rusty) (8)
10. Instilled (with) (6)
12. Cream of the crop (5)
13. Very good (9)
14. Orderly (6)
16. Team court sport (7)
19. Determination (7)
21. Lessen (6)
23. Natural catastrophes (9)
25. Of the poorest quality (5)
26. … and stick (method of persuasion) (6)
27. Production of books, e.g. (8)
28. Play settings (6)
29. Letters, e.g. (8)

**Down:**
1. Salt and… (seasoning) (6)
2. Preparedness (9)
3. Loosen (5)
4. Shaky (7)
6. Finished (9)
7. Blush (5)
8. In a serene way (8)
11. Glance over quickly (4)
15. Optical instrument on a submarine (9)
17. As stated by (9)
18. Manufactures (8)
20. Flat (4)
21. Withhold (7)
22. Phases (6)
24. Talus (5)
25. In the… (ready and waiting) (5)

**Solution of 275**
**Across**: 1. fans; 3. vegetables; 10. inexact; 11. Beyoncé; 12. noisier; 13. wastes; 15. signs; 16. ambulance; 18 insurance; 21. usher; 23. ballot; 25. kimonos; 27. imitate; 28. abstain; 29. statements; 30. eyes.
**Down:** 1. friendship; 2. needing; 4. entertain; 5. elbow; 6. abyssal; 7. lantern; 8. stem; 9. habits; 14. represents; 17. breakfast; 19. stamina; 20. release; 21. utmost; 22. Hungary; 24. these; 26. oils.

# TV

**Maandag** 28 November



**Hou dop:** In die fliek *Batman & Robin* word aan 'n verhouding gewerk en moet gekeer word dat 'n stad vries. **(SABC2, 22:00)**

## SABC2

**06:00 Morning Live**
**09:00 50/50**
**10:00 Daddy 24/7**
**11:00 7de Laan**
**11:30 Muvhango**
**12:00 Uzalo (H)**
**12:30 Generations: The Legacy (H)**
**13:00 Skeem Saam (H)**
**13:30 The Estate (H)**
**14:00 Monk**
**15:00 Elias: Rescue Team Adventures**
**15:30 Takalani Sesame**
**16:00 The Epic Hangout III**
**16:30 The Tribe**
**17:00 Yu-Gi-Oh!**
**17:30 Nuus (Afrikaans)**
**18:00 7de Laan**
**18:30 Nuus**
**20:30 Leihlo La Sechaba**
**21:00 Muvhango**
**21:30 Black Tax**
**22:00 Batman & Robin (OL13GT)** ★★
Aksie, fantasie. Met Arnold Schwarzenegger, George Clooney en Chris O'Donnelly. (1997)
**00:00 Yu-Gi-Oh!**

*Alle inligting oor uitsaaitye, programtitels en -inhoud was teen druktyd korrek. Die inligting word van die skakelafdelings en publisiteitspanne verkry en word in goeie trou gepubliseer.
**A almal; **G** geweld; **H** herhaling; **OL** ouerleiding; **S** seks; **T** sterk taal en **N** naaktheid.
***TV-skedulenavrae:**
e.tv: 083 1222; SABC: 011 714 9797; M-Net: 011 289 2222.

## SABC3

**06:00 Expresso**
**09:00 The Ultimate Bookshow with Sihle**
**10:00 Wild Orphan Rescue**
**10:30 7de Laan**
**11:00 The Estate (H)**
**11:30 Generations – The Legacy**
**12:00 The Lost World**
**13:00 On Point (H)**
**14:00 Dreamchaser (H)**
**14:30 Sport Wrap (H)**
**15:00 The Ultimate Bookshow with Sihle**
**16:00 Hectic on 3 III (H)**
**16:30 Little Lunch**
**17:00 Meerkat Manor (H)**
**17:30 Dreamchaser (H)**
**18:00 Insider SA**
**19:00 The Estate**
**19:30 Bump**
**20:00 Nuus**
**20:30 Unfiltered**
**21:00 The Tropika Island of Treasure**
**22:00 Maxxx**
**22:30 Transplant**
**23:30 Sport**
**00:00 Bundesliga-oorsig**
**01:00 The Lost World**

## e.tv

**05:30 The Morning News**
**06:00 The Morning Show**
**08:30 Wrede stad (13)**
**09:30 Elif (13)**
**10:30 Verdeelde liefde (13)**
**11:30 House of Zwide (OL13) (H)**
**12:00 Scandal! (OL13) (H)**
**12:30 Imbewu: The Seed (13) (H)**
**13:00 Durban Gen (H)**
**13:30 eKasi: Our Stories**
**14:30 Cool Catz New Masters**
**14:55 Gabby's Dollhouse**
**15:20 Archibald's Next Big Thing**
**15:55 Transformers – Robots in Disguise**
**16:10 Paternity Court**
**16:35 Judge Judy**
**17:00 Isono the Sin**
**17:30 Doodsondes**
**18:30 Durban Gen**
**19:00 House of Zwide**
**19:30 Scandal! (OL13)**
**20:00 eNews**
**20:30 Isono the Sin (13)**
**21:00 Imbewu: The Seed (13)**
**21:30 Black Door**
**22:00 Hustle**
**23:00 Voëlvry**
**00:00 Mean Machine (16GT)** ★★★
Drama, komedie. 'n Voetbalspeler wat weens aanranding tronkstraf uitdien, lei gevangenes in 'n wedstryd teen bewaarders. Met Vinnie Jones, David Kelly en David Hemmings. (2001)

## M-Net

**Satelliet (DStv)**
**08:00 The Kelly Clarkson Show III (13) (H)**
**09:00 MasterChef Australia XIV (13) (H)**
**10:00 Chicago Fire X (13) (H)**
**11:00 Chicago Med VII (13) (H)**
**12:00 The Kelly Clarkson Show III (13) (H)**
**13:00 MasterChef Australia XIV (13) (H)**
**14:00 Walker II (13) (H)**
**15:00 Carte Blanche (13) (H)**
**16:00 9-1-1 V (13) (H)**
**17:00 The Kelly Clarkson Show (13) (H)**
**18:00 MasterChef Australia XIV (13)**
**19:00 The Good Doctor V (13)**
Seisoen begin.
**20:00 First Lady (16)**
**21:05 The Flight Attendant II (16)**
**22:00 City on a Hill III (18)**
**23:00 Law & Order: Organized II (18) (H)**
**23:55 Last Week Tonight with John Oliver IX (16 (H)**
**01:00 Ghosts (13) (H)**
**01:30 Chicago P.D. IX (18) (H)**
**02:30 Nancy Drew III (16) (H)**
**03:25 Evil III (16) (H)**


**Analoog**
17:00 Binnelanders, 17:30 Suidooster, 18:00 Satelliet-skedule.

## kykNET

**06:00 Die groot ontbyt**
**08:00 Die Boodskap: Vir jou lewensreis**
**08:15 Hopla**
**08:30 Kwêla 23 (H)**
**09:30 Oppiestoep 7 (H)**
**10:00 Dankie, Lottoland 5 (H)**
**10:30 Die Real Housewives van Pretoria (H)**
**11:30 Poena (H)**
**12:00 Koppieteefontein 2 (H)**
**12:30 Hier gaan ons alweer 21 (H)**
**13:00 Wanderlus 2 (H)**
**13:20 Die groenste vingers 2 (H)**
**14:30 Jan Braai vir erfenis 12 (H)**
**15:00 4x4 met André (H)**
**15:30 Winslyn 9 (H)**
**16:00 Met 'n huppel in die stap 12 (H)**
**16:30 Kwêla 24 (H)**
**17:30 Spreekkamer 2 (H)**
**18:00 Suidooster**
**18:30 Diepe waters**
**19:00 Nuus**
**19:30 Binnelanders**
**20:00 Poena**
**20:30 KN verslag 7**
**21:30 Fraksie (H)**
**22:30 Diepe waters (H)**
**23:00 Suidooster (H)**
**23:30 Binnelanders (H)**
**00:00 Die Real Housewives van Pretoria (H)**
**01:00 Kwêla 24 (H)**
**02:00 Fraksie (H)**
**03:00 Poena (H)**

## Via

**06:00 Nisboere (H)**
**06:30 Houvrou of trouvrou? (H)**
**07:30 Die Via-Kersmark (H)**
**08:30 Jan RSVP (H)**
**09:00 Mooi: Frankryk (H)**
**10:00 Kies die lewe (H)**
**10:30 Gesondheid, prontuit (H)**
**11:00 Minki (H)**
**12:00 Martelize se stamtafel (H)**
**12:30 Kies die lewe (H)**
**13:00 Plan van aksie (H)**
**13:30 Konings van kitskos (H)**
**14:00 Huisgenoot: Ware lewensdramas: Vlees en bloed (H)**
**15:00 Huisgenoot blokraaibestes**
**15:30 Gesondheid, prontuit (H)**
**16:00 Kom ons braai: Familie en vriende (H)**
**17:00 Gesondheid, prontuit (H)**
**17:30 Minki**
**18:30 Kies die lewe**
**19:00 Plan van aksie**
**19:30 Konings van kitskos**
**20:00 Huisgenoot: Ware lewensdramas: Vlees en bloed**
**21:00 Huisgenoot blokraaibestes**
**21:30 Uit die slaapkamer (H)**
**22:00 Jan RSVP (H)**
**23:00 Gesondheid, prontuit (H)**
**23:30 Minki**



## Blokraai 229

**Dwars:**
7. Skaamheid (13)
8. Kern (8)
9. Inspirasie (vir 'n skrywer) (4)
10. Skoon laken opsit (7)
12. Smal strokie (5)
14. Angste (5)
16. Tersiêre instelling (7)
19. Kug (4)
20. Ontroue eggenoot (8)
22. Grillerig (13)

**Af:**
1. Spook (4)
2. Gaan weg! (6)
3. Giftig (7)
4. Skop dít as jy sterf (5)
5. Skeikunde (6)
6. Soort witwyn (8)
11. … gooi (ontslae raak) (8)
13. Kookvertrek (7)
15. In so 'n mate (6)
17. Bemin (6)
18. Bedsprei (5)
21. Vir altyd (4)

**Oplossing van 228**
**Dwars:** 1. gelaai; 4. weblog; 7. denkbeeld; 9. edel; 10. kans; 11. kruid; 13. marmot; 14. grepie; 15. vullis; 17. matras; 19. April; 20. kaas; 22. knap; 23. inmenging; 24. takbok; 25. spring.
**Af:** 1. gekerm; 2. adel; 3. inkort; 4. woelig; 5. balk; 6. grasse; 7. deurblaai; 8. dampkring; 11. kofia; 12. draal; 15. vakant; 16. spreek; 17. misgis; 18. sappig; 21. snob; 22. knor.

Volksblad
# Sake
**MAANDAG** 28 NOVEMBER 2022
www.netwerk24.com
e-pos: sake@media24.com
☎Johannesburg 011 713 9000
☎Pretoria 012 485 9000
☎Kaapstad 021 406 2121
☎Gqeberha 041 503 6111
☎Bloemfontein 051 404 7600

HOFSAAK IN DUITSLAND

# Die aanklagte teen Jooste en kie

## Verliese glo met skyntransaksies verdoesel

**Nellie Brand-Jonker**

'n Klopjag einde 2015 op Steinhoff se kantore in die Duitse dorp Westerstede het so bynabyna die feesvieringe van die internasionale groep se notering op die Frankfurtse beurs versuur.

Op foto's van die notering op 7 Desember, waarop Christo Wiese, toe voorsitter, pryk, is Markus Jooste, gewese uitvoerende hoof, opmerklik afwesig.

Hy het op dié dag in 'n telefoniese onderhoud aan *Sake* gesê hy kon dit nie bywoon nie, want hy lê op sy rug in traksie nadat hy sy nek beseer het. Dokters het glo aanbeveel dat hy nie reis nie.

Steinhoff het die mark eers op 4 Desember 2015, drie dae voor die notering, oor die klopjag twee weke vroeër op 26 November op die kantoor van sy Duitse filiaal in Westerstede ingelig.

Jooste het gesê daar is besluit om dit die Vrydag voor die notering aan te kondig.

"Sulke dinge het 'n manier om uit te lek en ons wou nie die kans waag dat so iets belagliks die notering en die dag vir almal bederf nie."

Jooste het toe ook ontken dat hulle senuagtig is oor wat 'n "belastingondersoek" in die betrokke Duitse filiaal genoem is.

Hy het dit beskryf as 'n "klein gebeurtenis in Steinhoff se lewe en nie beduidend vir die groep nie".

Steinhoff het daarna regsadviseurs aangewys om ondersoek te doen en daar is kwartaalliks aan die direksie verslag gedoen aan dat geen fout gevind is nie.

Net twee jaar later, in Desember 2017, het die bom in Steinhoff gebars en het die maatskappy aangekondig dat hy weens ongerymdhede in sy boeke nie sy geouditeerde jaarstate kan uitreik nie.

'n Forensiese ondersoek is van stapel gestuur.

Jooste het onmiddellik bedank en al van die toneel af verdwyn.

Nou kan hy volgende jaar, dalk al in Maart, in 'n hof in Oldenburg verskyn op aanklagte in verband met vyf wetsoortredings, het die streekhof van Oldenburg Donderdag in 'n verklaring aangekondig.

Dit was eers ses aanklagte, maar die eerste aanklag het verjaar.

Dit handel oor wanvoorstellings in die finansiële state van filiale van die groep wat ook die groep se gekonsolideerde resultate beïnvloed het.

**Die beskuldigdes**

Luidens die verklaring, waarin die beskuldigdes se name nie bekend gemaak is nie, is die gewese uitvoerende hoof van Steinhoff International, wat 61 jaar oud is, een van die vier beskuldigdes.

Dit kan net **Markus Jooste** wees.

Hy en nog 'n buitelander (dus nie 'n Duitser nie) se hofsaak gaan apart aangehoor word van dié van die twee Duitse burgers wat ook betrek word.

Hulle is onderskeidelik 63 en 51 jaar oud en was albei besturende direkteure van Steinhoff Europe Group Services, waar die klopjag uitgevoer is.

Hulle kan geïdentifiseer word uit die datums wat hulle sekere poste beklee het, soos in die verklaring aangedui word.

Die 63-jarige is **Siegmar Schmidt**, wat tot 6 Oktober 2011 besturende direkteur van dié maatskappy was en tot 19 Oktober 2011 besturende direkteur van Tau Enterprises, nog 'n onderneming in Westerstede.

Die 51-jarige is **Dirk Schreiber**, wat ná Schmidt besturende direkteur van Steinhoff Europe Group Services en Tau Enterprises was. Schreiber was ook van 29 Maart 2012 af by Omega Enterprises, ook in Westerstede.

Die vierde beskuldigde (72), van die Britse Virginiese Eilande, was 'n trustee van 'n maatskappy wat hier betrek word. Hy is voorheen as die Brit **George Alan Evans** geïdentifiseer. 'n Foto van 'n paspoort van hom wat amaBhungane voorheen gepubliseer het, toon dat hy 72 jaar oud is.


*Sake* het die name voorheen by bronne gekry.




**In dié hof in Oldenburg in Duitsland gaan Markus Jooste, gewese uitvoerende hoof van Steinhoff, hom dalk in 2023 moet verweer teen strafregtelike aanklagte wat met die beweerde gekonkel met die groep se boeke verband hou.** Foto: FACEBOOK

### Hiér moet Markus Jooste op klagte antwoord

**Op 4 Desember 2015 het Steinhoff aangekondig 'n klopjag is op sy Duitse filiaal Steinhoff Europe Group Services uitgevoer. Die ondersoek het nou ver genoeg gevorder om in 2023 met die strafregtelike verhoor te begin.**




THEUNS KRUGER, Netwerk24 Grafika



**Die indrukwekkende gebou in Westerstede waar Steinhoff Europe Group Services se kantoor is. 'n Klopjag is in Desember 2015 hier uitgevoer, enkele dae voordat Steinhoff sy primêre notering in Duitsland op Frankfurt se aandelebeurs gekry het.** Foto: VERSKAF

**Wie word waarvan aangekla?**

In die verklaring word gesê Schmidt en Jooste word daarvan aangekla dat hulle gesamentlik 'n wanvoorstelling van die balansstate van Duitse maatskappye van die groep (aanklag 1) gemaak het.

Schreiber word in vyf gevalle (aanklagte 2 tot 6) daarvan aangekla dat hy 'n wanvoorstelling van Duitse maatskappye se balansstate gemaak het.

Jooste het Schreiber na bewering aangehits en Schmidt het hom na bewering gehelp.

Jooste en Schmidt word dus van aanhitsing of hulpverlening in die wanvoorstelling van die balansstate in die vyf gevalle aangekla.

Evans het na bewering in vier gevalle (aanklagte 2 tot 5) gehelp om wanvoorstellings van die balansstate te maak.

**Spesifieke aanklagte**

Die spesifieke bewerings handel oor skyn- of vals transaksies, insluitend met ontsabare bates en maatskappye asook oor die buitensporige waardasie van vaste bates. Die verweerders het glo met behulp van die transaksies verliese versteek, wat daartoe gelei het dat die Steinhoff-groep groter winste op sy boeke gewys het.

**Aanklag 1:** Luidens die verklaring voer die staatsaanklaer van Oldenburg aan dat 'n ongemagtigde verkoopsopbrengs van sowat €95,6 miljoen in die finansiële jaarstate van Steinhoff Europe Group Services van 2010 weens 'n skyntransaksie met ontsabare bates aangegee is.

**Aanklag 2:** Luidens dié aanklag het die filiaal Tau Enterprises – waarvan Schmidt en Schreiber besturende direkteure was – in sy state aangetoon dat hy 'n maatskappy vir €839,9 miljoen verkoop het.

Dit was 'n onaktiewe maatskappy wat verkoop is aan 'n maatskappy wat deur die trustee Evans besit is. Dit was na bewering 'n skyntransaksie wat Tau Enterprises gehelp het om in sy 2011-boekjaar 'n vals wins aan te meld.

**Aanklag 3 en 4:** Verdere vals transaksies het na bewering in die 2012-boekjaar plaasgevind as gevolg van die verkoop van aandele in 'n onaktiewe maatskappy aan 'n maatskappy van Evans.

Dit is in die balansstate van die twee filiale Tau Enterprises en Omega Enterprises weerspieël.

Met dié transaksies het Tau 'n bedrag van €16,2 miljoen en Omega €308,7 miljoen verkeerdelik as debiteure opgeteken.

**Aanklag 5:** In die 2013-boekjaar is die fiktiewe verkoopprys van die onaktiewe maatskappy, die onderwerp van die misdrywe in aanklagte 3 en 4, na bewering weer verhoog.

As gevolg hiervan het Omega Enterprises €332,5 miljoen aangeteken in sy boeke wat nog ontvangbaar is.

**Aanklag 6:** In die 2014-boekjaar van Tau is die waarde van eiendom aangetoon wat na bewering met €820 miljoen opgejaag is.

**Wat gebeur volgende?**

Tydens die Covid-19-pandemie is die hoofhofsaak teen die beskuldigdes geskei en Schmidt en Schreiber word saam aangekla, behalwe op aanklagte 1,.

Hul hofsaak sal na verwagting op 3 Mei volgende jaar begin.

Nog 'n verdere strafregtelike hofsaak is teen Schreiber ten opsigte van kredietbedrog begin. Dit is omdat hy glo as besturende direkteur van die Steinhoff-groep in twee gevalle doelbewus vals inligting aan banke verskaf het toe om lenings aansoek gedoen is.

Hy het die gekonsolideerde finansiële state van die groep aan banke verskaf waarin die wanvoorstellings was.

Hy het twee lenings van banke verkry – in Desember 2015 vir €680 miljoen en in Augustus 2016 vir €250 miljoen.

Die banke het op grond van die dokumente wat aan hul voorgelê is, 'n evaluering van Steinhoff se kredietwaardigheid uitgevoer waarin bevind is dat die roep van "top-beleggingsgraad" is.

Jooste en Evans se saak gaan na verwagting volgende jaar in die Europese lente in Duitsland begin. 'n Datum word nog bepaal.

■ Callie Albertyn, Jooste se regsverteenwoordiger van die firma DKVG, het oor die jongste verwikkelinge gesê soos voorheen het sy kliënt geen kommentaar nie.

■ Toe Jooste in 2018 voor die parlement getuig het oor die gebeure by Steinhoff, het hy die skuld op Andreas Seifert, 'n voormalige sakevennoot van Oostenryk, gepak.

Seifert was die mede-eienaar van die Europese afslagmeubelgroep Poco.

## Beurtkrag se impak op ekonomie tot 2024 'al hoe erger'

**Hanlie Stadler**

Die impak van beurtkrag op die ekonomie word al hoe erger hoe langer dit voortduur.

Dié impak gaan waarskynlik eers van 2024 af begin verminder namate nuwe opwekkingsvermoë wat nou opgerig word die kragnetwerk aanvul.

Dis die siening van Fitch Ratings, wat dié naweek die tweede kredietgradeerder geword het wat sy siening gegee het oor Suid-Afrika se vermoë om sy skuldbriefhouers te betaal.

Fitch het Suid-Afrika se graderings onveranderd gehou op BB-, drie vlakke onder beleggingsgraad op sy graderingskaal, en het ook die vooruitsig vir die gradering onveranderd gehou, op stabiel.

Standard & Poor's Global Ratings (S&P) het ook onlangs sy graderings en die vooruitsig daarvoor – in sy geval positief – onveranderd gehou.

Nog net Moody's Investors Service moet sy sesmaandelikse graderingsbesluit aankondig, maar daar word alom verwag dat dit ook onveranderd sal bly in die lig van die relatief positiewe mediumtermynbegrotingsraamwerk wat Enoch Godongwana, minister van finansies, in Oktober ter tafel gelê het.

Fitch en S&P se siening stem grootliks ooreen.

Fitch sê sy besluit neem die beter as verwagte belastinginvordering van die afgelope jaar in ag, asook die regering se "sterk pogings om besteding te beheer, wat, indien dit suksesvol voortduur, skuldstabilisering kan meebring.

"Op die oomblik aanvaar ons egter dat 'n groot deel van die onlangse hoër inkomste tydelik gaan wees en ons meen die huidige loononderhandelinge in die staatsdiens dui op opwaartse druk op besteding."

**Ekonomiese groei**

Fitch verwag ekonomiese groei van slegs 1,6% vanjaar – baie laer as die 2,1% wat die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) in Oktober voorspel het. Die Reserwebank het die afgelope week 1,8% voorspel en S&P 1,9%.

Vir 2023 voorspel Fitch soos die IMF en Reserwebank slegs 1,1%. S&P het 'n relatief optimistiese verwagting van 1,5%.

**Kommer oor infrastruktuur**

Fitch kap die "beperkte ambisie" van die staat se "hervormingsagenda" en die stadige inwerkingstelling daarvan, hoewel vordering gemaak word onder die vaandel van Operasie Vulindlela.

"Daar is ook 'n risiko dat die maatreëls om vervoerinfrastruktuur te verbeter, 'n kerndeel van die agenda, bloot die onderliggende agteruitgang teenwerk, aangesien verswakkende kapasiteitsprobleme te midde van stygende vraag mynbou-uitvoer vanjaar gekniehalter het."

**Tesourie te optimisties oor skuld**

Fitch is dit met S&P eens dat die tesourie se verwagtinge oor die begrotingstekort en staatskuld te optimisties is.

Fitch verwag dat die begrotingstekort teen Maart volgende jaar 5,1% van die bruto binnelandse produk (BBP) sal beloop en die volgende twee jaar naby dié vlak sal bly.

Die regering se verwagting is 4,9% in die lopende boekjaar wat teen 2025 tot 3,9% gaan daal.

Fitch se hoër tekort is omdat hy inreken dat salarisverhogings in die staatsdiens hoër gaan wees en omdat die regering se belastinginkomste weer gaan terugsak.

Waar die tesourie voorspel dat skuld-tot-BBP-vlakke vanjaar sy hoogtepunt van 71% gaan haal, meen Fitch dit gaan vanjaar dalk laer wees, op 68%, maar gaan teen Maart 2025 tot 75% styg. S&P voorspel dit gaan in 2025 tot selfs 79% styg.

Dis omdat die hoë wins van mynboumaatskappye van die afgelope paar jaar danksy hoër hulpbronpryse gaan verminder soos pryse daal.

Fitch is ook van mening die goeie prestasie van maatskappye in ander sektore, soos vervaardiging, is net tydelik.

"Die herstel van die belastingowerheid van die uitwerking van staatskaping kan 'n meer permanente faktor wees (wat belastinginvordering verbeter)."

**R350-toelae**

Selfs al hou die tesourie vol daar is nie geld om 'n permanente basiese inkomstetoelae in te stel tensy belastinginkomste volhoubaar styg nie, verwag Fitch dat die R350-toelae wéér verleng gaan word, tot Maart 2025.

Dié toelae waarvoor alle werklose volwassenes kan aansoek doen wat nie reeds enige ander staatshulp kry nie, is tydens die Covid-19-pandemie ingestel. Fitch meen dit gaan waarskynlik nie laat vaar word voor ná die algemene verkiesing van 2024 nie.

Fitch is bekommerd oor die enorme ongelykheid in Suid-Afrika, wat druk op die staat se besteding aan maatskaplike hulp kan laat styg.

**Eskom se skuld**

Soos S&P, is Fitch nie te bekommerd oor die feit dat die staat 'n groot deel van Eskom se skuld wil oorneem nie.

Fitch het dit al in sy somme ingereken.

S&P het gesê die plan om tot twee derdes van Eskom se skuld oor te neem kan goeie nuus wees, mits Eskom nie weer daarna vir reddingsboeie by die staat aanklop nie.

Besonderhede van die skuldplan gaan waarskynlik in Februarie 2023 se begrotingsrede aangekondig word.

Fitch beskou dit egter wel as 'n risiko dat Eskom benewens dié plan nog reddingsboeie sal nodig hê en ook dat ander staatsondernemings sal aanhou bakhand staan by die staat.

**Politieke faktore**

Fitch verwag, soos S&P, dat die ANC in 2024 vir die eerste keer sedert 1994 sy meerderheid in die parlement gaan verloor, maar die gradeerder beskou dit nie as 'n groot risiko nie. Die ANC sal waarskynlik danksy alliansies met kleiner partye aan die bewind bly.

**Reaksie van tesourie**

Die tesourie het in 'n baie kort verklaring kennis geneem van Fitch se graderingsbesluit.

"Die hoër as verwagte belastinginkomste sal gebruik word om die bruto skuldvereistes te verminder, bestedingsprioriteite te ondersteun en risiko's vir die fiskale vooruitsig te verminder. Die regering werk daaraan om die doeltreffendheid van besteding te verhoog en bly daartoe verbind om staatsfinansies op 'n volhoubare pad te plaas."

OUDITRESULTATE

# Vrot appels in staat uitgewys

## Verantwoordbaarheid is hier nodig, sê OG

**Francois Williams**

Daar is 'n stelselmatig verbetering in die ouditresultate van nasionale en provinsiale regerings, meen Tsakani Maluleke, ouditeur-generaal (OG).

Maar tot 25% van die entiteite kon nie die akkuraatheid of volledigheid bewys van die onreëlmatighede wat hulle bekend gemaak het nie, het Maluleke Woensdag gesê.

Onreëlmatige besteding van 'n totaal van R51,22 miljard het in die afgelope boekjaar by staatsentiteite voorgekom. Dié syfer kan wel groter wees omdat die entiteite se state nie altyd vertrou kan word nie.

Daar was ook kontrakte van R2,53 miljard wat weens onvolledige of gebrekkige inligting nie geoudit kon word nie.

By die bekendmaking van vanjaar se verslag oor nasionale en provinsiale staatsentiteite en ander staatsondernemings se ouditverslae het Maluleke 'n beroep op die regering gedoen om 'n kultuur van verantwoordbaarheid in die staatsdiens te vestig sodat dienslewering kan verbeter.

"Ons is versigtig optimisties, maar dienslewering, goeie prestasie en finansiële dissipline is nog nie duidelik by die entiteite wat die grootste impak op Suid-Afrikaners se lewe het nie."

Wat kommer wek, is dat die oudits van die groot entiteite wat dienste lewer, nie juis verbeter nie.

Net drie het skoon oudits ontvang.

Die belangrike diensleweringsportefeuljes, soos basiese onderwys, gesondheid, menslike nedersettings, openbare werke, vervoer en water en sanitasie, asook die staatsondernemings, is vir meer as 30% van die begroting verantwoordelik, maar hul ouditresultate is die swakste, sê Maluleke.

**Provinsies**

Die **Oos-Kaap** het die meeste skoon oudits in sy geskiedenis behaal. Daar is nou 11 skoon oudits in die provinsie, met vier wat hul oudits verbeter het.

Daar was ook 'n verbetering in **KwaZulu-Natal**.

Die **Wes-Kaap** het sy rekord behou met die meeste skoon oudits.

"Daar is 'n robuuste omgewing van beheer met 'n stewige en konsekwente patroon van goeie finansiële bestuur."

Dit lyk of die rekenpligtige amptenare en owerhede die toon aangee met 'n kultuur om die regte ding te doen en verantwoordbaarheid wat ingeprent word. In dié provinsie het 17 entiteite 'n skoon oudit gekry en 15 het hul status van 'n skoon oudit in die drie jaar volgehou.

In die **Vrystaat** het die getal entiteite met 'n skoon oudit van nul tot drie verbeter. Die provinsiale departement van samewerkende regering en tradisionele sake het vir die eerste keer 'n skoon oudit gekry.

In **Gauteng** was daar weens trae reaksie en 'n gebrek aan doeltreffende monitering 'n stagnasie wat ouditresultate betref. Tot 65% van die finansiële state in Gauteng was, vergeleke met 48% in 2019, wel sonder enige wesenlike foute.

**Limpopo** het in die afgelope drie jaar verbeter, maar die provinsiale departement van vervoer en gemeenskapsveiligheid het sy skoon oudit van die vorige jaar verloor.

In **Mpumalanga** is die ouditresultate wisselvallig.

In die **Noord-Kaap** het die getal skoon oudits van twee in 2019 tot vier verbeter.

**Noordwes** toon 'n effense verbetering, maar meer werk is nodig.

**Nuwe magte**

Maluleke benadruk die nuwe magte wat die OG ingevolge wetgewing het, stoomroller nie oor die verantwoordelikhede en pligte van direkteure van staatsondernemings en rekenpligtige amptenare van die departemente nie.

Die onreëlmatighede wat in die entiteite blootgelê is, wat met die OG se nuwe magte geoudit is, het 'n finansiële verlies van R12 miljard beloop, sê Maluleke.

Teen einde Augustus is 179 wesenlike onreëlmatighede geïdentifiseer waaroor die owerhede en rekenpligtige amptenare ingelig is.

Die feit dat departemente en staatsondernemings deesdae vinniger reageer op die bevindings en aanbevelings van die OG teenoor die trae reaksie in die verlede, wys volgens Maluleke dat die OG se nuwe magte doeltreffend is.

Die nuwe proses om kennisgewings oor wesenlike onreëlmatighede uit te reik, het reeds R636 miljoen se verliese verhoed, R14 miljoen se verliese is verhaal en nog R509 miljoen is in die proses om verhaal te word.

Die OG het talle staatseiendomme gevind wat verwaarloos is en leegstaan, maar pleks daarvan word private eiendom ten duurste gehuur.

In totaal het 128 entiteite (56 departemente en 72 staatsentiteite) vir die 2021-'22-boekjaar 'n skoon oudit ontvang. Maar dit verteenwoordig slegs 6% van die bestedingsbegroting van R2 580 miljard van al dié entiteite.

Dié met 'n skoon oudit maak sowat 30% van alle entiteite uit. Tesame met die 184 entiteite wat ongekwalifiseerde oudits met bevindings behaal het, beteken dit dat 74% van alle staatsentiteite relatief betroubare finansiële state kon voorlê.

Volgens Maluleke is geen sertifikate van skuld nog ingevolge die OG se nuwe magte uitgereik nie. Dit is waar die rekenpligtige amptenaar van 'n betrokke entiteit regstreeks vir finansiële verliese weens swak finansiële bestuur aanspreeklik gehou kan word.

Daar is wel sake wat die OG of die entiteite self regstreeks vir ondersoek na die presidensie se spesiale ondersoekeenheid verwys het.

Baie van die probleme wat die OG vind, is dat entiteite nie die betalingsiklus goed bestuur nie. Rekeninge word laat betaal of te veel word betaal, of tenders word toegeken aan iemand wat nie die beste bod ingedien het nie.

Teen 15 September was 26 oudits nog nie afgehandel nie.

Hiervan was 15 of 58% van staatsondernemings wat nog nie hul finansiële state ingedien het nie. Ses van die entiteite het hul state laat ingedien wat die afhandeling van hul oudits vertraag het.

Die OG se syfers wys daar was in die afgelope drie jaar R5,83 miljard se vrugtelose en verkwiste besteding.

**Staatsondernemings**

Onder die staatsondernemings het net twee, naamlik die Landbank en die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika, 'n skoon oudit ontvang.

Daar is drie staatsondernemings waaroor daar onsekerheid is of hulle 'n lopende saak is. Dit is die SAUK, die Landbank en die Onafhanklike Ontwikkelingstrust.

Die Poskantoor en die Kernenergiekorporasie (Necsa) het gewysigde ouditmenings ontvang omdat hulle nie genoeg bewyse gelewer het dat hulle 'n lopende saak is nie.

Volgens Maluleke sal Necsa, die SAUK en die Poskantoor se rekenpligtige owerhede moet ingryp, want dit beteken hul regrukplanne werk nie of word nie reg in werking gestel nie.

Daar is altesame R328 miljard se staatswaarborge aan die staatsondernemings.

Eskom hou steeds die enkele grootste fiskale risiko vir die staatskas in omdat hy meer as 80% van die staatswaarborge gebruik, sê Maluleke.

### Ouditresultate van openbare entiteite

**65** entiteite het verbeter sedert die vorige jaar
**41** entiteite het versleg sedert die vorige jaar
**114** entiteite het verbeter sedert drie jaar gelede
**46** entiteite het versleg sedert drie jaar gelede

| | Ongekwalifiseerde oudit met geen bevindings (skoon oudit) | Ongekwalifiseerd met bevindings | Gekwalifiseerd met bevindings | Ongunstig met bevindings | Afwysend met bevindings | Uitstaande of agterstallige oudits | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2018-'19 Laaste jaar van die vorige administrasie | 94 | 184 | 100 | 3 | 27 | 4 | 412 |
| 2020-'21 | 117 | 192 | 76 | 2 | 20 | 15 | 422 |
| 2021-'22 | 128 | 184 | 76 | 1 | 9 | 26 | 424 |
| | 30% | 44% | 18% | <1% | 2% | 6% | |
| 2021-'22 Bestedingsbegroting van R2 580 miljard | 6% | 45% | 15% | <1% | 1% | 33% | |

Bron: Ouditeur-generaal

THEUNS KRUGER, Netwerk24 Grafika

## Tribunaal moet sê of staat gas-invoerder mag oorneem

**Francois Williams**

Die staatsbeheerde Strategiese Brandstoffonds (SFF) wil Avedia Energy, 'n verspreider van vloeibare petroleumgas (VPG) wat tans in sakeredding is, oorneem.

Maar Sunrise Energy, wat 'n VPG-invoer-eindpunt by Saldanha bedryf, maak beswaar teen die SFF se planne om Avedia oor te neem omdat hy meen dit sal 'n oorheersende speler skep wat sy eie bedrywighede kan ondermyn.

Die Mededingingstribunaal het met 'n sitting begin waarin die voorgestelde oorname bespreek word.

Die SFF is 'n volfiliaal van die Sentrale Energiefonds wat onder die departement van minerale bronne en energie se toesig is. Die SFF se hooffunksie is om die land se strategiese olievoorraad te bestuur en hy bestuur ook die tenkplaasgeriewe by Saldanha wat hy aan private oliehandelaars verhuur.

Avedia voer ook VPG in en het gastenkgeriewe by Saldanha van waar hy VPG na nasionale groothandelaars en kleiner onafhanklike gashandelaars in die Wes-Kaap verkoop.

Simphiwe Gumede, markontleder van die Mededingingskommissie, het die voorwaardelike goedkeuring vir die samesmelting by die tribunaal aanbeveel.

Volgens Gumede het die kommissie nie enige wesenlike mededingingskwessies geïdentifiseer toe die samesmelting ondersoek is nie. Hoewel daar effense horisontale oorvleueling is tussen die SFF se sustersmaatskappy PetroSA en Avedia omdat albei VPG versprei, is Avedia tans in sakeredding en PetroSA produseer nie tans VPG nie.

Die gesamentlike markaandeel as SFF en Avedia sou saamsmelt, sal steeds klein wees.

Die SFF wil 'n 60%-belang in Avedia hê en die huidige aandeelhouers sal dan die oorblywende belang behou.

Omdat byna al die raffinaderye gesluit is, moet byna alle VPG vir die Wes-Kaap nou by Saldanha ingevoer word via 'n enkelboei-vasmeerpunt of die SFF se kaaigeriewe.

Sunrise voer egter aan hy het 'n ooreenkoms met die Transnet Nasionale Hawe-owerheid (TNPA) vir 'n eksklusiewe bedryfslisensie vir VPG-invoergeriewe in Saldanha so lank as wat hy aan die markvraag kan voldoen. Die ooreenkoms geld 27 jaar en Sunrise het sy aanleg in 2017 begin. Sunrise meen dus dit sal onbillike mededinging van 'n staatsonderneming wees as Avedia aan SFF se kaaigeriewe verbind word.

Gumede sê die Hawereguleerder van Suid-Afrika en die Nasionale Energiereguleerder (Nersa) ag nie Sunrise se ooreenkoms met Transnet as eksklusief nie.

Nersa het juis aan Avedia 'n lisensie gegee om VPG-geriewe te bou weens die jaarlikse gastekorte in die winter in die Wes-Kaap.

Volgens Nersa is daar 'n algemene tekort aan geriewe vir VPG-invoer en dit was belangrik om mededinging in die mark te verhoog deur aan Avedia 'n lisensie te gee.

Gumede voer aan Sunrise moet sy klagte eerder aan die TNPA, die Hawereguleerder en Nersa rig.

Die Mededingingskommissie se voorgestelde voorwaardes vir die samesmelting is dat SFF-Avedia se VPG-invoergeriewe ook ope toegang moet hê vir enige operateur. Die manier waarop operateurs toegang kan kry, moet op Avedia se webblad gepubliseer word.

Adv. Michelle le Roux het namens die SFF en Avedia aangevoer Sunrise het tans 'n monopolie op VPG-invoergeriewe in die Wes-Kaap en wil bloot die tribunaal gebruik om sy monopolie te behou.

Volgens haar sal die samesmelting juis broodnodige ekstra VPG-infrastruktuur moontlik maak. Dit is 'n voorbeeld van 'n openbare-private vennootskap.

Adv. Paul Farlam, namens Sunrise, het aangevoer daar is nie bewyse van ernstige gastekorte in die Wes-Kaap nie. Hy het gesê as die samesmelting daartoe lei dat Sunrise bankrot raak, sal dit tot nadeel wees van sy aandeelhouers, wat die Nywerheidsontwikkelingskorporasie en die Openbare Beleggingskorporasie insluit. Hy voer dus aan dat die samesmelting nie in die openbare belang is nie.

Die tribunaal se sitting duur tot vroeg in Desember.

## Sudoku

■ **Moeilikheidsgraad: Kafdraf**

Verskaf deur Anina Roux en Samantha McKendrick (xword@xword.co.za). Voltooi die rooster sodat elke ry dwars, elke kolom af en elke 3x3-kassie die syfers 1 tot 9 bevat. Dis al wat jy moet doen. G'n wiskunde is nodig nie. Die rooster is vol syfers, maar niks hoef bymekaargetel te word nie. Jy los die raaisel met logika en beredenering op. **Lees meer by http://wikipedia.org/wiki/Sudoku. Regs is Vrydag se oplossing.**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 4 | 8 | 6 | 9 | 2 | 5 | 7 | 3 |
| 9 | 5 | 2 | 7 | 3 | 4 | 1 | 6 | 8 |
| 7 | 6 | 3 | 8 | 1 | 5 | 9 | 4 | 2 |
| 2 | 9 | 6 | 1 | 5 | 3 | 7 | 8 | 4 |
| 5 | 7 | 4 | 2 | 8 | 6 | 3 | 1 | 9 |
| 3 | 8 | 1 | 9 | 4 | 7 | 6 | 2 | 5 |
| 4 | 2 | 9 | 3 | 6 | 1 | 8 | 5 | 7 |
| 8 | 1 | 7 | 5 | 2 | 9 | 4 | 3 | 6 |
| 6 | 3 | 5 | 4 | 7 | 8 | 2 | 9 | 1 |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 7 | 6 | | | | 1 | 5 | | |
| | | 9 | | | | 3 | | |
| | | | 6 | | 2 | 1 | 9 | |
| | 4 | | | | | 2 | | |
| 1 | | 6 | | 5 | | | 3 | |
| | | 8 | 4 | | | | | 6 |
| | | | 8 | | | 4 | 7 | |
| | 2 | | | 6 | 4 | 8 | 1 | 5 |
| 8 | 5 | | | | 3 | | | |

## Afpers-sindikate al hoe astranter, maar owerhede swyg



Die ontsporing van 'n steenkooltrein van 97 waens wat na Richardsbaai se uitvoerhawe op pad was, is die jongste van 'n reeks al hoe astranter voorvalle van ekonomiese sabotasie deur georganiseerde misdaadbendes.

Berigte oor afpersing vir finansiële of politieke gewin neem die laaste tyd toe en dit raak al hoe meer sektore, met die ekonomiese skade wat toeneem.

Bonginkosi Mabaso, waarnemende handelshoof van Transnet Freight Rail (TFR), sê Transnet verloor R55 miljoen per dag as sy steenkoolspoorlyn nie in bedryf is nie. Maar die oplopende uitwerking op die mynbou en ander bedrywe kan beteken die ekonomie verloor sowat R1 miljard per dag. Die Richardsbaai-steenkooluitvoerhawe word boonop beboet as hy nie sy uitvoerteikens haal nie.

Ebrahim Patel, minister van handel, nywerheid en mededinging, reken die wyer ekonomiese skade is tot R47 miljard per jaar.

Navorsing wys die ekonomiese koste van die skade aan en diefstal van Eskom, Transnet en Prasa se infrastruktuur en die gevolglike kleiner uitset van die mynbedryf beloop na raming R130 miljoen per dag, het Patel in September in die parlement gesê.

Die onlangse ontsporing is soveel te meer ysingwekkend omdat afpersingstaktieke gebruik is. "Ons is gedreig dat as ons nie op 'n sekere manier reageer nie, sal daar implikasies wees. 'n Dag nadat ons die laaste dreigement ontvang het, het die ontsporing plaasgevind," sê Mabaso.

Daarna het dieselfde of moontlik mededingende bendes onder die dekmantel van "sakeforums" na bewering die toegang versper vir vragmotors en masjinerie wat nodig was om die wrakstukke en puin van die toneel van die ontsporing op te ruim. Hulle het ook daarop aangedring om van die kontrakte by Transnet te kry vir die werk. Die opruimingswerk moes onder gewapende veiligheidstoesig plaasvind.

Dit is op sigself skokkend. Maar wat werklik kommerwekkend is, is die swye van die owerhede. Die media berig al hoe meer oor voorvalle van afpersingverwante misdaad en woorde soos die steenkoolmafia en konstruksiemafia het deel van ons woordeskat geword. Maar dit lyk nie asof dit genoeg is om enige soort amptelike reaksie te kry wat wys dat die wetstoepassingsowerhede en politieke leiers besef hoe ernstig die probleem is nie.

Hulle kan nie wegkruip van die onlangse verslag van die Global Initiative Against Transnational Organised Crime (GI-Toc) nie. Dit skets 'n afgryslike prentjie van Suid-Afrika en lys die land as vyfde in Afrika op die indeks vir georganiseerde misdaad en 19de internasionaal.

Die verslag gee 'n gedetailleerde ontleding van 15 onderling verwante en ingegrawe misdaadmarkte wat in bedryf is en wat geïdentifiseer word as die grootste bedreiging vir Suid-Afrika se demokratiese projek. Hierdie aanhaling uit die verslag verduidelik waarskynlik die rede vir die politieke gebrek aan belangstelling: "Korrupsie bestaan in baie van die verskillende staatsdepartemente, insluitend op senior vlakke in die polisie, vervolgingsowerhede en gevangenisdienste."

Die groeiende gebruik van afpersingtaktiek is veral beswarend. Namate meer en meer voorvalle van ekonomiese sabotasie sonder enige gevolge plaasvind en sonder enige melding daarvan deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens oor wat hulle daaroor doen, versprei die kanker. Dit raak nie net staatsondernemings nie, maar word ook al hoe algemener oor die private sektor heen en raak groot en klein sakeondernemings. Omdat hulle nie enige hulp van die owerhede kry nie, is daar 'n kommerwekkende tendens van mense wat "beskermingsgeld" aan die mafiabendes betaal.

Daar is ooglopend 'n skoonmaakproses in die polisie en al ons ander wetstoepassingsagentskappe nodig, insluitend die Valke. 'n Eksterne agentskap, dalk soortgelyk aan die Zondo-kommissie, is nodig, maar dit sal voldoende toegerus moet wees om die veiligheid en lewensbestaan van fluitjieblasers doeltreffend te waarborg. Bendeverwante sluipmoorde is nou al daaglikse nuus.

As 'n land sal Suid-Afrika diep moet gaan dink en konstruktiewe navorsing oor dié kwessie moet doen: Hoe verander jy 'n polisiediens soos ons s'n met meer as 150 000 mense, asook ander wetstoepassingstrukture?

Ons sal hierdie probleem moet aanpak, anders word dit net al hoe groter. Al die strukturele hervormings wat daarop gemik is om ons ekonomiese groeivooruitsigte te verbeter, sal ondermyn word as die oppergesag van die reg nie gehandhaaf word nie. Dit is waarskynlik die dringendste kwessie om op kort termyn te takel.

Wat ons voor ons oë sien gebeur, is die begin van 'n proses waar die onwettige ekonomie toenemend die wettige ekonomie uit die pad uit stamp. Daar moet nou volgens twee duur stelle reëls gespeel word; die amptelike wette oor die betaling van belastings, minimum lone ensovoorts, en die informele reëls oor beskermingsgeld of om selfs speelveld aan misdadigers af te staan. Dit sal uiteindelik slegs tot ons gesamentlike verarming lei.

Sulke misdadigheid kan oorwin word. In die GI-Toc-verslag word beklemtoon die keerpunt is nog nie bereik nie. Die doel met die risiko-beoordeling van Suid-Afrika is eerstens om die strategiese inligting oor te dra wat nodig is om strategiese optrede te ontlok om die bedreiging aan te pak. Tweedens is dit 'n beroep om optrede.

Beleidmakers van 'n groot verskeidenheid gebiede moet die werklike bedreiging van georganiseerde misdaad besef en vinnig optree. Dit is te afgryslik om te dink wat die gevolge gaan wees as daar nie verenigde en doelgerigte strategiese optrede is nie.

"Maar dit is nie 'n onoorkombare uitdaging nie," sluit die verslag af. "Met die regte leierskap, langtermyn- strategiese visie en hulpbronne en met stelselwye institusionele opknapping van sy misdaadbestrydingsagentskappe kan Suid-Afrika georganiseerde misdaad verslaan."

Ons het gewys ons kan grootskaalse sistemiese probleme takel deur die Waarheid-en-versoeningskommissie en die ondersoek na staatskaping. Ons kan dit weer doen om misdaad in ons wetstoepassingstrukture uit te roei. Ons kan nie bekostig om nié te probeer nie.

■ **Busisiwe Mavuso is uitvoerende hoof van Business Leadership South Africa. Volg haar op Twitter by @BusiMavuso2 om meer van haar meningstukke te lees.**

WILLEMSE OOR SKEPDOELE

# Bokke slyp vaardighede voor toets

## Dit was instink, sê losskakel ná wedstryd

**Hendrik Cronjé**

Instink het ingeskop toe Damian Willemse met twee komkommerkoel skepdoele in die Springbokke se toetsoorwinning van 27-13 oor Engeland Saterdag op Twickenham geslaag het.

"Ons het deur die week ons skepdoele geoefen," sê Willemse met 'n breë glimlag.

"In daardie twee oomblikke was dit instink. Ek het gevoel Engeland het goed verdedig en ons kon nie momentum kry nie.

"Ek het besluit om toe eerder terug te val en die telbord aan die rol te kry.

"Toe ek die bal tref, kon ek voel ek het hom in die middel getref. Ek is verheug dat ek tot die span kon bydra."

Dit was Saterdag in Londen die eerste keer sedert Morné Steyn twee skepdoele op 1 Oktober 2016 dat 'n Bok met twee of meer skepdoele teen Engeland slaag.

Jannie de Beer het op 24 Oktober 1999 op Twickenham met vyf skepdoele teen Engeland geslaag wat tot vandag toe nog die Suid-Afrikaanse rekord is.

Op 24 November 2006 het André Pretorius byna De Beer se rekord laat spat toe hy op Twickenham met vier skepdoele teen Engeland geslaag het.

Willemse het dus Saterdag volgens statistieke van die webblad genslin.us/bokke/ ook net die derde Bok geword om met twee of meer skepdoele teen Engeland op Twickenham sukses te behaal.

Die 24-jarige Willemse het sy beste vertoning van die jaar op losskakel in die eerste 40 minute van die toets gelewer. Dit was terloops die sesde agtereenvolgende toets wat hy op losskakel vir sy land begin het.

"Ek is baie tevrede," sê Willemse oor sy eie spel.

"Die voorspelers het my 'n uitstekende platform gegee. Als het net vanaand gekliek."

Willemse het saam met Faf de Klerk en Willie le Roux as die Bokke se speldrywers die afwisseling reggekry wanneer om te skop of wanneer om aan te val.

'n Tikkie spel deur Willemse nadat hy 'n lugskop van die Engelse losskakel, Marcus Smith, in sy eie kwartgebied gevang het, het juis tot een van die hoogtepunte van die toets gelei toe Kurt-Lee Arendse daardie beweging met 'n aanskoulike vyfpunter afgerond het.

"Krediet moet aan Kurt-Lee gaan wat baie goed met my gekommunikeer het," sê Willemse.

"Hy het vir my geskree om hom op die aanval te soek.

"Hy het daardie drie verdien vir die wyse hoe hy teruggeval het vir die hoë skop en toe weer by Willie aan te sluit om af te rond.



**Sweef soos 'n Arendse! Kurt-Lee Arendse seil Saterdag oor die doellyn vir die Springbokke se eerste drie teen Engeland.** Foto: AP

"Ek dink dit was 'n goeie spandrie."

Willemse sê al het die Bokke teen Ierland en Frankryk verloor, het hulle die Engelse tog met groot selfvertroue gepak.

"Ons het in Dublin nie ons geleenthede gebruik soos ons moes nie.

"Ons was trots op ons vertoning in Marseille oor die wyse hoe ons aanhou veg het, selfs toe ons net 13 spelers was.

"Italië het ons baie selfvertroue gegee in wat ons op die toer probeer het wat ons speelstyl betref.

"Ons het teen Engeland besluit om al ons kaarte op die tafel te gooi aangesien dit ons laaste toets was.

"Ek is egter regtig trots op die span. Ons wou graag hier op Twickenham wen aangesien dit onder meer 'n spesiale geleentheid vir Evan Roos en Manie Libbok was wat in hul eerste toetse (in die opdrafspan) hier gespeel het."

■ **Puntemakers: Suid-Afrika 27 (14): Drieë:** Kurt-Lee Arendse, Eben Etzebeth. **Doelskop:** Faf de Klerk. **Strafdoele:** De Klerk (3). **Skepdoele:** Damian Willemse (2). **Engeland 13 (3): Drie:** Henry Slade. **Doelskop:** Owen Farrell. **Strafdoele:** Farrell (2).

## Dié toekenning is vir my broer, sê Franco

**Hendrik Cronjé**

Franco Mostert het sy Speler van die Wedstryd-prys in Saterdag se toets op Twickenham teen Engeland aan sy verlamde broer, JP (Jean-Pierre) Mostert, opgedra.

Die 32-jarige Mostert was oudergewoonte uitstaande met sy hoë werkverrigting in 'n uitgedunde Suid-Afrikaanse span se pragsege van 27-13 oor Eddie Jones se troepe op 'n koue wintersaand in Londen.

"Ek is geseënd dat ek op my ouderdom nog so hard kan werk," sê Mostert oor sy V8-enjin.

"Alles gaan seker oor vir wat jy speel in die lewe. Ek speel ook vir my familie. Vir my broer JP wat verlam is," sê Mostert terwyl hy twee of drie keer sluk om sy trane terug te hou.

JP was in 2017 in 'n ernstige motorongeluk betrokke waarin hy verlam is.

"Sulke goed (soos my broer) maak 'n groot verskil. Jy moet eenvoudig vorentoe beweeg en jou talente uitleef wat die Here jou gegee het."

Mostert was saam met Bongi Mbonambi, Frans Malherbe en Eben Etzebeth die voorspelers wat teen die Engelse die vuur gestook het. Eintlik was die hele Bok-agttal puik.

Mostert het op Twickenham in sy 63ste toets gespeel nadat hy op 18 Junie 2016 as 'n plaasvervanger sy toetsbuiging teen Ierland gemaak het.

Die boorling van Welkom moes as 'n spesialis-vyfslot teen Engeland weer op seweflank instaan nadat Pieter-Steph du Toit vir twee toetse ná sy rooikaart teen Frankryk geskors is.

Mostert sê hy gee nie om in watter posisie of rol die Bokke hom kies nie.

> **Ek speel ook vir my familie. Vir my broer JP wat verlam is.**
>
> — Franco Mostert

"Vir my is die belangrikste om in die 23-tal te wees."

Mostert, Marvin Orie en Etzebeth was as rankers veral manjifiek teen Engeland.

Engeland se plan met Alex Coles op sesflank as teenvoeter vir Mostert agter in die lynstane het in die proses geboemerang.

Mostert, wat agterna verlig is dat Suid-Afrika sy toer op 'n hoogtepunt kon afsluit, sê hy en die voorspelers geniet die aanvallende spel van 'n agterspeler soos Kurt-Lee Arendse net so baie soos ondersteuners.

"Dis lekker om ouens soos Kurt-Lee Arendse, Willie le Roux, Damian de Allende, Jesse Kriel en ander agterspelers te hê. Hulle is ouens wat iets uit niks maak nie.

"Ek haal my hoed vir Kurt-Lee-hulle af."

Mostert kry ná die Engelse toets 'n blaaskans van sowat twee weke voordat hy na sy Japanse klubspan, Honda Heat, terugkeer.



**Franco Mostert was oudergewoonte 'n staatmaker in die lynstane teen Engeland op Twickenham.** Foto: AP

## Kriel en Carr laat Jake se Bulle trots glimlag

**Cobus Claassen**

Hoewel hy Saterdagaand op Loftus Versfeld toegegee het die Bulle was "te sag" op die verdediging en het effe teleurgestel in die tweede helfte, het Jake White nie met die witbrood onder die arm gekla nie.

'n Sege van 43-26 oor die Ospreys in die Verenigde Rugbykampioenskap (VRK), wat 'n oes van sewe drieë vir die Ligbloues ingesluit het, was nie te versmaai nie.

Die Bulle-breier het lof gehad vir sy spelers se vernuf op die aanval en dit was veral die regtervleuel, David Kriel, wat weer uitstaande was.



**David Kriel**

"Hy het twee drieë gedruk en twee gekeer met desperate verdediging. Die kaptein (Ruan Nortjé) het nou daaroor gepraat in die kleedkamer. Sy vertoning het almal in die span energie gegee.

"Hy was in die vorige wedstryd (teen die Haaie) die Speler van die Wedstryd en hy was waarskynlik vandag (Saterdag) weer naby daaraan."

Die 23-jarige Kriel vergestalt die moderne speler by Loftus.

"Sy veelsydigheid is van groot waarde. Hy het al heelagter, buite- en binnesenter gespeel en vaar nou uitstekend op vleuel.

"Hy is die laaste tyd 'n talisman in die groep," sê White.

Daar sal die week by Loftus besluit moet word of die Springbok Kurt-Lee Arendse, wat 'n puik jaareindtoer beleef het, 'n blaaskans gaan kry.

Die Bulle speel Saterdagaand op Loftus teen Cardiff en Canan Moodie en Sbu Nkosi sal ook vir die agterste drie oorweeg kan word.

White sal vir Kriel 'n plek in die agterlyn moet vind.

Die losvoorspeler Nizaam Carr is in sy eerste wedstryd terug vir die Ligbloues as die voorste speler op die veld gekroon.

"Nizaam het 'n groot verskil gemaak met sy tussenspel op die aanval. Hy is dankbaar dat hy weer 'n kans by ons kry ná wat by Wasps gebeur het. Hy het gesê hy sal ons op die veld daarvoor vergoed."

Die Ospreys is met 'n bonuspunt weg by Loftus en White sê hulle het die besoekers in die tweede helfte 'n kans gegee om selfvertroue te kry.

"Ons het 'n keer of wat die bal direk uitgeskop en ons verdediging was nie goed nie. In die eerste helfte het ons regtig goed gespeel, maar ons moes die momentum behou het. Dalk het ons ritme en samespel ingeboet nadat ons plaasvervangers opgestuur het.

"Ek is baie tevrede met ons aanvallende spel en jy kan sien die spelers geniet dit om die bal rond te gooi. Jy moet dieselfde ingesteldheid en begeerte hê wanneer jy verdedig. Ons moet dit aanspreek, want dit kan ons teen ander spanne kelder."

■ **Puntemakers: Bulle 43 (31): Drieë:** David Kriel (2), Nizaam Carr, WJ Steenkamp, Elrigh Louw, Ruan Nortjé, Zak Burger. **Doelskoppe:** Chris Smith (3), Morné Steyn. **Ospreys 26 (14): Drieë:** Jack Walsh, Tiaan Thomas-Wheeler, Keiran Williams, Rhys Henry. **Doelskoppe:** Walsh (3).

## Dobson sal lekker kies aan dié rugbyspanne

**Stephen Nell**

John Dobson, afrigter van die Stormers, se beker sal oorloop wanneer hy in die komende weke spanne moet kies vir 'n bepalende fase van die Kaapse span se Europese veldtogte.

Behalwe 'n voortsetting van die Verenigde Rugbykampioenskap (VRK), neem die Stormers ook hul eerste tree in die Europese Kampioeneliga.

Dis die regte tyd om die Springbokke Damian Willemse, Manie Libbok, Steven Kitshoff, Evan Roos, Marvin Orie, Frans Malherbe, Deon Fourie en Salmaan Moerat terug te kry.

Maar wie om waar in te pas?

Libbok is die Stormers se voorkeur-losskakel en Willemse die Springbokke s'n.

Dobson gaan sy internasionale sterre met hul terugkeer vroeg vandeesweek toets om vas te stel wie van hulle sal kan speel in Saterdag se wedstryd teen Wallis se Dragons in Gqeberha.

Nog 'n belangrike oorweging is dat die Stormers se twee wedstryde ná Saterdag albei in die Kampioeneliga sal wees – teen Clermont in Frankryk en London Irish in die Kaap. Dít is waar senior Bokke die nodigste sal wees.

Die afgelope naweek se wedstryd teen die Scarlets het Dobson 'n goeie blik op hul diepte gegee. Terwyl die Stormers op die aanval redelik moeiteloos 'n pad deur die Scarlets se verdediging gevind het in 'n oorwinning van 36-19, het die Walliesers nie die gehalte gehad om die Kapenaars se leemtes uit te buit nie.

Die grootste daarvan was die verdediging met die Stormers wat baie spasie aan die buitekant gelaat het vir die Scarlets om uit te buit.

Dit sal 'n ander storie wees wanneer Libbok en Willemse – waarskynlik onderskeidelik op losskakel en binnesenter – by die span inskakel.

Bygesê, die jong losskakel Kade Wolhuter het gewys dat die toekoms baie blink is. Hy kan ook met vrug as 'n heelagter ingespan word en dit sal geen verrassing wees as hy met die Stormers op volle sterkte gereeld in hul 23-tal draai nie.

Kaapse ondersteuners sal waarskynlik ook 'n blik op die Samoaanse veteraan Alapati Leiua op vleuel kry. Leiua het dié maand vir Samoa gespeel en kan op kort termyn dalk 'n beter opsie op regtervleuel as Angelo Davids wees. Davids is nog in 'n ontwikkelingsfase.



**Dan du Plessis was puik as die Stormers se binnesenter in die oorwinning oor die Scarlets in Kaapstad.** Foto: GALLO IMAGES

Dit gaan ook interessant wees om te sien tot watter mate die groter blootstelling op toetsvlak 'n verbetering in Moerat, Orie, Roos en Libbok se spel teweeg gebring het.

Wat die VRK betref, staan die Stormers redelik sterk – vierde met die Bulle wat slegs 'n beter punteverskil het en 'n enkele ligapunt agter Ulster in die tweede plek.

Nou keer die kampioenspan se Bokke op net die regte tyd terug.

■ **Stormers se program in Desember:**
3 Desember t. Dragons (Gqeberha);
10 Desember t. Clermont (Clermont-Ferrand, Frankryk);
17 Desember t. London Irish (Kaapstad);
23 Desember t. Bulle (Kaapstad);
31 Desember: t. Leeus (Kaapstad).

## Haaie gly op Cardiff-skil in sopnat Durban

**Marnus Kok**

Die Walliese klubspan Cardiff het die Haaie gister in 'n nat Durban 'n afgedankte loesing in die spanne se wedstryd in die Verenigde Rugbykampioenskap gegee.

Cardiff het die futlose en planlose Haaie met 35-0 verneder.

Waar die KwaZulu-Natallers verroes en ontuis op die nat veld gelyk het, was die teenoorgestelde waar van Cardiff. Cardiff het die tuisspan onder andere met rolmale, by die afbreekpunte en met doelgerigtheid op die aanval ore aangesit. Daarby het die Walliese span die Haaie se rolmale goed verdedig.

Die besoekers het reeds in die tweede minuut op die telbord gekom toe Jarrod Evans (losskakel) 'n strafdoel deur die pale gejaag het. Daarna was die Haaie meer as een keer in Cardiff se kwartgebied, maar kon dit helaas nie in punte omskep nie.

Teen die tyd dat die hemele se sluise oopgegaan en die reën hard uitgesak het, het dit gelyk of daar beslis nie 'n skouspel tussen die vier lyne gaan wees nie.

Die Haaie het sekerlik gedink die geluksgodin glimlag vir hulle toe Josh Turnbull, flank en kaptein van Cardiff, met 'n geel kaart afgestuur is vir 'n ontoelaatbare duikslag op Anthony Volmink (heelagter).



**Marnus Potgieter, vleuel van die Haaie, klap die bal oor die doellyn. Die skeidsregter het 'n strafdrie aan Cardiff toegeken en Potgieter met 'n geel kaart afgestuur. Thomas Young is die speler van die Walliese span.** Foto: GALLO IMAGES

Met slegs 14 spelers op die veld was die Walliese span steeds in beheer. Dit was grootliks omdat Lloyd Williams (skrumskakel) met slim skoppe sy span op die voorvoet gehou het.

Dinge het vir die KwaZulu-Natallers uitgerafel toe Marnus Potgieter (vleuel) met 'n geel kaart afgestuur is. Thomas Young, flank van Cardiff, het die bal vorentoe geskop in die rigting van die doellyn. Hy en Potgieter het saam geduik toe die bal by die doellyn was.

Frank Murphy, die skeidsregter, het beslis dat Potgieter die bal oor die doellyn geklap het. Potgieter is nie net afgestuur nie, maar Murphy het ook 'n strafdrie aan Cardiff toegeken.

Voordat die fluitjie vir rustyd geblaas het, het Evans 'n derde strafdoel deur die pale gejaag en Young het ook vir 'n drie oorgeduik. Ná 40 minute se speeltyd was die telling 23-0 in die besoekers se guns.

Dat daar hanteerfoute in 'n nat Durban gaan wees – die reën het later wel ophou – is 'n gegewe. Die Haaie het hulle egter baie meer kere as Cardiff aan bottervingers skuldig gemaak. Boonop was daar ook ander foute deur die Durbaniete – soos een van die afskoppe deur Boeta Chamberlain (losskakel) wat nie 10 m getrek het nie.

Dinge het ook nie in die tweede helfte vir die Haaie beter gegaan nie. Young het in die 49ste minuut gaan afrond van 'n rolmaalbeweging. Dit het die telling 28-0 gemaak.

Voordat die eindfluitjie geblaas het, het Ben Thomas (heelagter) ook 'n drie vir die besoekers gaan druk.

In die laaste kwart het die Haaie meer doelgerig gespeel en 'n paar keer gevaarlik op die aanval gelyk. Maar hulle het die wedstryd sonder punte afgesluit.

■ **Puntemakers: Cardiff 35 (23): Drieë:** Strafdrie, Thomas Young (2), Ben Thomas. **Doelskoppe:** Jarrod Evans (2). **Strafdoele:** Evans (3). **Haaie 0.**

# Bradbury wen Joburg-Ope met twee houe

Die 23-jarige onbesonge Engelse gholfspeler Daniel Bradbury, wat in slegs sy derde toernooi in die Road to Dubai-reeks gespeel het, het gister op die Houghton-baan sy eie sprokiesverhaal geskryf.

Bradbury, wat eers in Julie vanjaar 'n beroepspeler geword het nadat hy vyf jaar lank aan 'n Amerikaanse universiteit gestudeer het, was voor die Joburg-Ope 1 384de op die wêreldranglys.

Hy het eers 'n paar dae gelede 'n uitnodiging deur die borge ontvang om in Houghton af te slaan.

Bradbury het van die eerste ronde af voorgeloop en het op 263 houe (-21) geëindig nadat hy tellings van 63 66 67 en 67 op sy telkaart ingevul het.

Hy het drie houe voor die Fin Sami Välimäki geëindig wat tweede op 266 houe (-18) was, gevolg deur die twee Suid-Afrikaners, Christiaan Bezuidenhout en Daniel van Tonder, wat albei op 267 houe (-17) klaargemaak het.

Louis de Jager het op 269 houe vyfde geëindig.

"Dit gaan vir 'n hele paar dae nie insink nie," het Bradbury, wat van Yorkshire in Engeland afkomstig is, gesê voordat hy sy ma, wat die toernooi bygewoon het, omhels het.

Die keerpunt in die laaste ronde was op die sesde putjie toe hy in die moeilikheid was nadat sy bal tussen die bome beland het.

Hy het drie houe geneem om weer op die skoonveld net duskant die setperk te kom en het baansyfer met 'n lang kaphou gered.

Volgens Bradbury was hy ook 'n bietjie bekommerd nadat Välimäki 'n lang sethou op die kort 14de putjie ingeslaan het.

"Maar ek het op my eie spel gekonsentreer en geweet dat ek goed genoeg speel," het Bradbury ná sy oorwinning gesê.

Välimäki het op die 15de putjie nog 'n voëltjie aangeteken, maar Bradbury het kopgehou en op die 16de met 'n voëltjieset teruggeslaan om sy voorsprong weer tot drie houe te rek waar dit enduit gebly het.

Bradbury, wat in die eerste ronde die baanrekord van 63 houe geëwenaar het, het 24 voëltjies en drie arende in sy vier rondtes aangeteken.

Hy het met sy oorwinning spelersregte vir twee jaar in die Europese reeks (Road to Dubai) verwerf asook 'n uitnodiging om aanstaande jaar in die 151ste Britse Ope op Royal Liverpool te speel. **– Sportredaksie, europeantour.com**



**Die 23-jarige Daniel Bradbury nadat hy gister die Joburg-Ope gewen het.** Foto: GALLO IMAGES

NETBAL

# Proteas se trofee kos duur aan beserings

## SA wen uitdaagreeks

**Annchen Nel**

Suid-Afrika het 'n duur prys betaal vir sy verowering van die netbaltrofee in die Diamant-uitdaagreeks wat in Pretoria beslis is.

Die Proteas het Saterdag vir Skotland in die eindstryd met 54-36 getroef.

Twee belowende Proteas, Elmeré van der Berg en Nicola Smith, het egter verlede week beserings opgedoen en het nie in die eindstryd gespeel nie.

Dié twee 21-jariges sal Januarie se Vierhoekige reeks misloop, het Norma Plummer, die SA afrigter, Saterdagmiddag gesê.

Dié reeks in Kaapstad teen Nieu-Seeland, Australië en Engeland sou waardevolle internasionale ondervinding vir albei jongelinge gewees het.

Suid-Afrika het die reeks onoorwonne afgesluit en daar was belowende tekens met Plummer wat minder as twee weke gehad het om die spelers te slyp.

Twee oorwinnings oor Skotland en een oor Zimbabwe kan egter nie 'n maatstaf wees nie.

Die spelers kry nou 'n kort blaaskans voordat hulle in Stellenbosch saamtrek vir die laaste oefenkamp van die jaar.

Spelers wat verlede week vir die Presidentstwaalftal gespeel en Plummer se oog getref het, sal waarskynlik kans kry om saam met die Proteas te oefen.

Plummer en Nicole Cusack, 'n hulpafrigter, sal op 9 Desember na Australië terugkeer en ná die Nuwejaar na Suid-Afrika terugkom.

Plummer sê Proteas wat nie volgende jaar hul klubnetbal in Australië of Engeland speel nie, sal in Februarie 'n geleentheid kry om in Melbourne teen Aussie-spanne te speel.

Die klubseisoen begin reeds vroeg in Februarie.

In Maart sal daar 'n oefenkamp van twee weke wees.

"In April sal die spelers weer toetse ondergaan in Potchefstroom en in Dumisani (Chauke, die hulpafrigter) se hande wees," sê Plummer.

Die Nasionale Liga sal einde Maart begin.

Die kwarttellings in die eindstryd was 10-8, 24-20 en 35-28.

■ Suid-Afrika se uitnodigingspan, die Presidentstwaalftal, het Zimbabwe vroeër in 'n aanskoulike wedstryd met 49-43 geklop.

Die buurspan het in die tweede helfte teruggeveg, maar die tuisspan het vasgebyt. Die rustydtelling was 27-20.

■ Khanyisa Chawane is as die Speler van die Toernooi aangewys. Ine-Marí Venter is die Doelskieter van die Toernooi en Phumza Maweni die Verdediger van die Toernooi.

Die Skot Ione Christian is die Senterbaanspeler. Didintle Keebine van die Presidentstwaalftal is vereer vir die beste sportmangees.



**Die Protea-senterbaanspeler Khanyisa Chawane Vrydag in aksie teen die Presidentstwaalftal.** Foto: GALLO IMAGES

WB-sokkertoernooi



**Thomas Meunier (links) en Noussair Mazraoui hou gister die oog op die bal in die wedstryd tussen België en Marokko.** Foto: AP

# Marokkane knak België

**Sportredaksie**

België se sokkerspan, wat tweede op die wêreldranglys is, het gister gespeel soos 'n span wat 22ste is.

En Marokko, wat 22ste is, het gespeel soos 'n span wat tweede is.

Marokko het België in Doha, Katar, in hul Wêreldbekerwedstryd met 2-0 pak gegee.

Daar was reeds voor die wedstryd tekens dat die veelgeroemde en ervare span van België nie op sy beste is nie.

Die Belge het gesukkel om Kanada in hul eerste WB-wedstryd met 1-0 te klop, terwyl Marokko die tonge los gehad het met 'n doelgerigte gelykopuitslag van 0-0 teen Kroasië.

Die wyse waarmee die Atlas Lions van Afrika egter die Europeërs in die tweede helfte getroef het, was totaal onverwags.

In die eerste 18 minute het België die meeste balbesit geniet en 'n paar flouerige skote na Marokko se doelhok gewaag.

In die laaste deel van die tweede helfte het Marokko gevaarliker gelyk, maar hy het te hoog en te hard na die doelhok gemik.

Die uitsondering was Hakim Ziyech wat net voor die rustyd die bal verby Thibaut Courtois in die doelhok laat beland het.

Die skeidsregter het egter beslis dat twee van Marokko se spelers onkant was en die doelwagter se sig belemmer het.

In die tweede helfte het nog Marokaan vir Courtois met 'n inswaaiende bal verwar.

En dié keer was daar niemand onkant nie.

Dit was in die 73ste minuut. Waarmee kon België antwoord?

Niks. In ekstra tyd het Zakaria Aboukhlal die uitslag onderstreep met nog 'n doel.

Dit was 'n aand wat die Atlas Lions sekerlik nooit sal vergeet nie.

# Costa Rica verras Japan met 1-0

'n Doel heeltemal teen die verloop van spel het Costa Rica gister in staat gestel om Japan met 1-0 te klop in die Wêreldbeker-sokkertoernooi in Katar.

In 'n wedstryd wat heeltemal deur Japan oorheers is, het Keysher Fuller se doel in die 81ste minuut dié kragmeting op sy kop gekeer.

Japan het 'n fout begaan en die bal op 'n skinkbord aan sy teenstanders gegee, met Fuller wat vir die hoekie van die net gemik het en die bal wat regdeur die doelwagter se hande geglip het om 'n skokdoel aan te teken.

Japan, wat vyf veranderinge aangebring het aan die span wat Duitsland verras het, het die wedstryd op 'n belowende noot begin met 'n gretigheid om aanvallend te speel en homself op die voorvoet te kry.

Ná die eerste kwart van die wedstryd se spel verstreke was, het albei spanne egter ietwat onsamehangend begin vertoon.

Costa Rica, wat in sy eerste stryd met 7-0 deur Spanje afgeransel is, was vir groot dele in hul eie halfgebied vasgepen met Japan wat die druk probeer bou het, maar swak beheer van die bal het nie juis veel kans vir goeie geleenthede geskep om die agterkant van die net te vind nie.

Japan het vroeg in die tweede helfte vir Hiroki Ito en Takuma Asano opgestuur en dié twee veranderings het duidelik 'n positiewe uitwerking gehad.

Japan het in hul teenstanders se kwartgebied geboer en verskeie aanslagte geloods, maar kon net nie die deurbraak maak nie.

Tog het dit gelyk asof dit net 'n kwessie van tyd was voordat die Japannese hul oomblik sou kry, met Costa Rica se dissipline wat gelol het en Japan se Yuki Soma wat vir verskeie vryskoppe kon aantree. Ongelukkig vir sy span kon hy nie daardie broodnodige doel aanteken om iets vir al sy span se oorheersing te wys nie.

Toe breek Fuller se oomblik van glorie aan. **– Sportredaksie**



**Keysher Fuller**

# Kroasië hou kop ná Kanada se doel

Kroasië het gisteraand seker gemaak hy dring tot die volgende ronde van die Wêreldbeker-sokkertoernooi in Katar deur toe hy Kanada met 4-1 geklop het.

Vir die Kanadese, wat in 'n kort tydjie baie vriende met hul positiewe spel gemaak het, is dit egter neusie verby.

Hoewel hulle slae gekry het, het hulle seker gemaak hul wedstryd in Groep F teen Kroasië was darem nie vervelig nie.

Kanada se spelers het hul reputasie as 'n energieke en opwindende span – wat hulle in hul eerste wedstryd teen België gekry het – gestand gedoen.

Die wedstryd was net 68 sekondes aan die gang toe Tajon Buchanan 'n goeie dwarsskop loods wat Alphonso Davies met 'n kopstamp in Kroasië se doelhok gekry het.

Daar was nog opwindende oomblikke vir Davies en sy maats in die eerste deel van die eerste helfte, maar Kroasië se gesoute spelers het algaande die wedstryd begin oorheers.

Eers was dit Andreij Kramaric in die 36ste minuut en toe Marko Livaja in die 43ste minuut wat doele aangeteken het. Kramaric het in die 69ste minuut sy tweede doel aangeteken en in bykomende tyd het Lovro Majer weer vir die wenspan met 'n doel toegeslaan.

Kroasië kom Donderdag teen België te staan.

## TV-hoogtepunte

R=Regstreeks
H=Herhaling/Hoogtepunte

**Grandstand (201)**
**12:00:** Sokker: WB – Kameroen t. Serwië; **15:00:** Korea t. Ghana; **18:00:** Brasilië t. Switserland; **21:00:** Portugal t. Uruguay (alles R).

**Variety 2 (207)**
**09:00:** Hokkie: Nasiesbeker – Kanada t. Japan; **11:00:** Frankryk t. Ierland; **13:00:** Maleisië t. Korea; **15:00:** Suid-Afrika t. Pakistan (alles R).

**Variety 3 (208)**
**12:30:** Netbal: Diamant-uitdaagreeks – Presidentstwaalftal t. Zimbabwe; **14:00:** Suid-Afrika t. Skotland (H).

**Rugby (211)**
**11:20:** Engeland t. Suid-Afrika; **13:25:** Wallis t. Australië; **15:25:** VRK – Stormers t. Scarlets; **17:25:** Bulle t. Ospreys (alles H); **20:00:** SuperRugby (R); **21:00:** VRK – Leeus t. Dragons; **23:00:** Haaie t. Cardiff (albei H).

**Golf (213)**
**20:00:** Australiese PGA-kampioenskap; **22:30:** Joburg-Ope (H).

**Tennis (214)**
**21:45:** Davisbeker-eindstryd: Kanada t. Australië (H); **23:00:** Monterrey-toernooi, dag 1 (R).

## 24 uur

### Warriors gee pas aan; Titans en WP op hul hakke

Die Warriors is ná hul derde opeenvolgende oorwinning steeds die pasaangeërs in die plaaslike meerdaagse krieketreeks.

Maar die Titans en die Westelike Provinsie, met twee seges elk, blaas in die Oos-Kapenaars se nekke.

Die Warriors het die Dragons reeds Saterdag op die derde dag van die vierdaagse wedstryd in Gqberha met 239 lopies getroef danksy goeie vertonings met kolf en bal.

Die belowende jong kolwers Matthew Breetzke en Jordan Hermann het albei twee goeie kolfbeurte in die wedstryd gespeel. Breetzke het sy 112 in die eerste beurt opgevolg met 91 in die 2de beurt. Hermann het 48 en 61 in sy twee beurte geslaan om sy uitstekende peil dié seisoen voort te sit.

Marco Jansen **(foto)**, wat Donderdag saam met die Proteas na Australië vertrek vir die komende toetsreeks teen die Aussies, het met 6/80 geëindig.

Renaldo Meyer het 42 in Noordwes se 2de beurt aangeteken.

Die Warriors het die Paarl Rocks en Dolphins in die eerste twee rondes van die seisoen se reeks verslaan.

Die Dragons is vir 203 in hul 2de beurt uitgehaal.

Die Titans het die Jukskei-derby teen die Lions met 10 paaltjies gewen danksy 14 paaltjies deur Simon Harmer.

Dié wegbreekbouler, wat saam met Jansen Australië toe vertrek, het sy 7/83 in die Lions se eerste kolfbeurt met 7/64 opgevolg.

Nog 'n lid van die nasionale toetsgroep, Theunis de Bruyn, het 'n honderdtal in die Titans se eerste beurt aangeteken.

Die Lions is vir net 139 in hul tweede beurt uitgehaal en die Titans het die verlangde 44 lopies gekry sonder om 'n paaltjie te verloor.

Die WP het die Knights reeds Saterdag met 'n beurt en 155 lopies op Nuweland geklop nadat die besoekers vir 309 in hul 2de beurt uitgehaal is.

Die wedstryd tussen die Dolphins en die Rocks het onbeslis geëindig nadat dit meer as twee dae in Durban byna aaneen gereën het. **– Altus Momberg**



### Messi verskaf die vonk waarna Argentyne soek

Wie anders sou dit doen? Ná 65 minute waarin Argentinië se Wêreldbeker-drome in die weegskaal was, het Lionel Messi **(foto)** die span weer hoop gegee in sy Groep C-stryd teen Mexiko Saterdagaand in Doha, Katar.

Enzo Fernandez het die sege met 2-0 verseker met 'n puik doel in die boonste hoekie van die doelhok.

Javier Martinez (21) het slegs in sy vyfde wedstryd vir sy land gespeel.

Saoedi-Arabië het Argentinië in sy eerste wedstryd van die toernooi getroef. Dit het 'n sege in die wedstryd teen Mexiko uiters belangrik gemaak.

Dit het egter nie moontlik gelyk in die eerste helfte nie. Dit was nie 'n verrassing dat Mexiko verdedigend gespeel het nie, maar Messi-hulle kon ook nie aan die gang kom nie.

Dit was totdat hy 'n lang skoot in die linkerhoek van die doelhok ingedryf het om sy span die voortou te gee.

Argentinië het tot dusver nog glad nie onoorwinlik gelyk nie. Hy was baie kenners se gunsteling bo Brasilië.

Argentinië sal steeds Woensdag vir Pole in sy laaste wedstryd moet klop om seker te maak hy dring deur na die laaste 16. **– Sportredaksie**



## Uitslae

**Krieket**
TWEEDE EENDAGWEDSTRYD
(Hamilton)

**Nieu-Seeland t. Indië**
**Indië 98/1** (Shubman Gill 45*, Suryakumar Yadav 34*; Matt Henry 1/20).
■ **Wedstryd eindig onbeslis (reën).**

EENDAGWEDSTRYD
(Pallekete)

**Afganistan 228** (Rahmanullah Gurbaz 68, Rahmat Shah 58, Mohamad Nabi 41; Kasun Rajitha 3/31). **Sri Lanka 10/0.**
■ **Wedstryd eindig onbeslis (reën).**

PLAASLIKE MEERDAGREEKS

**Kaapstad**
**Knights 1ste beurt 111.**
**Westelike Provinsie 1ste beurt 575/7 verkl.** (Tony de Zorzi 304*, Yaseen Vallie 136, George Linde 46; Gerald Coetzee 4/117).
**Knights 2de beurt** (Raynard van Tonder 117, Pite van Biljon 71; Dane Paterson 3/48, George Linde 3/21).
■ **WP wen met 'n beurt en 155 lopies.**

**Gqeberha**
**Warriors 1ste beurt 381.**
**Noordwes 1ste beurt 116.**
**Warriors 2de beurt 17/5 verkl.** (Jordan Hermann 64, Matthew Breetzke 91; Delano Potgieter 3/26).
**Noordwes 2de beurt 203** (Delano Potgieter 38*, Duan Jansen 35, Renaldo Meyer 42; Marco Jansen 3/40).
■ **Warriors wen met 239 lopies.**

**Johannesburg**
**Lions 1ste beurt 354.**
**Titans 1ste beurt 449.**
**Lions 2de beurt 139** (Kagiso Rapulana 28; Simon Harmer 7/68, Lizaad Williams 3/34).
**Titans 46/0** (Neil Brand 18*, Dean Elgar 22*).
■ **Titans wen met 10 paaltjies.**

**Durban**
**Boland 1ste beurt 211.**
**Dolphins 1ste beurt 163/4** (Sarel Erwee 76, Jason Smith 36*; Shaun von Berg 3/70).
■ **Wedstryd eindig onbeslis (reën).**

**Gholf**
AUSTRALIESE PGA-KAMPIOENSKAP
(Brisbane)

**Voorste tellings ná laaste ronde (Australië, tensy anders vermeld): 270-**Cameron Smith 68 65 69 68; **273-**Ryo Hisatsune (Jap) 67 70 71 65, Jason Scrivener 65 67 74 67; **275-**John Parry (Eng) 71 70 69 65, Min Woo Lee 65 73 68 69; **276-**David Micheluzzi 68 68 71 69; 277-GReg Chalmers 71 69 71 66, Cameron Davis 70 73 66 68, Takumi Kanyana (Jap) 72 67 69 69, Sam Brazel 69 73 66 69, Masahiro Kawamura (Jap) 68 66 71 72.

JOBURG-OPE
(Houghton, Johannesburg)

**Voorste tellings ná die laaste ronde: 263-**Dan Bradbury (Eng) 63 66 67 67; **266-**Sami Valimaki (Fin) 66 65 66 69; **267-**Christiaan Bezuidenhout (SA) 68 64 69 66, Daniel van Tonder (SA) 69 63 67 68; **269-**Louis de Jager (SA) 67 65 70 67; **271-**Heinrich Bruiners (SA) 71 67 67 66, JJ Senekal (SA) 68 71 66 66, Dale Whitnell (Eng) 68 68 70 65; **272-**Casey Jarvis (SA) 67 63 71 71, Simon Forsstrom (Swe) 67 69 71 65, Tom Murray (Eng) 70 69 66 67, Romain Langasque (Fr) 65 67 70 70; **273-**Oliver Bekker (SA) 71 67 65 70, Nathan Kingsey (Eng) 66 66 74 67, Francesco Laporta (It) 67 69 68 69.

**Netbal**
DIAMANT-UITDAAGREEKS
(Pretoria)

**Eindstryd:** Suid-Afrika 54, Skotland 36. **Uitspeel vir derde plek:** SA Presidentstwaalftal 49, Zimbabwe 43.

**Tennis**
DAVISBEKER
(Malaga)

**Eindstryd: Kanada 2, Australië 0.**
**Enkelspel:** Denis Shapovalov (Kan) k Thanasi Kokkinakis (Aus) 6-2, 6-4; Felix Auger-Aliassime (Kan) k Alex de Minaur (Aus) 6-3, 6-4.

**Sokker**
WÊRELDBEKER-TOERNOOI
(Katar)

**Groep C:** Argentinië 2, Mexiko 0; Pole 2, Saoedi-Arabië 0.
**Groep D:** Frankryk 2, Denemarke 1; Australië 1, Tunisië 0.
**Groep E:** Japan 0, Costa Rica 1.
**Groep F:** België 0, Marokko 2; Kroasië 4, Kanada 1.

**Rugby**
VERENIGDE RUGBYKAMPIOENSKAP

Munster 24, Connacht 17; Leinster 40, Glasgow Warriors 5; Bulls 43, Ospreys 26; Ulster 36, Zebre 15; Stormers 36, Scarlets 19; Leeus 33, Dragons 25; Haaie 0, Cardiff 35.

FRANSE TOP-10

Stade Francais 12, Toulon 17; Perpignan 23, Bordeaux-Begles 20; La Rochelle 53, Castres 7; Paloise 22, Brive 6; Montpellier 35, Bayonnais 14.

ENGELSE PREMIERLIGA

Sale Sharks 25, Bristol Bears 20; Newcastle Falcons 24, Exeter Chiefs 21; Harlequins 21, Gloucester 12; Leicester Tigers 33, London Irish 31.

Volksblad Sport

Damian het skepdoele geoefen
bl. 14



Onbesonge Engelsman seëvier
bl. 15



Maandag 28 November 2022 | BL. 16 | Sportredakteur: Johann de Jager | Facebook: Sport24/koerante | Twitter: @Netwerk24sport

UITGEDUNDE BOKKE KLOP ROSE

# Afrigterspan slaag toer-toets

## Kolisi prys 'kollektiewe sinergie'

**Hendrik Cronjé**

'n Uitgedunde Springbokspan se oortuigende oorwinning van 27-13 oor Engeland op Twickenham het enige onsekerheid oor of Jacques Nienaber en Rassie Erasmus nog die afrigters tydens volgende jaar se Wêreldbeker-toernooi in Frankryk gaan wees by die kantlyn uitgeskop.

Tot voor die Engelse toets het 'n kans bestaan dat hulle posisies 'n agendapunt sal wees wanneer die hoofraad van die Suid-Afrikaanse Rugbyunie (Saru) vroeg in Desember vergader.

Nienaber-hulle het tot voor die Engelse toets vanjaar 'n wenrekord van 58% met sewe oorwinnings uit 12 toetse gehad. Vrese het boonop bestaan dat die Bokke November se toer ná nederlae teen Ierland en Frankryk met slegs een oorwinning uit vier toetse met 'n moontlike nederlaag op Twickenham sal afsluit.

Ná die sege op Twickenham sluit die Bokke nou die jaar met 'n 62%-wenrekord en die toer met twee uit vier oorwinnings af. Die Bokke se Engelse oorwinning was dus soos 'n vroeë Kersgeskenk vir Nienaber-hulle.

Weens omstrede voorvalle van die speelveld af soos tydens die toets teen die All Blacks in Mbombela met Elton Jantjies en Zeenat Simjee se beweerde kaskenades asook Erasmus se twiets ná die Franse toets, en die wenrekord van minder as 60% voor die Engelse toets, sou dit nie verbaas as die hoofraad hul loopbane as 'n agendapunt vir Desember se vergadering versoek het nie.

Mark Alexander, president van Saru, en sy uitvoerende hoof, Jurie Roux, was op toer. Hulle was deurentyd in kontak met Nienaber-hulle en van die rugbybase in Suid-Afrika.



**Siya Kolisi, die Springbok-kaptein, bedank die toeskouers ná die toets.** Foto: GETTY IMAGES

Die druk was tot voor Saterdag duidelik aan die opbou teen die Bokke se afrigtingspan.

Afgesien van die broodnodige sege oor Engeland, kon Rouxhulle die afgelope week Erasmus se verhouding met Wêreldrugby oor die prosesse tussen die afrigtingspanne en skeidsregters besleg.

Erasmus sal ná 'n vergadering met Wêreldrugby die beheerliggaam nou help met sy nuwe prosesse met die oog op volgende jaar se Wêreldbeker-toernooi.

Siya Kolisi, die Bok-kaptein, het ook ná die oorwinning sy stempel van goedkeuring vir die afrigtingspan gegee.

"Ek was in spanne waar dit verskriklik was en jy nie geweet het na wie om te kyk nie," sê hy.

"Ons is bevoorreg om 'n afrigtingspan soos Jacques-hulle te hê. Toe hulle in 2018 ingekom het met Rassie toe nog as die hoofafrigter, het hulle ons toegelaat om ons sê as spelers te sê.

"Hulle neem altyd die finale besluit met ons as spelers wat inkoop.

"Dis 'n kollektiewe ding. Dis waaroor ek mal is in die groep.

"Die sinergie wat in die span bestaan, is krities. As dit byvoorbeeld nie Jacques is nie, lewer iemand soos Felix Jones 'n bydrae."

Kolisi-hulle wil as spelers net aanhou leer en verbeter.

"Hulle as afrigters het geen ego's nie. As 'n speler met 'n voorstel kom en dit sal vir die span werk, het hulle geen ego's nie.

"Almal in die groep word toegelaat om te praat. Maak nie saak of jy nog in geen toetse of een gespeel het nie. Almal het 'n gelyke stem.

"Ons het die toer werklik geniet. Die oorwinning oor Engeland was regtig spesiaal.

"As ons egter na ons onderskeie spanne terugkeer, sal ons moet uithaal om die Wêreldbeker-groep (van 33 spelers) te haal."

Al het die Bokke slegs 'n 50%-wenrekord op toer gehad, is dit moeilik om hulle nie 'n slaagsyfer te gee vir November se toetse nie vanweë hul nuwe aanvallende speelstyl en wyse waarop hulle die diepte in die groep uitgebou het.

## Leeus wys hulle kan tuis ook hard brul

**Sarel van der Walt**



**Sio Tomkinson van die Dragons probeer die Leeus se Ruhan Straeuli gister in sy spore stuit in 'n wedstryd in die Verenigde Rugbykampioenskap op Ellispark.** Foto: GALLO IMAGES

Die Leeus het gistermiddag hul eerste tuiswedstryd dié seisoen in die Verenigde Rugbykampioenskap (VRK) gewen.

Hulle het die Dragons van Wallis op Ellispark in Johannesburg met 33-25 geklop.

Die rustydtelling was 19-6 in die Johannesburgers se guns.

Albei spanne het drie drieë gedruk. Die Leeus het 63%van die besit gehad en net agt duikslae verbrou teenoor die 22 van die besoekers.

Die groot held in die Leeus se oorwinning was sy puik losskakel, Jordan Hendrikse, wat "gedrop, gescore én geplace" het. Hy het 'n drie gedruk en met drie strafdoele, twee doelskoppe en 'n skepdoel geslaag om 21 punte aan te teken.

Hendrikse is as Speler van die Wedstryd aangewys en het groot toejuiging ontvang toe hy 12 minute voor die einde deur Gianni Lombard vervang is.

Dit was nie 'n wedstryd wat die getroue Leeu-ondersteuners wat in hul wit-en-rooitruie weekliks na Ellispark opruk, lank sal onthou nie.

Maar dit was 'n oorwinning en hulle sal hoop dat hul span nou weer momentum sal opbou voor hulle in die seisoen toe hy al drie sy oorsese wedstryde gewen het.

Ongelukkig vir die Leeus het hulle in al drie hul vorige wedstryde voor hul tuisskare vasgeval – teen die Bulle, Ulster en die Stormers.

Dai Flanagan, die Dragons se afrigter, het voor die kragmeting gewaarsku sy span kan nie bekostig om toe te laat dat die wedstryd los raak nie.

En dit is presies wat gebeur het.

Die Leeus het in die vierde minuut die voortou geneem danksy 'n strafdoel deur Hendrikse.

Twee minute later het die besoekers se losskakel, Sam Davies, die telling gelykop gemaak toe hy ook met 'n strafdoel geslaag het.

In die 12de minuut het Hendrikse 'n strafdoel van binne sy eie halfgebied sekuur deur die pale gestuur.

Kort daarna het Davies met sy tweede strafdoel geslaag om sake wéér gelykop te maak.

Emmanuel Tshituka (flank) het dié strafskop afgestaan toe hy 'n teenstander gepootjie het. Hy is ook met 'n geel kaart gestraf.

In dié tydperk het Hendrikse, toe die Leeus meedoënloos aangeval het, 'n skepdoel deur die pale geklits net toe dit begin lyk het of die Leeus nie sou deurkom nie.

Die Leeus het weer begin aanval en was naby die Dragons se doelgebied toe die Dragons se Ross Moriarty 'n geel kaart-oortreding begaan het. Die Leeus het dit uitgebuit en Ruhan Straeuli (flank) het die eerste drie gedruk. Hendrikse het wéér raak gekorrel.

Net voor rustyd het Hendrikse met sy derde strafdoel geslaag om die telling 19-6 te maak.

Die Leeus het in dié helfte 61% van die balbesit gehad.

Ná rustyd het die Leeu-senter Henco van Wyk 'n geel kaart gekry en dit het vyf minute ná rustyd liggies begin reën kort voordat Sio Tomkinson in die hoekie vir die Dragons gaan druk het.

Davies se doelskop was mis met die telling 19-11.

Hierna het Hendrikse ná groot druk van die Leeus gaan druk en sy eie drie verdoel. James Benjamin (haker) het hierna die Dragons se tweede drie gedruk en JJ Hanrahan, wat Davies in die tweede helfte vervang het, het verdoel om die telling 26-18 te maak.

Net toe die Leeu-ondersteuners moontlik begin vrees het die Leeus kan weer soos teen Ulster en die Stormers hul greep op die wedstryd verloor, het PJ Botha (haker) gaan druk. Lombard het met die doelskop geslaag.

Sekondes voor die eindfluitjie het die Dragons se Che Hope 'n mooi drie vir sy span gaan druk wat deur Hanrahan verdoel is, wat die telling op 33-25 te staan gebring het.

Franke Horn, puik agtsteman van die Leeus, is vroeg in die wedstryd deur Sibusiso Sangweni vervang nadat hy 'n enkelbesering opgedoen het.

■ **Puntemakers: Leeus 33 (19): Drieë:** Ruhan Straeuli, Jordan Hendrikse, PJ Smith. **Strafdoele:** Hendrikse (3). **Doelskoppe:** Hendrikse (2), Gianni Lombard. **Skepdoel:** Hendrikse. **Dragons 25 (6): Drieë:** Sio Tomkinson, James Benjamin, Che Hope. **Doelskoppe:** JJ Hanrahan (2). **Strafdoele:** Sam Davies (2).

## Bokke het bly glo in mekaar ná taai begin

**Hendrik Cronjé**

Geloof in mekaar, die wedstrydplan en afrigtingspan is waaraan Franco Mostert en sy spanmaats op toer vasgeklou het toe dit ná die nederlae teen Ierland en Frankryk gedreig het dat die Springbokke se wiele kan afval.

"Ek is baie verlig," sê Mostert ná die Bokke se spogsege van 27-13 oor Engeland op Twickenham.

"Ons was die afgelope week streng met mekaar. Ek weet ons het nie goed teen Ierland en Frankryk begin nie, maar ons het by die plan gehou. Ons het in Rassie (Erasmus)- en Jacques (Nienaber)-hulle bly glo."



**Franco Mostert**

Die oortuigende wyse waarom Mostert-hulle eindelik Saterdag in Londen die Engelse op 'n koue aand voor sowat 81 000 toeskouers kon omdop, is merkwaardig as in ag geneem word dat Suid-Afrika sonder spelers soos Vincent Koch, Trevor Nyakane, Lood de Jager, RG Snyman, Pieter-Steph du Toit, Jasper Wiese, Cobus Reinach, Handré Pollard, Frans Steyn, André Esterhuizen, Lukhanyo Am en Cheslin Kolbe vir sy laaste toets van die jaar klaargekom het.

Die Bok-spelers moes ook boonop byna daagliks die afgelope week lees hoe hul direkteur van rugby, Erasmus, deur veral die Britse gifpenne oor sy Twitter-plasings ná die verloortoets teen Frankryk gekap is in wat naderhand na 'n doelbewuste poging voorgekom het om onder meer die Suid-Afrikaanse span se fokus af te trek.

Mostert-hulle was dus vooraf onder enorme druk.

"Ons het vooraf gesê ons wil opstaan vir mekaar. Hard vir mekaar op die veld werk. Jy kon sien hoe die manne vir mekaar teen Engeland gewerk het," sê Mostert.

"Almal het voortdurend positief gebly, maak nie saak of dinge teen jou gegaan het nie.

"Jy vertrou eenvoudig net die ou langs jou, maak nie saak watter besluit hy maak nie. Ek dink Engeland was 'n goeie wen vir ons."

Ná die triomf op Twickenham en oortuigende oorwinning oor Italië, meen Mostert sy span het tog 'n slaagsyfer op toer behaal.

"Ons het as 'n groep beslis gegroei op die toer. Ons is op 'n goeie plek vir volgende jaar.

"Ja, ek gee die Bokke beslis ná die Engelse toets 'n slaagsyfer vir die toer.

"Dalk was dit vir ons goed om net-net teen Frankryk en Ierland te verloor.

"Dit is in daardie toetse wat ons die meeste geleer het met die oog op volgende jaar se Wêreldbeker-toernooi in Frankryk. Die harde toetse wat nie jou kant toe gaan nie.

"Rassie en Jacques het vir ons uitstekende diepte vir volgende jaar gebou."

Mostert-hulle het al vrede gemaak dat hulle nie almal tevrede sal stel met hulle spel nie, maar het bevestig dat hulle intern tevrede met hul vordering is.

Die spelers self geniet die aanvallende benadering wat die Bokke op toer ingeslaan het op soek na 'n sesde rat op die aanval met die oog op 2023 se rugbyskouspel in Frankryk.

"Ons is al so gemaklik met mekaar as 'n groep. Ons het al in soveel toetse saamgespeel.

"Dis regtig so maklik om by iets nuuts aan te pas, soos die aanvallende speelstyl. Dit was teen Engeland net lekker om Suid-Afrika trots te maak."

## Springbokke se 'Buffel' besig om Twitter-sensasie te word

**Hendrik Cronjé**

Die Springbok-vaskopstut, Frans Malherbe, is vinnig besig om 'n Twitter-sensasie te word vanweë sy weeklikse vyfstervertonings vir die Springbokke.

Die 31-jarige Malherbe was in die 51 minute wat hy in Saterdag se wentoets van 27-13 oor Engeland gespeel het, wéér 'n yster.

Die boorling van Paarl, 'n plat op die aarde mens en een van die gewildste spanmanne in die Bok-groep, het teen Engeland in sy 58ste toets sedert sy internasionale buiging op 9 November 2013 teen Wallis in Cardiff gespeel.

Dit was die 47ste toets dat hy begin het. Slegs Tendai Mtawarira in 102 toetse, Os du Randt in 75 en Jannie du Plessis in 58 is in meer toetse as stut in die Bok-beginspan ingesluit.

Suid-Afrikaners sien deesdae sy bydrae beter raak as vroeër in die vaskopstut met die bynaam, Buffel, se speeldae op toetsvlak.

Flip van der Merwe, die voormalige Bok-slot, twiet gister: "Goeiemôre almal, veral Frans Malherbe. Wie ook al die kaptein van die (Bok-)vlug terug is, hoop ek het die brandewyn-bestelling verdubbel. Hulle seer lywe sal medisyne benodig."

Rob Louw, die voormalige Bok-flank, is duidelik ingenome met Malherbe se bydrae op Twickenham.

Hy twiet oor Malherbe: "Die mees onderskatte speler in wêreldrugby! Wie het hom al ooit oorheers! @Fransmalherbe die Stilbaai-boytjie!"

Die SuperSport-kommentator, Philasande Sixaba, is net so beïndruk met Malberbe se bydrae teen Engeland.

"Frans Malherbe is die beste voorryman om die Springboktrui te dra," twiet Sixaba.

Die sportjoernalis Stephen Pettitt twiet oor Malherbe se vertoning op Twickenham: "Frans Malherbe het Maku Vunipola pas soos 'n strandstoel gevou."

Tik jy Malherbe se naam en van op Twitter se soekveldtog in, besef jy sy gewildheid is vanweë sy weeklikse oorheersing vinnig besig om onder rugbyondersteuners wêreldwyd toe te neem.

Malherbe, Bongi Mbonambi en Ox Nche was teen Engeland eenvoudig uitmuntend as skrumwerkers, baldraers, verdedigers en met hul spel by die afbreekpunte.

Later het Steven Kitshoff en Malcolm Marx die beginspanspelers se goeie werk voortgesit.

Thomas du Toit, die ander voorryman wat teen Engeland gespeel het, se toets is ongelukkig ná slegs drie minute se speelkans kortgeknip nadat hy 'n rooi kaart vir 'n gevaarlike duikslag gekry het.

■ **Bykomende bron: genslin.us/bokke.**



**Frans Malherbe was Saterdagaand weer die ene staatmaker vir die Springbokke se agttal in hul oorwinning oor Engeland op Twickenham.** Foto: REUTERS